# STADSRAAD VAN PRETORIA

## REDAKTEUR: SCHALK LE ROUX



## PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA VOLUME TWEE

hierdie boek behoort aan
schalk le roux uys
greyling argitekte
eerstestraat 7,
menlopark pretoria

Kopiereg © 1991

Eerste uitgawe, eerste druk 1991
Gedruk en gebind deur Stadsraad van Pretoria

Samestelling en versorging: Schalk le Roux en Nico Botes,
Schalk le Roux Uys Kruger Argitekte
Foto's: Philip Exter en Nico Botes
Foto's, ontwikkelling en druk: Detlef Base1
Historiese foto's: Fototeek, Stadsraad van Pretoria
Omslagontwerp: Nico Botes na 'n tekening van Gerrit Jordaan

ISBN 0-620-16179-5

**schalk le roux uys kruger**

PRETORIA
7 EERSTE ST
MENLOPARK
PRETORIA 0102
POSBUS 35853
TEL (012) 342-1015/6

BOKSBURG
IVH-SENTRUM
142 LEEUWPOORT ST
BOKSBURG 1480
POSBUS 543
TEL (011) 882-3111

JEFFREYS BAY
22 DIAS ROAD
JEFFREYS BAY 8330
TEL (0423) 93-2126

# PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA

'n OORSIG VAN HULLE ARGITEKTONIESE EN STEDELIKE BELANG

**VOLUME TWEE**
**DIE NOORDOOSTELIKE EN NOORDWESTLIKE KWADRANTE**

Schalk le Roux
Redakteur

en

Nico Botes

Publiseer en gedruk deur die Stadsraad van Pretoria
September 1991

# 1. VOORWOORD

Daar is 'n toenemende bewuswording by die algemene publiek van die waarde van ou geboue, strukture en plekke in die stadeomgewing. Die bewaring van dié elemente dien as die stad se "geheue" deur 'n beeld van die atmosfeer en leefwyse van vervloë tye te gee en verleen terselfdertyd 'n besondere karakter aan die stad.

Die Stadsraad van Pretoria het die belangrikheid van bewaring van elemente van Pretoria se verlede besef en in 1986 'n komitee onder my voorsitterskap in die lewe geroep om bewaringsinstansies met hul bewaringsaksies behulpsaam te wees – die sogenaamde "Komitee vir Nouer Skakeling tussen die Stadsraad en Bewaringsinstansies".

Voortvloeiend uit die werksaamhede van hierdie komitee, het die Stadsraad in 1989 konsultante aangestel om 'n inventaris van geboue, strukture en plekke van historiese en argitektoniese belang, op te stel. Die ondersoek bou egter voort op die prysenswaardige werk in hierdie verband wat oor die afgelope vyf jaar deur die Lystingskomitee van die Pretoria Argitektuurvereniging gedoen is. Hulle verelag is die produk van hierdie grootse poging om die bewaring van Pretoria se geboue-erfenis op gesonde voet te plaas. Dit het die suidoostelike kwadrant van die middestad gedek en is deur die Stadsraad gepubliseer.

Namens die Stad Pretoria wil ek my dank en waardering aan die Pretoria Argitektuurvereniging betuig vir die omvang en gehalte van werk wet vrywillig gelewer is.

Hierdie verslag, wat 'n tweede gedeelte van die middestad as studiegebied het, sal saam met dié van die Argitektuurvereniging en opvolgende verslae, as onontbeerlike hulpmiddele dien in die ontplooiing van die Stadsraad se bewaringsbeleid en in die voortgesette pogings om 'ou' Pretoria te bewaar.

J N REDELINGHUYS
STADSKLERK

# 2. INHOUD

2.1 Voorwoord ........ i

2.2 Inhoud ........ ii

2.3 Inleiding ........ iv

2.3.1 Plaaslike belang ........ vi
2.3.2 Kriteria ........ viii
2.3.3 Aanbevelings ........ viii
2.3.4 Bedankings ........ ix

2.4 Die Lyste ........ 1

2.5 Noordoostelike kwadrant ........ 2

2.5.01 Kerkstraat ........ 5
2.5.02 Vermeulenstraat ........ 14
2.5.03 Proesstraat ........ 18
2.5.04 Shepherd- en Brownstraat ........ 21
2.5.05 Strubenstraat ........ 22
2.5.06 Bloedstraat ........ 25
2.5.07 Boomstraat ........ 27
2.5.08 Paul Krugerstraat ........ 31
2.5.09 Andriesstraat ........ 35
2.5.10 Queenstraat ........ 38
2.5.11 Van der Waltstraat ........ 39
2.5.12 Prinsloostraat ........ 42
2.5.13 Du Toitstraat ........ 45
2.5.14 Dorlasstraat ........ 48
2.5.15 Edwardstraat ........ 49
2.5.16 Riverdale ........ 51
2.5.17 De Waalstraat ........ 52
2.5.18 Moscastraat ........ 54
2.5.19 Margarethastraat ........ 55
2.5.20 Lewisstraat ........ 56
2.5.21 Lys van waardevolle element in die noordoostelike kwadrant ........ 57

2.6 Noorwestelike kwadrant ........ 60

2.6.01 Paul Krugerstraat ........ 64
2.6.02 Bosmanstraat ........ 67
2.6.03 Fehrstraat ........ 71
2.6.04 Schubartstraat ........ 72
2.6.05 Boothstraat ........ 75
2.6.06 Potgieterstraat ........ 76
2.6.07 Kerkstraat ........ 78
2.6.08 Vermeulenstraat ........ 82
2.6.09 Proesstraat ........ 87
2.6.10 Strubenstraat ........ 90
2.6.11 Standstraat ........ 92
2.6.12 Bloedstraat ........ 93
2.6.13 Grandstraat ........ 95
2.6.14 Boomstraat ........ 96
2.6.15 Lys van waardevolle elemente in die noordwestelike kwadrant ........ 100

2.7 Vier Essays

2.7.01 Pretoria – die noordoostelike kwadrant: Gerrit Jordaan .......................................... 103
2.7.02 Pretoria se eie Braak: Mauritz Naudé ...................................................................... 106
2.7.03 Noordwestelike kwadrant: Louw van Biljon ........................................................ 109
2.7.04 Stedelike hernuwing: Reinier Visser ...................................................................... 110

2.8 Bibliografie en ander bronne ..................................................................................... 114

2.9 Bylae 1: Aanstellings brief van die Stadsraad ...................................................................... 116

# 3. INLEIDING

Die reaksie op die publikasie van die PAV-lys (Le Roux, 1990) het ons onkant getref. Die belangstelling, veral van die sogenaamde leke-publiek, was onmiddelik en one is aangemoedig om die studie voort te sit, maar ook gekritiseer oor weglatings, insluitings of vae en foutiewe historiese feite. Hierdie inligting was waardevol en kan geïnkorporeer word sou die lys herdruk word. Die ongeveinsde belangstelling is egter van veel meer waarde omdat dit die navorsers onderskraag in 'n studie wat nie altyd aangenaam of opwindend is nie, en die besluit van die Stadsraad van Pretoria om die lystingspoging self verder te voer onderstreep. Ons nooi almal om ook hulle reaksie op hierdie volume met ons te deel.

Hierdie lys verteenwoordig die bevindinge van 'n studie wat tussen Januarie en Mei 1990 en weer tussen Februarie en Julie 1991 gedoen is om plekke en geboue van belang in die stad uit te soek. Dit is gedoen in opdrag van die Stadsraad van Pretoria. 'n Verslag wat die noordoostelike kwadrant aanvat is reeds in Junie 1990 aan die Stadsraad voorgelê.


Die aksie van die Stadsraad volg op die van die Lystingskomitee van die Pretoria Argitektuurvereniging wat oor die laaste vyf jaar veral in die middestad, Arcadia en Sunnyside by die ondersoek van plekke en geboue betrokke was. Die lys van die PAV soos genoem is in 1990 deur die Stadsraad van Pretoria gepubliseer.

Dié publikasie dek die tweede en derde gedeeltes van die middestad soos gedefinieer. Kyk figuur 3.1. Dit word begrens deur Kerkstraat (suid), Steenovenspruit (wes) en die Apiesrivier aan die noorde- en oostekant.

Met die aanvaarding van die opdrag is die Stadsraad daarop gewys dat die uitgangspunt stedelik en argitektonies sal wees, dit is daardie aspekte van die bepaling van die belang van plekke waar die navorsers hulself tuis en bevoeg voel om besluite te neem. Nóg die begroting, nóg die tyd beskikbaar maak dit moontlik om vaste besluite oor die historiese, kulturele en maatskaplike kriteria te neem. Kyk Bylae 1.

Dit is belangrik om hierdie uitgangspunt te benadruk. Daar is oor die algemeen 'n groot tekort aan inligting rakende die minder indrukwekkende plekke, in teenstelling met die baie en dikwels herhalende beskrywinge en geskiedenisse van die prominente landmerke. Binne die beperkings van die begroting en die tyd wat vir die studie beskikbaar was, is dit nie gerade ge-ag om die gebrekkige kennis deur deeglike ondersoek van die titelaktes en stadsrekords aan te vul nie. Hierdie aanvegbare, maar volgens ons mening noodsaaklike, besluit het tot gevolg dat die visueel waarneembare voorkeur geniet, terwyl die ewe belangrike genoemde kriteria nie altyd hulle regmatige plek gegun word nie. Soos met die PAV-lys is hierdie benadering nie doelbewus eksklusief nie – en die kriteria speel wel 'n rol waar hulle ondersteun kan word – maar realisties en pragmaties. Die genoemde kriteria behoort in die toekoms op hierdie lys van toepassing gemaak word deur persone wat deeglik in die historiese dissipline onderlê is.

Wat is hierdie lys en die waarde daarvan dan? Miskien word dit duideliker deur te sê wat dit nie probeer wees nie. Dit is nie 'n volledige lys van die plekke en geboue van moontlike belang nie. Dit het geen pretensie tot finale besluite oor die belang van geboue en plekke in hierdie deel van die stad nie. Dit is, soos verduidelik, nie 'n lys waarin al die moontlike kriteria ewe belangrike rolle gespeel het nie. Dit is nie 'n lys van plekke wat noodwendig in die toekoms bewaar sal of moet




LE ROUX, S.W. 1990. Plekke en geboue van Pretoria, Vol 1. Pretoria: PAV.

SCHALK LE ROUX UYS KRUGER ARGITEKTE. 1990. Plekke en geboue van belang in die voorstad Trevenna/Arcadia. Verslag aan Stadsraad van Pretoria. 52p

SCHALK LE ROUX UYS KRUGER ARGITEKTE. 1990. Marabastad of die Asiatiese Basaar. Verslag vir die Raad vir Nasionale Gedenkwaardigehede. 50p

Vervat in hierdie dokument

**Figuur 3.1 Grense van die Pretoriase middestad soos vir hierdie studie gedefinieer met gebiede reeds gelys aangedui**

word nie.

Hierdie is 'n werklys. Dit is 'n voorraadopname van wat uit die verlede in die toekoms kan saamgaan, daardie toekoms kan rig. Dit is 'n inventaris van stedelike elemente en die wegspringplek vir verdere bewaringstudies, bewaringsaksies en -strategieë. Dit bevat die elemente wat ons glo die huidige kwaliteit van die middestad help bepaal. Dit is ook die elemente wat versigtig in die oog gehou moet word met die toekomstige ontwikkeling binne die gebied. In vele gevalle is hulle potensiële belang meer as hul huidige, dit is, sou hulle in die toekoms deur sensitiewe en doelgerigte beplanning binne die stadsweefsel verhef kan word.

Hierdie is 'n werklys tot 'n debat. Dit is noodsaaklik dat almal wat omgee en 'n bydrae kan maak die lys onder oë kry, dit deeglik deurwerk, tot die lys of die inligting daarin vervat sal bydrae of sal wegneem en die metode sowel as die besluite sal kritiseer met die doel om uiteindelik 'n verantwoorde lys daar te stel wat Pretoria se ryk verlede en sy ontwikkelende groei eer sal aandoen. Die begin is eenvoudig en sonder enige aanspraak. Die eindproduk hoort 'n volledige Register te wees waaroor Raad, bewaarder en ontwikkelaar sal kan saamstem, en wat gebruik sal kan word tot voordeel van die stadsomgewing en sy mense.

Bewaring is dikwels gedefinieer. Vandag is die mees aanvaarbare definisie moontlik dat dit die kontrole van die pas en kwaliteit van verandering in die omgewing ten doel het. Op stedelike skaal beteken dit 'n strewe na die bepaling, die verstewiging en die uitbouing van die karakter van die hele stad. Hierdie impliseer eerstens dat die stad intiem geken moet word deur hulle wat oor bewaring van die kwaliteit bekommerd is of besluite daaroor moet neem. Dit impliseer verder dat hierdie kennis die hele stedelike omgewing insluit en nie slegs 'n klompie uitgesoekte elemente daarbinne nie. Dit impliseer bowenal dat ons met gegaarde kennis die kwaliteit van die omgewing sal probeer stel sodat die elemente wat werklik daartoe bydra, geïdentifiseer kan staan en daar oor hulle toekoms eerder as hulle verlede besluit sal kan word. Dit impliseer dat besluite geneem sal moet word – nie op 'n ad hoc-basis nie, maar met die nodige kunde en verantwoordelikheid.

Die grootste probleem bly om die kwaliteit van 'n omgewing vas te pen, te verwoord en die gestelde te verantwoord. Hoe moet of kan dit gedoen word? Waarin lê die geheim van kwaliteit opgesluit? Watter plekke kan werklik op 'n spesiale karakter aanspraak maak of meehelp om 'n spesiale karakter of plekgees te skep? Watter plekke (kan ons met sekerheid sê) verduidelik die mens se begrip vir sy natuurlike omgewing en sy kulturele optrede daarin, verduidelik sy veranderende siening van die gemeenskap, die klimaat, die terrein, die ekonomie, die filosofie? Wat is die faktor of faktore wet een omgewing anders as 'n ander maak, wat Pretoria Pretoria maak? Watter plekke verduidelik fondamente en suggereer terselfdertyd die bowebou? En hoe doen hulle dit?

Oor die antwoorde op hierdie vrae sal die meeste mense, en veral bewaarders, grootliks verskil. Dit beteken nie dat elkeen binne sy eie hoekie slegs sy eie uitgangspunte moet troetel nie, maar juis dat almal hierdie grootste probleem moet aanvat om deur debat nader aan 'n oplossing te beweeg.

Hierdie lys is hopelik net die begin vir 'n noodsaaklike en lank afgeskeepte debat.. Indien dit minstens as katalisator vir hierdie aksie sal dien, het dit grootliks geslaag en is die Stadsraad se poging om voorkennis van die kwaliteit en die elemente van kwaliteit van die stad by beplanning te verweef, reeds op pad na sukses.

## 3.1 PLAASLIKE BELANG

Nog die noordoostelike, nóg die noordwestelike kwadrant van Pretoria beskik op die oog af oor

enkel plekke of groepe geboue wat van internasionale argitektoniese waarde is – dit het uit die studie duidelik geword. Hierdie opmerking is egter nie van deurslaggewende belang in die bepaling van die kwaliteit van die gebied nie. Van groter betekenis is die enigheid daarvan, 'n enigheid bepaal deur 'n argitektoniese en stedelike stelling gebaseer op 'n eie stel waardes – kultureel en geografies – wat 'n ryk en geartikuleerde vesel tot gevolg gehad het.

Die noordoostelike kwadrant bevat elemente wat 'n stewige en onmiskenbare bydrae tot die bekende en die potensiële omgewing maak – of hulle nou van besondere historiese of argitektoniese belang is of nie. Dit is juis binne die plaaslike realiteit en droom waar die sleutel tot die kwaliteit van enige omgewing te vinde is, en nie slegs in die modeboeke van wêreldetrewes en -style, of ouderdom nie.

Die gebied is opmerklik minder dig en minder doelgerig bebou as die deel van die middestad net suid daarvan oorkant Kerkstraat. Dit is die gevolg van die natuurlike of gedwonge groei suidoos, die metodiese verwydering van mense wat eens bepalend vir die plekgees was, die verwydering van hulle geboue of die redes vir geboue in die gebied, en die sigbaar onbeplande hernuwing en heropbouing van die stedelike weefsel. Groot oop plekke, dikwels in onbruik of tydelike gebruik, wissel in teenstelling en sonder rede met skielik hoë, groot en belangrike strukture a£. Hier kom geboue uit alle eras van die stad se geskiedenis voor, maar nêrens word 'n samehangende beeld van enige van hierdie tydperke geskep nie. Die stedelike, historiese, argitektoniese en sosiale kontekste is uittand gelaat met die gevolg dat die oorheersende indruk een van stedelike laissez faire is. Al hierdie beteken nie dat die deel van die stad dood en in onbruik lê nie. Veral informele handel is besig om die verbinding tussen Boomstraat en Kerkstraat te herknoop, dit ten spyte van die werklik swak toestande van sypaadjies en die gebrek aan beskerming teen die elemente in die gebied.

In die noordwestelike kwadrant meng voorstedelike elemente met die eg stedelike en manifestasies van die burokratiese met die kommersiële. Geboue uit alle fases van die stad se groei kom voor, en is 'n aanduiding van potensiaal én kompleksiteit, maar word ondergrawe deur die grootste konsentrasie van oop erwe in die middestad. Hierdie leemtes ontneem die kwadrant van 'n stewige struktuur en samebindende faktore. Groot ontwikkelings en waardevolle geboue word begrens deur onverbeterde erwe, wat nie net visueel afbreek doen nie, maar ook die stad funksioneel en ekonomies benadeel. Die langtermyninvloed van hierdie vervangingsvertraging is leesbaar in die geboue, waar onderhoud en opknapping dikwels agterweë gelaat is.

Die handel en verkeer van Marabastad is 'n bate vir die gebied en stimuleer veral die noorde van die kwadrant. Hierdie kontak is essensieel vir die voortbestaan van die waardevolle elemente hierlangs. Meer belangrik is dat dit 'n sinvolle aansluiting met die sentrale middestad moet vind, 'n proses wat die onderbroke groei van die kwadrant weer momentum kan gee.

Die sterkste enkele faktore in die noordelike gedeelte van die middestad bly die natuurlike. Mens bly deurentyd bewus van die heuwelrif en die topografie met die resulterende sluiting van vistas en die skepping van stedelike plek, en dit ten spyte daarvan dat die stad se eenrigtingstrate dikwels hulle rûe soontoe keer. Mens bly heeltyd bewus van die belang van twee van die stad se mees afgeskeepte, maar potensieel waardevolste elemente: die Apiesrivier maak hier 'n wye boog, arm die stad daarin en draai wes weg deur die dieretuin en verby; die Steenovenspruit loop noord om naby Belle Ombrestasie by die Apiesrivier aan te sluit. Moontlik is hierdie natuurlike kenmerke duidelike rigtingwysters vir die toekoms. As hulle na al die jare en al die miskenning nog die sterkste karakterelemente bly, moet ook die toekomstige kwaliteit van die stad dalk in, om of deur hulle gesoek word.

## 3.2 KRITERIA

Die kriteria wat uiteindelik in hierdie esudie toegepas is, was eerstens die argitektoniese – die kwaliteit, die tipologie, die voorbeeldige, die plaaslike belang en die belang van die skepper/maker.

Ontwerpkwaliteit is as belangrik beskou en so ook die uniekheid van 'n plek. Geboutipe is ondereoek, ook in verband met ander geboue wat dieselfde funksies vervul en in die ontwikkeling of verdwyning van die funksie en tipe. Voorbeelde wet goeie rekord hou van sekere periodes en style is teen ander uit dieselfde tydperk of in dieselfde idioom gevalueer. Plaaslike oorspronklikheid of afwyking van 'n groter strewe en assosiasie met veral belangrike argitekte was, waar bepaalbaar, belangrike oorwegings vir die in- of uitsluiting van plekke.

Eienskappe soos die bewaarde oorspronklikheid van die eerste vorm, simpatieke en onsimpatieke verandering en die huidige fisiese toestand van plekke is in die oog gehou.

Waar enigsins beskikbaar is historiese feite en oprigtingsdatums aangedui en bronne vir verdere inligting verskaf, maar die belangrikste enkele kriteria bly die konteks van die geheel of bepaalde gedeeltes. Daar is te alle tye gepoog om die groter omgewing eerder as die ontwikkelde of onontwikkelde erf in gedagte te hou.

## 3.3 AANBEVELINGS

3.3.1 Daar word aanbeveel dat hierdie publikasie onmiddelik aan soveel moontlik bewaarders en bewaringsorganisasies beskikbaar gestel word.

3.3.2 Daar word aanbeveel dat die individue en organisasies genooi word om insette te maak deur kritiek op die lys, die metode en die uitgangspunte – dit sal verbeterde verdere studies tot gevolg hé.

3.3.3 Daar word aanbeveel dat die Raad dit oorweeg om verdere fondes beskikbaar te stel sodat ook die ander kriteria wat vir finale besluitneming nodig is, deeglik deur spesialiste ondersoek sal kan word.

3.3.4 Daar word aanbeveel dat die Raad, waar in die verslag voorgestel, volledige of deeglike fotografiese dokumentasies sal maak of laat maak.

3.3.5 Daar word aanbeveel dat die Raad alle plekke in hierdie verslag fotografies sal dokumenteer of laat dokumenteer (moontlik deur die sloper of ontwikkelaar self), sou hulle in gevaar verkeer om gesloop te word.

3.3.6 Daar word aanbeveel dat hierdie fotografiese dokumentasies in die Raad se waardevolle fototeek opgeneem word.

3.3.7 Daar word aanbeveel dat die Raad, as tussentydse stap, alle vertoë om plekke in die lys opgeneem te sloop of drasties te verander, na bewaringsorganisasies sal verwys.

3.3.8 Daar word aanbeveel dat die lystingspoging uiteindelik die hele stadsgebied sal insluit.

3.3.9 Daar word aanbeveel dat die potensiaal van die Apiesrivier en Steenovenspruit as die belangrikste historiese en stedelike elemente ondersoek en uitgebuit word. Die Raad behoort indringend aandag te skenk aan riglyne vir die voorgesette ontwikkeling van die Goede Hoopgebied. Dit is die mees afgeskeepte gebied in die stad, wat noodgedwonge verandering sal moet ondergaan en waarvoor rigtinggewers tans ontbreek.

## 3.4 BEDANKINGS

Die volgende persone en instansies het veel bygedra om hierdie verslag te kon saametel. Aan elkeen van hulle ons opregte dank. Mnre H de Wet, T Tindall, L Goldstein en D Esterhuysen van die Stadsraad van Pretoria, die Departement Argitektuur van die Universiteit van Pretoria, mev J Walker van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, mev T van der Merwe van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede asook die argiteksfirmas wat in die bibliografie genoem word. Ons dank aan mnre Gerrit Jordaan, Mauritz Naudé, Louw van Biljon en Reinier Visser vir die moeite wat hulle gedoen het om die studie te verryk deur die gebied met eie sienings uit die oogpunt van bewaarders en stadsontwerpers te bespreek.

S W LE ROUX
PRETORIA 2 AUGUSTUS 1991


# 4. DIE LYSTE

Hierdie lyste is om die strate, ge-orden om Kerkplein, beplan: algemene straat-indrukke word opgevolg deur 'n lys van belangwekkende geboue daarnaas. Elke straat is volgens die logiese roete wat dit volg beskryf, meestal in die vloeirigting van die eenrigtingstrate. Die strate dien ook as algemene verwysing, sodat die straatnaam in die inhoudsopgawe opgespoor kan word en beskrywings in teks by die betrokke kwadrant.


In die noordoostelike kwadrant is Kerkstraat eerste en die strate parallel daaraan volg, vanaf suid na noord, tot by Boomstraat. Paul Krugerstraat en parallele strate volg die orde vanaf die plein (wes) na die Apiesrivier (oos). Die geboue volg dieselfde patroon, sodat geboue weerskante van die straat ingesluit word. Waar straathoeke beskryf is, is die beskrywing by die straat van die adres en/of ingang, met kruisverwysing by die ander straat.

Vir die noordwestelike kwadrant is by Paul Krugerstraat begin, waarna die noord-suidstrate van oos na wes volg, en dan die oos-wesstrate van suid na noord. Bloknommers (kyk net na erfverwysings by elke gebou) word aangegee op kaarte by elke kwadrant, en dien slegs as verwysing om opsporing te vergemaklik.


# 5. NOORDOOSTELIKE KWADRANT




**FIGUUR 5.1 Bloknommers vir die noordoostelike kwadrant. Blok verwysing word na die erfnommer by elke beskrywing aangedui**




FIGUUR 5.2 Die noordoostelike kwadrant van die middestad. Arseerde dele dui die plekke en geboue wat beskryf word aan




**FIGUUR 5.3 Die noordoostelike kwadrant van die middestad met erfnommers (Kaart: Stadsraad van Pretoria)**


## 5.1 KERKSTRAAT



As seker die belangrikste straat in Pretoria, loop Kerkstraat tussen die ooste van die stad en Kerkplein – waar dit deur die Kruger-standbeeld onderbreek word – en tussen die plein en die weste. Die plein is die sterkste enkele element langs die straat, wat eintlik geen gedefinieerde eindes het nie, maar wat tog as gevolg van die helling na en van die Apiesrivier as 'n duidelike ruimte afgeperk word.

Onder beskouing is die deel wat strek vanaf die Apiesrivier tot by die kruising van Andriesstraat. Leeubrug, 'n nasionale gedenkwaardigheid, is die enigste aanduiding van die kruising met die rivier – nou gekanaliseer. Die brug staan vandag onseremonieel tussen kommersiële en industriële geboue, met min erkenning daaraan deur die straat met die gevolg dat dit as belangrike stedelike en historiese element vervaag. Gegote leeus in brons kom op die hoeke van die struktuur voor. Die straatlampe wat eens weerskante van die straat in die middel van die brugrelings was, het intussen verdwyn. Die brug is gerestoureer en in 'n redelike toestand.






*Arcadiabrug, vandag Leeubrug en Kerkstraat*

Die sterk palmlaning langs die rivier is hier nog ononderbroke, waaronder 'n oorgroeide looppad; daarnaas enkelverdieping winkelgeboue. Suid van Kerkstraat, tussen Edwardstraat en die Apies, leiklip plaveide sypaadjie. Behalwe die brug is daar geen noemenswaardighede wat 'n indruk kan maak op die ruimte van die straat nie.



Kenmerkend van die gebied tot en met Du Toitstraat is geboue vlak teen die straat, gemiddeld vier verdiepings, met enkele hoër geboue aan die suidekant. Twee oordekte bushaltes voor die Technikon is die begin van 'n tendens wat tot by die plein strek: haltes suid van die straat, afdakke en onbedekte haltes noord daarvan.

In die daaropvolgende blokke tot teen Prinsloostraat domineer die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die patroon wat geboue tot hier respekteer word dramaties verbreek waar



skielik 'n opening in die stedelike gang. Hierdie ruimte is wel goed versorg, plavei en beplant, maar dood vanweë die ontoeganklike gebou daaragter. Suid van die straat 'n geartikuleerde stedelike muur waarvan op plekke 'n kantelblad of veranda projekteer, behalwe waar Kerkstraat 381 effe teruggesit is. Die podium van die Fedlifegebou projekteer 'n effense kantelblad wat te hoog is om voetgangers te beskerm. In geheel gesien vorm die blok suid van Kerkstraat 'n redelik ononderbroke wand, sterk gedefinieer op die hoeke, vanwaar ruimte uitvloei na die straat en oorkant, om onbeslis te eindig teen die Reserwebank.



Kynochgebou staan onbegrens langs 'n oop parkeerterrein. Hierdie ruimte behoort suksesvol oorbrug te word, veral om aktiwiteite op straat terug te plaas – 'n patroon wat tot onlangs hierdie deel van die stad gekenmerk het. Wes van Sammy Marks/Metro Cycle House is daar twee dubbelverdieping kommersiële geboue, met Cannon Building die opvallendste met sy projekterende veranda en balkon oor die sypaadjie, waar bushaltes; die buurgebou en Garlicks probeer hierdie elemente herhaal met 'n kantelblad en neem dit om die hoek na Van der Waltstraat.



*Die oostelike deel van Kerkstraat vanaf Van der Waltstraat 1906*



Laasgenoemde reeks geboue slaag daarin om 'n sterk, hoewel nie eenvormige stadsmuur te skep wat belangrik is om die oop ruimte van Strijdomplein te perk. Hoewel sorgvuldig beplan en beplant, slaag die plein in die weste en die Staatsteaterplein in die ooste nie daarin om meer as ooptes en kortpaaie te wees nie. Die Opera-projeksie na Kerkstraat skei die twee pleine net-net en verskaf skadu op 'n punt waar tans 'n gewilde huurmotorhalte. Die hele blok is sorgvuldig plavei met marmer, graniet, baketeen en beton.

Tussen Van der Walt- en Andriesstraat word die blokpatroon onderbreek deur Sentraal- en Queenstraat, onderskeidelik suid en noord van Kerk. Afdakke en oorhange, waarvan sommige nog op kolomme, volg 'n sterk argument ten gunste van die sypaadjie. Bushaltes met banke en koerantstalletjies maak 'n welkome inbreek beide kante van die straat. Die eerste onderbreking in die straatritme is teen Queenstraat, waar die hoek oopgelaat is as 'n plein waarteen gebou en straat skuur. Hierdie hantering van die hoek erken die aansluiting van Queenstraat, hoewel dit wegbreek van die tendens om 'n straathoek ten volle te beset.



Tot waar Nedbank op die hoek met Andriesstraat bou geboue aan 'n sterker wand teen en oor die sypaadjie. Kerkstraat loop tot teen die Plein, hoewel motorverkeer (behalwe busse) om die Plein gelei word, sodat hul pad ook eindig waar hierdie beskrywing ophou.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 252, h/v Andries |
| ERFNOMMER | 327 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bank: Nedbank |



Seweverdieping gebou bestaande uit twee sesverdieping kantoorblokke weerskante van 'n binnehof op die mezzaninevlak en kelder. Die kantoorvleuels word langs die westegrens deur middel van 'n gang verbind waar ook die trappe, hysers, toilette en skagte gekonsentreer is. Afgesien van die watertenke, koeltoring en opsigterswoonstel op die dak is daar ook 'n daktuin vir gebruik deur die bankpersoneel op die suidelike blok. Die grondverdieping wat in travertyn beklee is, dien as plint waarbo die ander vloere met klein doelgemaakte sierstene gebou is. Staalraamvensters op kantoorvlakke is diep teruggesit tussen projekterende steenvlerke en horisontale bande. Hierdie eenvoud word slegs gebreek by die ingang waar vier van die kolomme met brone oorgetrek is en toegang deur groot bronsdeure verkry word. Die groot en feitlik ononderbroke ruimte van die banksaal beslaan die grondvlak, met binnemure ook van geriffelde siersteen. Vloere, toonbanke en doelgeboude sitplekke is van travertyn. 'n Drinkwaterfontein kom op die suidoostelike hoek van die bank voor.

Die argitek van die Nederlandse Bank wat in 1953 voltooi is, was Norman Eaton, saam met AL Meiring, en sy aandag aan

elke detail is kenmerkend deur die gebou. Van kontekstuele belang vanweë die pertinente omskrywing van die straathoek, ook met die nabygeleë Kerkplein, wat 'n tradisie van bankgeboue het. Dit is 'n toonbeeld van hoogestaande vakmanskap en een van die beste voorbeelde van die rasionele Modernisme in die stad. Verder is Eaton se bewustheid van die plaaslike klimaat waarvoor hy voorsiening gemaak het, asook sy strewe om binne die Afrikakonteks te werk duidelik, laasgenoemde veral in die detail waarby hy die hulp van onder andere Alexis Preller ingeroep het. Bron: Fransen (1981); Harrop-Allin (1975).




| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 264 |
| ERFNOMMER | 328 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Reggies Toys |

Enkelverdieping saalvorm met veranda op voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie. Vals fasade van metaalstroke waaragter waarskynlik 'n gewelent. Mure gepleister en geverf; half-versteekte siersteendetail op symure dui op moontlike vonds.

Soos die gebou op erf 371/6 oorkant Kerkstraat is die gebou tipologies van belang; herstelwerk kan veel daarvoor doen. Kontekstuele belang met soortgelyke winkels.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 268-270 |
| ERFNOMMER | 2896 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Boekwinkel (Van Schaiks): Librigebou |




Vierverdieping gebou met simmetriese voorfasade en pilasterde muurvlakke wat die fasade in drie verdeel, dak agter borswering, balkonlyn op tweede verdieping en afdak oor sypaadjie, pleistermure en dekorasie, betonplafonne.

Dit is 'n goeie voorbeeld van die Pretoriase Art Deco, soos veral ontwerp deur Burg. Die gebou dateer uit 1935 en is wat straatvoorkoms betref, min verander. Dit is vandag 'n landmerk as die oudste boekwinkel in Pretoria en vertoon al die detail kenmerkend van Burg se werk in hierdie dekade: geronde balkonne, Art Decolettere, vlagpale, funksionele behandeling van die fasade. Kyk ook Amanda Mansions, Koedoe Arkade en Salisbury House (gesloop in 1989). Bron: Burg, Doherty, Bryant & Vennote. Kyk ook PAV-lys, 1990.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 270A |
| ERFNOMMER | 329/14 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Skoenland |

Eenvoudige enkelverdieping met ingang diep terruggesit, veranda op voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie. Geteëlde saaldak met nok parallel aan Kerkstraat tussen onsimmetriese gewelente met siersteendetail. Kommersiële afwerkings binne.

Tipologies belangrik en met soortgelyke geboue op erwe 371/6 en 328 van belang as deel van hierdie klein groepie in Kerkstraat.




| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 272 |
| ERFNOMMER | 329/8 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Lever's |

Klein, enkelverdieping gebou met veranda op kolomme oor sypaadjie. Groot chroomraam uitstalvensters in goeie toestand aan straatkant.Kommersiële afwerkings binne en op straatfasade, waar dit waarskynlik 'n gewelent verskuil.

As voorbeeld van 'n kommersiële geboutipe in Pretoria is die gebou van belang vanweë sy bestaan, skaal en groepsverband, met geen uitsonderlike argitektoniese waarde nie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 302, h/v Van der Waltstraat |
| ERFNOMMER | Deel van 3357 – Blok 3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Garlicks |




Blokvormige vierverdieping gebou wat 'n stewige straathoek help definieer en dit verder aksentueer met letterwerkpanele onder 'n sierkroon. Buitewand van geverfde beton en mosaiekpanele in vertikale argitraqframe, onderverdeel met staalraam vensterstroke. Grondverdieping dien as 'plint', met kantelblad oor sypaadjie en geelkoperraam uitstalvensters onder. Binnemure gepleister met meer tydelike kommersiële afwerking tot vloere, plafonne en meubliment.

Prominente gebou vanweë belangrike plasing teenoor Strijdomplein – waar die hoogte daarvan meehelp om die oop ruimte van die plein te definieer. Die aandag aan die hoek verhef die straatkruising en benadruk die skaal en groepsbelang met veral naasliggende geboue van soortgelyke hoogte. Die gebou wat baie verander is, het as oorsprong een van die ouer geboue in die stad wat reeds in 1886 opgerig is. Bron: Pretoria News (26/5/90). Gesloop 1991.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 308 |
| ERFNOMMER | Deel van 3357 – Blok 3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Cannon Building |

Dubbelverdieping gebou simmetries om sentrale ingang, voorgeplaas met bedekte stoep op voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie, waarbo 'n bedekte balkon met enkel en gepaarde rooi siersteen pilare. Smeeyster invulwerk met halfronde- en kruisbindwerk op ballustrademuur. Houtraam glasdeure maak oop op balkon; persstaal plafonne en dakligte op boonste vlak.

Teruggesette winkelingange met chroomraam uitstalvensters



op grondvlak en sentraal geleë boogingang na boonste verdieping. Artikuleerde en simmetriese gewelente weerskante van ingang, met sierpleistervorms, pilasters en letterwerk wat lees ANNO 1928. Parketvloer plek-plek. Buitegeboue on ander aanbouings noord op erf.

Die Cannon gebou is tipologies, kultuurhistories en kontekstueel van belang as een van die groter voorbeelde van 'n kommersiële gebou uit die tydperk tuessen die wêreldoorloë, met 'n besondere rykheid aan detail. Die teruggesette winkelingange en bedekte sypaadjie is kenmerkend van soortgelyke winkelgeboue in Kerkstraat; die hoogte van die gebou begrens die oopte van Strijdomplein sonder om dit te oordonder. Hierbenewens skakel dit goed met naasliggende landmerke soos die Lewis & Marke- en Kynochgebou asook Garlicks, vorm 'n onmisbare deel van die noordemuur teen Kerkstraat en verduidelik saam met die genoemde geboue vier geslagte van kommersiële argitektuur binne een straatblok. Die gebou het aandag nodig, maar is ten volle herstelbaar en is ideaal geleë vir ekonomiese gebruik wat pas by die menslike skaal van die gebou. Bewaring van die Cannon gebou verdien ernstige oorweging by die herbeplanning van die blok wat 'n plein insluit. Bron: UP Dokumentasie. Gesloop April/Mei 1990.



| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 322 – 330 |
| ERFNOMMER | Deel van 3357 – Blok 3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ongebruik: Lewie C Marks, Gundlefinger of Metro Cycle House (Sammy Marksgebou) |



Drieverdieping kommersiële gebou vlak op straat met teruggesette winkelingange op grondvlak, kantoorruimte bo. Seweledige fasade met elke vak simmetries geartikuleerd, drievensterindelinge en sentrale gewels na Kerkstraat, genommer 1 tot 7 van wes na oos. Gegolfde plaatmetaal saaldak (behalwe nommer 6 met geribte plaat), met gedetaileerde borsweringmure tussen elke vak. Oorspronlike dakventilators by nommers 4,5 & 7 en broekielyswerk by nommer 7. Buitemure is van rooi siersteen in Engelse verband met vlak voeë en sandsteendekorasie; parketvloerteëls by winkelingange. Houtplankvloere, persstaalplafonne, gekerfde houttrapreling en uniek oorblywende houtraam en gietyster hysbak binne. Koperraam winkelvensters van Stanley Jones & Co. London, met hourraam skuifvensters op noordemuur en staalraamvensters suid. Dekoratiewe gietystergeute en houtfassies. Buitegeboue is latere aanbouings.



Die gebou is in 1903 ontwerp deur W J De Zwaan en het winkelfronte wat sterk herinner aan Amsterdamse gragtehuise. Keurige detaillering en vakmanskap, met stilistiese verwysings na De Zwaan se Nederlandse Bank op Kerkplein. Die laaste oorblywende gebouekompleks van



*Lewis & Marksgebou vanaf die ou Markplein, ca 1914. Let op die skaal van die omringende winkels en hul verplasing*

Samuel Marks in die stad. As styl- en tipologiese voorbeeld van 'n winkelkompleks van die begin van die twintigste eeu van groot belang, ook in huidige konteks; met besliste maar beperkte kommersiële moontlikhede. Die gebou skakel tipologies en histories met Tudor Chambers op Kerkplein, Saxon Chambers daarnaas en Afrik House in Paul Krugerstraat. Bron: Dunston (1975); Kuijers (1985); Meiring (1980); UP Dokumentasie; PAV-lys 1990.



| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 336 |
| ERFNOMMER | Deel van 3357 – Blok 3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ongebruik: Kynoch-gebou |

Dubbelverdieping winkelgebou met veranda op gietysterkolomme teen die sypaadjie en gewel na die straat. Gepleisterde steenmure en eenvoudige sink saaldak , hout skuifraamvensters en houtdeure.

Die Kynoch- en Lewis & Marksgebou vorm 'n eenheid en is tesame een van die rare voorbeelde van 'n Pretoriase straatfasade rondom die eeuwenteling. Dit dateer uit die tydperk 1875-1884, wat dit die oudste bestaande gebou in die middestad maak, maar ten spyte van die eer is dit vervalle en het restourasie broodnodig. Die kultuurhistoriese en kontekstuele meriete verseker bewaring, maar noodsaak versigtige oorweging van die gebruiksfunksie in nuwe beplanning. Bron: Dunston (1975); Meiring (1980).



ADRES Kerkstraat 370, h/v Pr insloo
ERFNOMMER 3277 – Blok 4
HUIDIGE GEBRUIK Hoofkantoor: Reserwebank

Vierkantige toringblok van 37 verdiepings, op groot podium en oor talle kelders, wat die grootste deel van die blok beslaan. 'n Sentrale betonstruktuur is met reflekterende glas en swart graniet beklee. 'n Plaveide plein met terasse en fonteine beslaan die oorblywende deel van die terrein.

Die gebou van Burg Doherty & Bryant is in 1988 voltooi en ontvang in 1989 'n merietetoekenning van die ISAA. Hoewel die hoogste gebou in Pretoria en reeds 'n landmerk, verander dit die patroon en vloei wat die binnestad kenmerk en vervang dit met groot horisontale en vertikale vlakke wat min toenadering tot hulle omgewing soek. Die grootste probleem wat deur die Bankgebou en ook die Staatsteater, Strijdomplein en Munitoria geskep word, is een van onderbreking. Die aaneengeskakelde kommersiële en bewegingspatroon langs die strate word afgesny wat van hierdie plekke eilande maak, eilande wat ook net op sekere tye of vir sekere mense bereikbaar is. Hierdie Modernistiese benadering word vandag met goeie (stedelike) reg verwerp en die stad word eerste gestel. Bron: Burg, Doherty & Bryant; Architecture SA 11-12/89;31

ADRES Du Toitstraat 396, h/v Kerk
ERFNOMMER 2678 – Blok 4
HUIDIGE GEBRUIK Kormmersieel en woonstelle:
NHG-gebou
Kyk Du Toitstraat

ADRES Kerkstraat 404, h/v Du Toit
ERFNOMMER 1161 – Blok 5
HUIDIGE GEBRUIK Akademiese gebou:
Technikon Hoofgebou



Neo-Klassistiese gebou wat 'n simmetriese fasade na Kerkstraat keer. Dit bestaan uit 'n langwerpige hoofgedeelte van drie verdiepings onder 'n steil kleiteëldak waaruit twee kort enkelverdieping flanke onder platdakke loop. Die grondverdieping is van sandsteen en dien as basis vir die siersteenmure daarbo. Die geboogde sentrale ingang is benadruk deur 'n oop, teruggesette dubbelverdiepingbalkon en ses Doriese kolomme daaroor. Sandsteendekorasie om vensters en deure is skerp geleed.

'n Bekende landmerk in Kerkstraat en een van die belangrikste asook eerste gebou (voltooi 1929) van Gordon Leith in Pretoria, wat ook later die Internasionale Styl minstens vir groot geboue, links laat lê het ten gunste van die Neo-Klassisisme of die "klassiek-romantiese" soos Norman Eaton dit beskryf het. Leith het in die spore van Baker geloop, was betrokke by die Uniegebou en in 1911 ook die eerste Baker Scholar. Die hoofgebou van die




Technikon, wat die gevolg van 'n weninskrywing vir 'n prysvraag was, was ook die eerste gebou waarby Eaton, toe nog 'n student, baie direk betrokke was. Bron: Greig (1971); Harrop-Allin (1975); Kuijers (1985); Technikana versameling. Kyk ook Eerste Nasionale Bank op Kerkplein in PAV-lys 1990.

## 5.2 VERMEULENSTRAAT

Vermeulenstraat dra verkeer van Cowiestraat in die weste deur die middestad, om teen die Uniegeboutuine by Kerkstraat aan te sluit. Die deel vanaf die kruising met Paul Krugerstraat tot en met die kanaal van die Apiesrivier is ter sprake. Wes hiervan en veral tot by Bosmanstraat is dit boomryk. Vanaf Paul Krugerstraat val die landskap tot teen die Apies, met stewige wande van minstens vier verdiepings hoog wat eers oorkant Munitoria verbreek word.




*Vermeulenstraat: 'n indruk in 1887*

Pretoria se veel geroemde arkadestelsel begin eintlik teen hierdie straat en strek oor Kerkstraat tot by Schoemanstraat. Waar dit Andriesstraat kruis is die toringblok (Vermeulenetraat 240) met 'n oop, maar ongebruikte deurloop wat die hoek kortsny. Beplanting help nie veel om die "binnehof" tot sy reg te laat kom nie, hoewel dit 'n potensieel suksesvolle ruimte is. Multiverdiepinggeboue op die straathoeke sluit hierdie blok noord van Vermeulenstraat af, met die Eureka Factory (Pierneefmuseum) as die opvallendste enkele element in die blok. 'n Inham van die sypaadjie langs die Pierneefmuseum is tot 'n aangename stedelike ruimte ontwikkel. Die ingang van die vyftienverdieping buurgebou is hier simpatiek vanaf die straat teruggesit.



Munitoria skuil in 'n hele blok agter beplante en versorgde, maar omheinde, sypaadjies. Suid van die straat, waar die nuwe plein en en onder andere uitbreiding van Munitoria beplan word, is daar tans winkelgeboue teen die sypaadjie, met die res van die blok oop en gebruik vir tussentydse parkering; groot bome (ook Jakarandas) langs die straat lewer die belangrikste bydrae tot die omgewing, waar landskapering om die Reserwebank beperk is tot visuele genieting daarvan.



Meerverdieping kantoorgeboue op die hoeke tussen Prinsloo- en Du Toitstraat, met kommersiële geboue teen die straat tussenin. Enkele groot bome kom weer hierlangs voor, 'n tendens wat sterker deurslaan in die rigting van die Apiesrivier. Die sypaadjies is betonplavei en strek tot teen die kanaal.


Verskeie geboue van die Technikon beslaan die volle blok suid van die straat, met Plataanbome daarnaas en Jakarandas oorkant. Verder oos woonhuise (net van die straat af) omskep in besighede, waar helder kleure kopers lok. Oorkant die Ou Sinagoge met omheining geskei van die sypaadjie en straat. Die min aandag wat aan die kanaal as potensieel ryk stedelike element geskenk word slaan deur na die omgewing. Die straat dra ongestoord verkeer, maar kolle daarlangs kom swak voor. Die motor is hier belangriker as die stad of sy inwoner, met selfs motorhandelaars in oorvloed.

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 220 |
| ERFNOMMER | Deel van 3261 – Blok 8 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Museum: Pierneefmuseum |




Reghoekige dubbelverdieping gebou vlak teen die sypaadjie, met pleintjie oos daarvan en verbind aan nuwer kantoorblok. Fasade ingedeel in groter vak simmetries om hoofingang – met sentrale pediment, pilasters en twee reghoekige vensters met 'n boogvenster weerskante op die verdieping, en teruggesette houtdeur tussen winkelvensters op grondvlak. Die ander vak is op die suidoostelike hoek met venster op verdieping en afgeskuins onder kroonlys as bykomende ingang. Die fasade eindig in 'n borsweringmuur met sierkrone; buitewande saamgestel uit geverfde pleistermure geartikuleer deur ongeverfde vlakke met vals voeë. Golfplaat saaldak met nok parallel aan Vermeulenstraat strek tussen gewelente, met saaldak loodreg hieraan wat strek oor die diepte van die gebou; dakventilators kom voor. Interieur gerestoureer en toegerus as galery/museum.

Daar is maar weinig voorbeelde van woonstel-bo-die-winkel geboue uit die dae van vroeë Pretoria, wat aan Leendert te Groen se bekende sigaretfabriek (Eureka Factory) en vroeëre drukkery wat in ca 1903 opgerig is, naas die kultuurhistoriese, ook belangrike tipologiese belang verleen. Die skaal en eklektiese voorkoms is skaars, hoewel effe uit




pas is met die kantoorgeboue weerskante. Die gebou is in 1982 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar en is sedertdien deeglik herstel en gerestoureer. Bron: Stauch Vorster, argitekte; UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 144, h/v Vermeulen |
| ERFNOMMER | 3200 – Blok 10 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Munisipale kompleks: Munitoria Kyk Van der Waltstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 390 |
| ERFNOMMER | 3238 – Blok 11 |
| HUIDIGE GEBRUIR | Kommersieel |



Twee dubbelverdieping geboue met suidelike gebou teen sypaadjie en store reglynig daaragter. Gebouvorm 'n paraboliese kurwe van geboë houtbalke in pare bevestig in betonopstande, en bedek met golfplaat. Suidelike gebou met klein staalraamvensters in oostekant van dakkurwe en stoor met dakventilators. Invulmure van rooi siersteen, met klein mosaïekpaneel, waar straatfasade onsimmetries ingedeel is met winkelruimtes oos en parkeerruimte wes. Winkelvensters onder (nou) van aluminium, met reghoekige projeksie daarbo en vertikale houtrame met 'n ry staalraam swaaivensters in die kurwe. Veselsement plafon wat die kurwe volg.

Die gebou volg die ideale van die moderniste, in vorm en deur die benutting van die konstruksionele potensiaal van materiale. Dit is van belang vanweë die era wat dit verteenwoordig en die integriteit van die geheel.

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 405 |
| ERFNOMMER | 1161 – Blok 5 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Akademiese gebou: Technikon |



Vyfverdieping blok waaroor die platdak skynbaar los dryf. Grondvloer van siersteen en ander vloere versteek agter 'n skermmuur van liggrys glasuurteëlblokke wat ook as sonbeheer dien. In goeie toestand.

'n Belangrike voorbeeld van die latere werk van die firma waarby Norman Eaton betrokke was, is die gebou wat in 1970-1 deur Tobie Louw ontwerp is, onbeskaamd Modernisties, opgerig met eenvoudige materiale en direkte konstruksiemetodes. Die krag van die stelling is op die holbloksonbeheer wat as 'n funksionele skil om die gebou gespan is toegewys. Bron: Tectura argitekte.








ADRES Vermeulenstraat 440 tot 448, Proeestraat 431, 428, Edwardstraat 120 tot 140
ERFNOMMERS 808/4, 808/5, 808/6, 808/9, 808/8, 808/10, 808/11, 808/2, – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel: kantore en residensieel

Geboue op erfnommers 808/9, 808/8, 808/10, 808/11 en 808/2 is woonhuise en behalwe in die geval van 808/8, is almal as kantore of besighede ingerig. Hulle is ook tydgenote, met steil sink staandakke, stoepe en voorafvervaardigde kolomme terwyl sommige nog houtraamvensters het. Van die geboue in Vermeulenstraat is dit seker dat 808/6 eens 'n woonhuis was, soortgelyk aan die reeds genoem. Die gebou op die hoek van Edward en Vermeulen (808/4) en sy buurman (808/5) is aangebou en verander, maar ook met sink staandakke.

Hierdie groep is van belang as gevolg van die redelik eenvormige styl (of wat daarvan oor is), met veral kontekstuele belang by die groep direk wes van Edwardstraat. Die skaal dui op die tendens om laer geboue langs die Apiesrivier te bou en dat dit eens 'n gesogte buurt was. Wanneer die onvanpaste heinings vervang en die geboue opgeknap is, behoort dit weer 'n aangename gebied te wees, sonder dat dit die huidige funksies prys hoef te gee. Hulle kan met die Musiekskool van die Technikon geskakel word en moet minstens deeglik fotografies gedokumenteer word.

ADRES Dorlasstraat, h/v Vermeulen
ERFNOMMER 20/7 – Blok 6
HUIDIGE GEBRUIK Stoor/handel, Kyk Dorlasstraat

## 5.3 PROESSTRAAT

As een van die eenrigtingstrate, so tiperend van Pretoria, loop Proesstraat vanaf Arcadia weswaarts en af na die stad en Pretoria-wes. Die ou brug oor die Apiesrivier is een van die enkele plekke in die stad waar die motoris en voetganger kennis van die rivier neem. 'n Effense steilte en groot bome weerskante help die brug, en die kink in die kanaal bewerkstellig die aksent.



Twee woonhuise suid van die straat is teruggeplaas en byna onopvallend direk langs die brug; noord van die brug 'n oop terrein met 'n besondere dubbelle boomlaning langs drie kante. Die terrein kan 'n groter bydrae maak sou dit komplementerend tot die kanaal ontwikkel word.

Na Edwardstraat maak diensingange en dooie mure groot inbreuk op die skaal; hierdie gedeelte tot by Du Toitstraat is swak uitgelê en in stand gehou. Noord van die straat woonhuise – waarvan net een as sodig gebruik word terwyl die ander intussen omhein en as stoor plekke ingerig is. Direk langs die straat is parkeerplekke geteer, daarna 'n beton sypaadjie en 'n onlangse toevoeging van gekleurde tiggelstene tot teen die erfgrense. Hierdie was 'n positiewe stap om die grens tussen straat en gebou te definieer en die stofgrond te bedek sonder om eenvoudig beton te gebruik.



Die boomlaning volg beide kante van die straat; daarlangs tweeverdieping geboue met store, winkels en depote tot by Prinsloostraat en wes van Van der Walt. Tussenin oorheers Munitoria (suid) en die Instituut vir Opleiding (noord) die straat.

Na Van der Waltstraat is die plaveisel onsamehangend uitgelê. Langs die besighede loop 'n sementstrook, met 'n stowwerige grondstuk waar bome langs die straat. Wanneer dit reën is dit dus 'n vies spul. Soortgelyke kenmerke word aangetref in die blok tot teen Paul Krugerstraat, waar die tersake gedeelte eindig tueeen die Duitse Klubhuis en 'n parkeerterrein.



| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 114, h/v Proes |
| ERFNOMMER | 2760/R – Blok 8 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Klubhuis: Deutscher Verein Kyk Paul Krugerstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 217 |
| ERFNOMMER | 3064 – Blok 8 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore Koopkraggebou |

Agtverdieping vlak teen straat met kort kantelblad oor sypaadjie, kantore daaragter. Boonste vlakke met woonstelle waar balkonne na die straat projekteer op 'n afwisselende roosterpatroon wat deurgevoer is na die afwerkings van

siersteen en gepleisterde vlakke.

Uitdrukking aan die strewe van die moderniste, veral na aanleiding van die Suid-Arnerikaanse voorbeeld. Kenmerkend is die balkonne wat uit die fasade "getrek" is, die daktuin met die skulpturele kurwe en die logiese orde as uitbeelding van struktuur. Die argitek was Mussmann en die gebou is in 1954 opgerig.



| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 228 |
| ERFNOMMER | 148/2 – Blok 14 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |

Enkelverdieping woonhuis met vergete voortuin. Sinkplaat staandak, gewelmuur en stoep met voorafvervaardigde kolonme en leundakkie na die straat. Pleistermure met getande siersteenwerk en vensteromrandings, alles geverf, op klipplint; houtraam skuifvensters en 'n enkele nokentruiter. Ses kamers is in 'n L-vorm agter die huis aangebou – ook met pleistermure, sinkdak en leundak oor die stoep.



'n Tipies laat-Victoriaans/Edwardiaanse dorpshuis, uit plek in die huidige konteks. Dit is egter tipologies van belang vanweë die huurkamers. Behoort gedokumenteer en ondersoek te word as voorbeeld van vroeë verdigting in Pretoria. Bron: UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 332 |
| ERFNOMMER | 3060 – Blok 16 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Akademiese geboue: Instituut vir Opleiding |

Vierverdieping, simmetriese gebou gelig op kolomvlerke met afgeskuinsde kante en drie skuins stroke staalraamvensters weerskante van die sentrale ingang ('n mosaïek beklede, gespitsde argitraafraam met glas). Wes van die hoofgebou 'n oop trap met halfronde bordeskante om betonmuur; noord daarvan 'n sesverdieping, L-vormige gebou met piloti, geverfde beton, mosaïek en staalvensters, met die klem op die horisontale indeling van vensters en blaaie. Die buiteruimtes om en tussen die geboue beslaan landskappeerde tuine en parkeerterreine.



Die argitek was Brian Sandrock, saam met Meiring en Naudé. Eersgenoemde se Pretoriase Modernisme kom sterk na vore in die gebou wat oorspronklik as buitemuurse kampus vir UP opgerig is en in 1959 voltooi is. Soos sy ander werk op die hoofkampus van UP is daar klem op die vorm, strak en reglynige komposisie, deurlopende venstervlakke. Die byna vreemdsoortige vorm van die hoofgebou met sy lesingsale is ongetwyfeld aan die funksie daarvan ontleen – 'n ideaal van die moderniste. Veral die noordelike blok herinner aan die Samuel Pauwgebou in Skinnerstraat waarvan hy ook een van die argitekte was. Dit

is in 'n goeie toestand. Bron: Brian Sandrock, argitek.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 424A |
| ERFNOMMER | 4/3 – Blok 19 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |



Dubbelverdieping blokvorm onder golfplaat staandak, met projekterende veranda aan die oostekant. Buitemure van rooibruin siersteen, met onderbroke pleisterlateie en geverfde kroonlaag onder die dakoorhang; staalraamvensters.

'n Ongekompliseerde ontwerp met die invloed van Frank Lloyd Wright se Prairiehuise herkenbaar. As deel van 'n klein groepie woonhuise langs die Apiesrivier is dit van belang om die skaal langs die kanaal te bepaal; bome (o.a erf R/23) bevestig hierdie skaalverband. Dokumenteer fotografies.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 431, 428 |
| ERFNOMMERS | 808/9, 808/8 – Blok 13 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel, kantore en residensieel, Kyk Vermeulenetraat |

## 5.4 SHEPHERD- EN BROWNSTRAAT



Twee parallele en meestal onopmerklike strate wat die gevestigde straatpatrone breek deur blokke te halveer. Brown verdeel die blok tussen Struben- en Bloed-, Van der Walt- en Prinsloostraat en Shepherdstraat die een tussen Proes- en Struben-, Prinsloo- en Du Toitstraat. Hierdie verandering in die ritme van die stad is onopvallend: beide strate is nou net terloopse ingange en dien hoofsaaklik as parkering en afleweringspunte vir kommersiële en ligte industriële bedrywe.









## 5.5 STRUBENSTRAAT

Struben, 'n eenrigtingstraat, loop vanaf Lorentzstraat in die weste tot waar dit Edmondstraat hoër in Arcadia word. ' n Stewige boomlaning omraam die vista na die Uniegebou in die verte.

Oos van Paul Krugerstraat is geboue aan die noordekant teruggesit vanaf die sypaadjie-oorblyfsels wat opvallend stowwerig daar uitsien. Hoewel parkeerplekke voorsien word, word orals parkeer. Daar is hoofsaaklik kommersiële dubbelverdiepings, met enkele uitsonderings waar vierverdieping kantoorgeboue uitstaan. Die regop kante van die Eerste Nasionale Bank by die kruising met Van der Waltstraat definieer die hoek en poog om 'n bydrae tot die straat te maak. Oos van Van der Waltstraat doen min geboue hom dit na, waar talle motorhandelaars die sypaadjie verdring. Hoewel die sypaadjiee in die gebied baie gebruik word, is hul in 'n algemeen onversorgde toestand met bitter min aandag aan die rante.

Op pad na die Apiesrivier is steeds 'n paar basaarwinkels wat stoepe oor die sypaadjies projekteer, sowel as ander randgeboue voordat Strubenstraat kinkel om die Uniegeboue vol in sig te bring. Die Apies word onseremonieel oorgesteek met 'n brug wat geen erkenning aan die rivier gee nie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 214 |
| ERFNOMMER | 62/R – Blok 20 |
| HUIDIGE GEBRUIK | NASKO: Jansenhuis |

Enkelverdieping woonhuis wat detailleerde gewelmuur met erkervenster, toring met vissklubteëls en leundakstoep na die straat keer. Die stoepdak strek om twee kante van die huis en word gedra deur uitsonderlike houttralie en -lyswerk, alles geprofileer. Die ingang word aangedui deur 'n klein staandakkie en houtpediment tussen die gewelmuur en die stoepie. Mure – met paneel en sierkroonwerk – is saamgestel uit rooi siersteen en geverfde pleister; klipplint, saamgestelde sinkdak met nokentruiters en verskeie dakventilators met sierkroonwerk. Groot houtraamvensters, sommige met hortjies, asook houtvloere (soms bedek met viniel). Persstaalplafonne, gietysterkaggels. Stalle en buitegeboue aan die noordekant.

Palmside (soos dit vroeër bekend was) dateer uit 1888 en is 'n bewaarde voorbeeld van Victoriaanse woonhuisargitektuur in die middestad. Dit is intussen as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar en deels gerestoureer, sodat dit in goeie toestand is. Van die eens groot tuin het net die stukkie voor oorleef, waar dit die oorspronklike uitleg behou het. Tipologies, kultuurhistories en andersins van belang. Bron: UP Dokumentasie; NASKO.



ADRES Strubenstraat 242, h/v Andries
ERFNOMMER 2976 – Blok 20
HUIDIGE GEBRUIK Binnelandse Sake, Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling: Civitas gebou

Vierkantige kantoorblok van 32 verdiepings (en kelders) op podium wat teen die sypaadjie langs drie straatkante verrys. Vlekvrye staalkolomme aan elke sy strek vertikaal buite die gebou, met donker, horisontale dubbelglaswande in staal- en aluminiumrame verder. Geartikuleerd met projekterende glasstroke (as sonbeskerming en fasadeverdeling). Afgewerk in graniet, met arbetonpaneelwerk en leiklip plaveisel.

'n Ontwerp van Daan Kesting en Vennote is Civitas opgerig in 1972. Laat modernisme word weerspieël in die strakheid, klem op die horisontale en die tydgenootlike abstrahering van kunsvoorwerpe buite en binne die gebou. Omliggende strate word benadeel deur die podium, wat 'n grys, dooie wand na die straat draai, soveel so dat dit die tipiese Pretoriase toringblok genoem kan word. Bron: Daan Kesting en Vennote.

ADRES Strubenstraat 279
ERFNOMMER 112/R – Blok 15
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel en kantore: TLU-Gebou



Platdak, vierverdieping, blokvormige gebou met winkelruimtes en portaal onder, kantore bo. Die buitemure is van siersteen met mosaïekbekleding, granolietpanele op kantelblad bo sentrale winkels, aluminiumraam winkelvensters op grondvlak. Die asimmetriese grondvlak dien as 'plint'; die res van die fasade word deur geverfde argitraaframe in eweredige reghoeke ingedeel, elk met 'n staalraamvenster op 'n kort muurtjie met mosaïek beklee. Die portaal met uitgeswaaide trapstuk, poleerde granolietteëls en groot matglaspanele.

Die gebou verteenwoordig die moderne styl onder die Suid-Amerikaanse invloed, hoewel gestroop van alle pretensie en onnodige elemente. Die uithangbord met letterwerk bo die ingang is tiperend van die era. Die ontwerp van Philip Nel & Vennote, argitekte, is besadigd en vertoon netjies.

ADRES Strubenstraat 355, h/v Prinsloo
ERFNOMMER 121 – Blok 18
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel

'n Dubbelverdieping gebou, gerond om die straathoek met voorafvervaardigde- en pypkolomme waarop 'n blad rus. Die verdieping met plat dak is effe teruggesit. Op die aangrensende hoek vorm Strubenstraat 352 (erf 79, blok 24) dieselfde geronde hoek van 'n enkelverdieping. Tipologies



belangrik op die straathoek, met projekterende verandas oor die sypaadjie.

Die hoekgebou is 'n belangrike argitektoniese verskynsel, en hoewel hierdie voorbeeld nie baie dramaties is nie, bly dit van belang as tipologiese voorbeeld van die kleiner besigheidsgebou uit die basaar-era. Kenmerke soos die bedekte stoepe en hoekingange bly met die geheel behoue, maar vensterrame, binneafwerkings en vloerbedekkings is soms verander om voorsiening te maak vir die kommersiële funksie. Voetgangerverkeer verseker die besigheidsfunksie, maar nie die voortbestaan nie. Dokumenteer en fotografeer.



## 5.6 BLOEDSTRAAT



Bloedstraat begin waar Du Toitstraat, Dr Savageweg en Prinsloostraat ontmoet en dra verkeer van hier weswaarts tot waar dit in Marabastad eindig. Dit word gekenmerk deur groot Jakarandabome weerskante en lae geboue vlak teen die straat. Verskeie onversorgde dele waar veranderinge en aanbouings 'n groter indruk maak as die geboue self. Sypaadjies is oor die algemeen vuil en onversorg, hoewel woelig.



Twee onbeboude terreine noord van die straat laat 'n groot gaping in die stedelike vesel: tussen die begin van die straat en Van der Waltstraat ' n huurmotordepot met gepaardgaande informele handel; ook die omheide teervlak tussen Van der Walt- en Andriesstraat dra niks by tot die omgewing nie. Beide terreine is strategies geleë en behoort of ontwikkel te word om die funksie van huurmotorhalte te akkommodeer, of moet oorgelaat word aan ontwikkelaars om die kommersiële funksie wat oorkant die straat floreer, uit te brei.



Aan die suidekant van die straat 'n mengelmoes kleur in advertensies vir klein winkels wet motorparaphernalia verkoop. Tot teen Andriesstraat enkel en dubbelverdiepinggeboue, waarna daar teen die wand van Civitas enkele plantbakke op die rand van die breë plaveide sypaadjie. Verder weg verander die verhouding tussen gebou en straat aan veral die noordekant, waar onafhanklike, losstaande geboue (meestal pakhuise) en parkeerterreine 'n onsamehangende geheel vorm. Na Paul Krugerstraat duur hierdie losse samehang voort om totaal aan die agterkant van Marabastad te verbrokkel.

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 28 h/v Bloed |
| ERFNOMMER | 19/1 – Blok 20 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel Kyk Paul Krugerstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Bloedstraat 225 |
| ERFNOMMER | 22 – Blok 20 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ongebruik (voorheen Speelhoekie Kleuterskool) |



Teruggesette, dubbelverdieping met simmetriese fasade om sentrale ingang. Twee syvleuele projekteer effe na vore, met pilare op stoep en balkon onder 'n leundak daartussen; die balkon is toegebou met 'n houtraam. 'n Sinkstaandak, mure met vals voegwerk gepleister en geverf, alles op siersteenplint. Houtvensterrame en hortjies, houtdeure, granolietvloere en verskeie plafonafwerkings (waarvan die meeste deurgeval/beskadig is). Die gebou is binne toegerus met wasbakke en spoelwaterkloesette vir kleuters en byna al die mure is beskilder met karikature.

Die gebou dateer uit die jare twintig en behalwe dat Burg die

argitek was, is min oor die geskiedenis daarvan bekend. Die skaal, uitleg en die feit dat die hoeksteen deur 'n dokter gelê is, is moontlik 'n aanduiding dat dit 'n kliniek of derglike funksie geakkommodeer het. Dit is nietemin van belang vanweë die styl en periode wat dit verteenwoordig. Vanweë die toestand staan dit gevaar om gesloop te word, wat jammer sou wees aangesien dit oor onbenutte potensiaal beskik en 'n bydrae tot die saai omgewing kan maak. Bron: Burg, Doherty Bryant.

ADRES Bloedstraat 228, 230, 236
ERFNOMMERS 875/2 & /R, 876 – Blok 25
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel, woonhuis en ongebruik



Woonhuisgroep, met op die pypsteelerf 875/2 'n blokvormige enkelverdieping onder sinkstaandak, dakventilator met profileerde lyswerk en (nou) toegeboude stoep onder leundak. Dit is ongebruik. Op 875/R tree geboue, waarvan die suidelike een 'n borsweringmuur – teen die sypaadjie – met verspringende argitraafraam en siersteenpanele bygebou tot 'n eenvoudige sinkstaandak met pleistermure op klipplint; dit word tans gebruik. Die noordelike gebou op die erf het 'n gepleisterde gewelmuur, met steil sinkstaandak en verboude stoep onder leundak en staan ongebruik.



'n Skakelhuis, waarvan die noordelike deel bewoon word en die ander vir besigheid ingerig is, en buitegeboue op 876. Die simmetriese skakelhuis is diep teruggeplaas op die terrein en draai 'n geverfde gewelmuur met pleistertandwerk en leundakkies weerskante na die straat. Die wooneenheid met voorafvervaardigde stoepkolomme en houtvloere, staalplafonne in goeie toestand regdeur. Die buitegeboue behels enkelkamers, store en motorhuise met lae vlerkdakke en pleistermure.

Behalwe vir die skakelhuis is die geboue baie verbou en in redelik tot bedenklike toestande. Afgesien van die waarde as Edwardiaanse woonhuisgroep lê die grootste belang by die skakelhuis en sy buitekamers – wat 'n voorbeeld van vroeë verdigting in Pretoria is. Bron: UP Dokumentasie.

ADRES Prinsloostraat 1 – 13, h/v Bloed
ERFNOMMER 36/1, 36/2, 36/5 – Blok 23
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel: Ratanama
Kyk Prinsloostraat

## 5.7 BOOMSTRAAT







Die gebied noord van Boomstraat word gekenmerk deur oop ruimtes wat deur die Apiesrivier, hier nog nie gekanaliseer nie, op teen en oor die Daspoortheuwel (Witwatersberge) strek. Aan die westekant (erwe R/17 en R/40) is die dieretuin waarlangs Paul Krugerstraat skerp na die rivier wegval en om 'n lang draai na die noorde verdwyn.

Boomstraat is soos die naam aandui tussen twee lane van groot en uitgegroeide bome (Platane) afgepen. Dit begin teen Von Wiellichstraat en loop hiervandaan in 'n oostelike rigting, deur Marabaetad en oor die Steenovenspruit. Net na die dieretuin word dit effe na die suidekant gedwing tot waar dit in die Du Toit-, Bloed- en Prinsloostraataansluiting verdwyn. Behalwe in Marabastad waar die straat aan weerskante deur dieselfde konteks begrens word, is die kenmerkendste aspek daarvan juis die duidelike kwaliteit van skeiding: suid lê die stad, veral met kommersiële bedrywighede; noord tussen die straat en die Apiesrivier is Belle Ombrestasie, die busloodse, oop parkeerterreine, die dieretuin en verdere oop gebiede op teen Daspoortrand.

Noord van Boomstraat en oos van Paul Kruger is die ingang tot die Reptielpark, die klipgeboude stalletjies van momentoventers wat hulle ware ook onder die bome aan die ander kant van die sypaadjie uitetal en verkoop, die ingang oor 'n wye oopte tot die dieretuin self en die Naeionale Kultuurhistoriese Museum.

Die advertensiemuur aan die oostekant van die ingang tot die dieretuin is al afbrekende element in 'n andersins besige, lewendige en gebruikte stedelike ruimte. Hierdie muur adverteer wel die dieretuin, maar verberg terselfdertyd 'n belangrike hoek van die Museum, 'n prominente gebou op hierdie punt net voor die straatruimte as gevolg van die kink in Boomstraat, hier afgesluit om saam met die ingangsplein van die dieretuin 'n bepaalde ruimte te skep.

Die dieretuin wat sedert 1899 in gebruik is, bly 'n gewilde bymekaarkomplek vir Pretorianers en besoekers van buite die stad. Dit is oorspronklik deur dr JWB Gunning, die eerste direkteur van die oorspronklike Staatsmuseum, in die agterplaas van die museum begin. Teen 1904, na die Vryheidsoorlog, was die huidige gebied netjies omhein en vanaf Boomstraat bereik deur 'n simmetriese ingang bestaande uit twee los geboutjies weerskante van 'n hek. Die fontein wat Sammy Marks aan die stad geskenk het en eers op Kerkplein gestaan het is later in die Dieretuin opgerig. Dit is vanaf die gietery van MacFarlane & Co in Glasgow. Bron: Baily (1989); Meiring (1980); Picton-Seymour (1977); Stadsraad fototeek.




*Die Boomstraat Museum in ca 1899. In die voorgrond die pas voltooide hek na die dieretuin.*

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 203, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 842/R – Blok 25 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |
| | Kyk Paul Krugerstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 229 |
| ERFNOMMER | 845/1 – Blok 25 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |



Enkelverdieping, simmetries om sentrale boogingang; stoep met voorafvervaardige pilare en leundak, gewelente wat eindig in sierpunte weerskante met ronde ventilatorpanele en sentrale dakventilator met profileerde lyswerk. Buitemure met vals voeë, gepleister en geverf; houtvensters en deure. Die straatheining bestaan uit diamantdraad gespan tussen gepleisterde pilaartjies. Twee skoorstene met kroonrand.

Laat-Victoriaans/Edwardiaanse woonhuis in uitstekende toestand, met oorspronklike details en groepsbelang by die huise op 3135 en 847.

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat |
| ERFNOMMER | R/17 – Blok 28 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Museum |



Die Ou Museum front na Boomstraat en is gebou op die erf van die dieretuin. Die ingangshek onder 'n halfronde timpaan van sandsteen is in die middel van 'n simmetriese fasade tussen twee ryk gelede pawiljoene wat hoog bo die staansinkdakke van die laer museumruimtes reik. Sandsteensnywerk kom ook op die pawiljoene voor, bo Korintiese kapitele en pilasters. Prominente driehoekige dakventilators kom op afgemete afstande in die staandak voor. Die gebou is vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die hoeksteen is in 1899 deur dr. N Mansvelt, Hoof van onderwys in die ZAR gelê. Die oorlog het tussenbeide getree en die museum is gevolglik eers op 15 Desember 1904 amptelik deur die agerende Luitenant-goewerneur, Sir Richard Solomon ge-open.

Die gebou is benadeel deur die onsimpatieke aanbouing van 'n ruimte om reuse skilderye van die Boere-oorlog te huisves. Die verwydering van hierdie struktuur en die herstelling van die tipiese binnehofontwerp van 'n Staatsgebou deur die DOW van die Zuid-Afrikaansche Republiek is wenslik. Die gebou is verder in 'n swakkerige toestand en kort onderhoud, selfs restourasie. Dit is, afgesien van die hietoriese waarde, 'n belangrike stedelike landmerk. Bron: Hugo (1987); Meiring (1980); Stadsraad fototeek.



| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 2, h/v Boom |
| ERFNOMMER | 3135 – Blok 26 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis Kyk Andriesstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 257 |
| ERFNOMMER | 3057 – Blok 26 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Flora Court |

Drieverdieping om binnehof gebou met buitemure van twee kleure siersteen en staandak van sink. Projekterende balkonne (waarvan sommige toegebou is) kom bo mekaar voor, ook bo die sentrale ingang met geronde muurprojeksies van soldaatlaag steenwerk. Staalraamvensters, granoliet gangvloere en platplafonne.

Sombere Art Deco en Internasionale invloede, met die swaar daklyn wat herinner aan Frank Lloyd Wright se Prairiehuise. Tipologies van belang as mensvriendelike en multiverdieping woonplek in die stad.



| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 278, h/v De Waal |
| ERFNOMMER | 2058/1 – Blok 28 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Stoorplek |

Dubbelverdieping woonhuis met hoofgewel effens na die straathoek gedraai. Mure, bo 'n klipplint, is rugepleister en geverf, die staandak sonder windvere is met kleidakpanne bedek en skoorstene troon hoog bo die nok uit. Vensters is redelik klein met houtrame bo en staalrame onder, deure is van hout en is soos die vensterrame groen geverf. Min het

van die tuin oorgebly en die gebou word vandag as 'n stoorplek gebruik.

Die huis is eenvoudig met definitiewe, hoewel vereenvoudigde, Arts en Crafts pretensies. Dit help, saam met die museum, om die knak in Boomstraat te definieer.



| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 294 & 296, h/v Margaretha |
| ERFNOMMERS | 2060/1, /2 & /R – Blok 29 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ongebruik |

Vier skakelhuise in twee afsonderlike eenhede. Een eenheid rig na Boom- en die ander na Margarethastraat. Alle huise direk na klein voortuine onder deur verandas bereik. Die sinksaaldak knak direk in verandas oor en skeidingsmure projekteer bo die daklyn uit. Huise is erg verwaarloos en tans in onbruik. Een stoep is toegebou, houtraamvensters is met staal vervang, maar die houtkosyne met syligte is nog in posisie. Kennis van hierdie huise se plasing, ontwerp en geskiedenis is belangrik omdat hulle van die eerste verdigtingepogings in Pretoria in pag hou. Min van hierdie skakelhuise het in die middestadgebied oorgebly. Hulle behoort minstens deeglik gedokumenteer en fotografeer te word.




| | |
|---|---|
| ADRES | Margarethastraat 2, h/v Boom |
| ERFNOMMER | 2065 – Blok 30 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis Kyk Margarethastraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 306 & 310, h/v Lewis |
| ERFNOMMERS | 2242 & 2241 – Blok 31 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

Twee groter huise, wat heelwat verander is en waaraan onooglike aanbouings gedoen is. Belangrik as oorblywende getuienis van die groter skaal en ouderdom van woonhuise langs Boomstraat in vergelyking met die van Riverdale daaragter. Hulle behoor gefotografeer te word.

# 5.8 PAUL KRUGERSTRAAT



Naas Kerkstraat die straat wat rigting aan die stad gee. Paul Krugerstraat begin bo teen die stasie en strek noordwaarts deur die stad, stop teen die plein, vervolg verby Vermeulenstraat om te daal na die grens van die middestad en om 'n draai buite sig na Capital Park te verdwyn. As 'n tweerigting dra dit heelwat verkeer, ook busverkeer. Die onderbreking van Kerkplein verdeel die straat sodat die deel onder beskouing draties verskil van die gebouevallei van die suidelike deel wat tot teen die stasie strek.

Die Paleis van Justisie en die Ou Reserwebank by Kerkplein begrens die laaste koherente kol van die straat. Kantoorblokke en pogings tot toringgeboue is vereprei langs die eerste blok, waarvandaan geboue losse verhoudinge aanknoop, onderling en ook tot die straat. Enkele plekke van belang vorm 'n besliste grens teen die oostelike sypaadjie, waar hier en daar bome. Die sypaadjie wes van Paul Krugerstraat is veel swakker.



Noord van Proesstraat volg hierdie onsamehangende patroon waar die blok tussen Proes en Struben 'n sameflansing is van sementstroke, plaveisel, enkele bome en bushaltes. Van belang is die Ou Joodse Sinagoge op die hoek met Struben, ook die Panagosgebou daar oorkant.

Na Strubenstraat twee hoekkafees, waar oordekte verandas. Motorhandelaars, werkswinkels en informele parkering oordonder die oorblywende dele sodat dit geen bydrae tot die straat maak nie. Sypaadjies is vuil en word net spitstydroetes vir haastige voetgangers wat deur die motorkar verdring word. Die laaste blok voor Bloedstraat het net bome aan die oostekant.

Terwyl Paul Krugerstraat 'n belangrike roete na en van die stad is, bly dit jammer dat so weinig aandag aan die noordelike deel daarvan geskenk word. Die gevolg is dat die deel tussen die stasie en die plein nie net beter daar uitsien nie, maar ook die deel is wat in mens se gedagte vassteek.



| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 116 |
| ERFNOMMER | 3063/R – Blok 8 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Woltemadegebou |

Platdak, agtverdieping teen sypaadjie, met parkering onder, kantore op grond en eerste vloere, woonstelle op eerste tot sewende, daktuin. 'n Deurloop vanaf die straat gee toegang na die portaal – met 'n mosaïekpaneel en swewende granoliettrappe – en 'n grasperk op die noordoostelike hoek. Die buitemure is 'n samestelling van teëls, mosaïek, holblokke en gepleisterde muurvlakke. Die noordemuur word onderverdeel deur gepleisterde argitraaframe, met 'n geronde, projekterende vorm in rooi, blou en geel mosaïek



sentraal in elke raam, staalraam vensters in horisontale bane daarbo.

Toonbeeld van die Suid-Amerikaanse invloed op die Pretoriase Internasionale styl, met al die kenmerke van die tydperk. As goeie voorbeeld van 'n kombinasie residensiële gebou in die stad, is dit van belang vanweë die nabygeleë stadsentrum en ook die voorgenome ontwikkeling suid van Vermeulenstraat. Die argitek was WG Mussmann, met die oprigtingsdatum 1961. Die westelike deel is in 1969 aangebou deur Colyn & Meiring, argitekte.



| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 114, h/v Proes |
| ERFNOMMER | 2760/R – Blok 8 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Klubhuis: Deutscher Verein |

Enkelverdieping teen sypaadjie en straathoek, met platdak en dakligte sigbaar agter gevormde dakrand as borswering. Buitemure gepleister en geverf, met geverfde plint en dadolys. Die ingang in Paul Krugerstraat is simmetries met twee vlagpale weerskante, maar lê effe suid op die fasade om totale simmetrie te vermy. Smeeyster letterwerk en heraldiese patrone beklemtoon die ligging van die ingang, wat net van die straat gelig is.

Houtraamvensters op plekke; interieur grootliks verander met vals plafonne en matte op sommige van die houtblokkiesvloere.

Die klub bestaan reeds sedert 1888, maar die klubhuis dateer uit 1933 (hoeksteen). Die sombere Art Deco en Internasionale geboutjie wat so prominent op die hoek staan, is van belang vanweë die assosiasie met die Duitse gemeenskap van Pretoria. Die eksterieur is redelik ongeskonde. Dit is ontwerp deur die firma van Kallenbach, Kennedy & Furner. Bron: J Walker, RGN.




| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 70, h/v Struben |
| ERFNOMMER | 103 – Blok 14 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Pakhuis |

Dubbelverdieping basilika-tipe gebou met hoogs geartikuleerde en detailleerde wesfasade wat simmetries om die sentrale ingangsboog is. Ui-koepels, bedek met gevormde visskubplate, weerskante van die ingang op oktagonale torings, met gewel daartussen. Onder die sierkroonlys 'n paar konsentriese perdeskoenboë, met roosvensterraam daarbinne (die roosvenster is in 1958 verwyder) en die ingang tussen pilasters en kolomme daaronder. Symure met vyfledige indeling soos die naaf binne. Die buitemure is saamgestel uit afwisselende bane rooi siereteen en gekapte klip op 'n klipplint – alles intussen wit geverf. Gegolfde plaatmetaal staandak met lantern-daklig en gekleurde glaspanele. Die houtvensterrame eindig in perdeskoenboë, andersins patryspoortvensters in

baksteenomrandings.

Parketvloere, voorafvervaardigde kolomme, skulptureerde deurkosyne en handrelings op die twee balkonne, besondere persstaalplafon en houtkroonlys binne.



*Die Ou Sinagoge teen die eeuwenteling*

Die Ou.Joodse Sinagoge – ontwerp deur Ibler & Beardwood – dateer uit 1897 (hoeksteen in 1958 verplaas na nuwe sinagoge in Pretoriusstraat) en toon laat-Victoriaanse kenmerke, maar met 'n besliste Bisantynse en veral Moorse invloed. Dit is terselfdertyd 'n uitsonderlike voorbeeld van 'n basilika, kompleet met apse. Kultuurhistories lê die belang veral by die Joodse gemeenskap van Pretoria, en persone soos Samuel Marks het sterk bande met die gebou en gemeente gehad. Hy het onder meer die stene en elektriese installasies geskenk en 'n groot bydrae gemaak tot die soms benarde finansiële posisie van die gemeente. In 1958 is die serwituut op die erf oorgedra op die eiendom in Pretoriusstraat en het die staat eienaar van die gebou geword. Ongelukkig is die kandelare, brandskilderglas en roosvenster saam met die riligieuse voorwerpe verwyder. Die gebou is 'opgeknap', aangebou, eenvormig geverf en as hooggeregehof ingerig. Gelukkig het die openbare funksie gesorg dat die galerye, trappe en interieur verder redelik onbeskadig is. Dit het later 'n pakhuis vir die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmueeum geword. As belangrike voorbeeld van 'n geboutipe, met besondere styl en periodiese kenmerke, as landmerk en vanweë die assosiasie met die godsdienstige en gemeenskapsentiment is die gebou van groot waarde vir sy omgewing. Bron: Allen (1971); Picton-Seymour (1977); Picton-Seymour (1989); UP Dokumentasie.







| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 28 |
| | h/v Bloed en Boomstraat |
| | 203, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMERS | 19/1 – Blok 20 |
| | 842/R – Blok 25 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommereieel |

Eersgenoemde 'n enkelverdieping kafee met veranda op pilare en afgeknotte hoek, borsweringmure,alles gepleister en geverf.

Laasgenoemde die dubbelverdieping Aspasia Building waar die Zoo-kafee op die hoek. Getrapte borswering met sierlys, balkon/veranda op voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie. Staalraamvensters, gepleister en verf.

Van belang as tipologiese voorbeelde van die kleiner besigheidsgebou uit die basaar-era. Kenmerke soos die bedekte stoepe en hoekingange dra steeds by tot die omgewing en versamel informele handelaars en kopers. Veral Aspasia Buildings is opvallend in die teruggehoue Deco-invloede, verder eenvoudige strukture met enkele veranderings. Dokumenteer en fotografeer.

## 5.9 ANDRIESSTRAAT



Andriesstraat is nog 'n tipiese Pretoriase eenrigting, maar met 'n besliste begin: die T-aansluiting by Boomstraat waar die Ou Museum langs die Dieretuin, alhoewel hierdie stedelike element vir die gebruiker van die straat verlore is omdat dit daarvan weg- eerder as daarheen loop. Van hier klim verkeer suidwaarts deur die middestad tot om 'n draai waar dit in die Fonteinedal verdwyn.

Ruimte(s) word deur die veranderende konteks bepaal – sodat dit wissel van breë sypaadjies met bome in hoofsaaklik 'n laagbou gebied tot besige, plaveide sypaadjies langs multi-verdiepings in die sakekern. Deurgaane domineer motorverkeer die omgewing en selfs dele van die sypaadjie, met parkeerplekke en talle parkades langs die straat.

Naby die Dieretuin woonhuisskaal, met die uitsondering van 'n seweverdieping woonstelblok op die westelike hoek van die Boom- en Andriesstraat aansluiting. Hierdie gebou bepaal 'n ietwat onsimpatieke klem op die aansluiting van die strate. Jakarandas weerskante van die straat strek vanaf die noorde tot naby Vermeulenstraat, sodat dit die straatbeeld versag en die voetgangersruimtes effe afskei van die verkeer.




Tussen Bloed- en Strubenstraat verander die verband tussen straat en gebou waar die Civitas-kantoorblok 'n skerp wand teen die sypaadjie vorm, maar terselfdertyd die illusie van straatmeublement skep met plantbakke in die lae muurtjies. Met enkelverdieping besighede regoor die straat verberg die podium van Civitas die toringblok vir die voetganger. Tussen Struben- en Proesstraat word die oostekant van die straat deur wande van drie geboue gedomineer, waarvan De Kleine Admiraal die opvallendste is. 'n Groot deel van die westelike blok word gebruik vir parkering en tydelike kantore, sodat die ruimte ongestoord wegvloei vanaf die straat. Die tendens herhaal homself net suid hiervan waar Proes- en Andriesstraat kruis.



Hoogbou word van hier die norm, met 'n strak sypaadjierand wes en 'n onderbroke wand oorkant die straat. Die laaste Jakarandas in dié deel van die straat, voordat die vertikale wand aansluit by dié van Kerkstraat (nadat die Bindery van die Stadsbiblioteek 'n vriendelike gewel bo 'n projekterende veranda vertoon). Enkele klein boompies poog om saam met die kantelblad wat die Ou Mutualsentrum oor die sypaadjie projekteer, die ruimte te beinvloed, maar verdwyn tussen die muur van geboue en maak eerder inbreuk op 'n andersins uniforme sypaadjie. Die tekstuur wissel hier veel minder as wat die geval verder noord is. Vanaf Kerkstraat verdwyn die vista suidwaarts deur die middestad, met enkele kantoorblokke nog sigbaar, en van daar word 'n laning Jakarandas die uitsig na die suide.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 252, h/v Andries |
| ERFNOMMER | 327 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bank: Nedbank, Kyk Kerkstraat |




| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 76 |
| ERFNOMMER | 151 – Blok 15 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: De Kleine Admiraal |

Wit seweverdieping blok met houtraamvensters agter horjties en maasdraad ballustrade. Die staandak, met dakligte, strek tussen twee gewelmure, met die dakruimte as die boonste verdieping. Die grondvlak beslaan die ingang, met plaveide parkeerplek en plante, van die straat beskut deur 'n tuinmuur.

Dateer uit 1985, ontwerp deur Horst Roschker en is 'n landmerk, opvallend tussen ander twee- en drieverdieping geboue.

| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 242, h/v Andries |
| ERFNOMMER | 2976 – Blok 20 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Binnelandes Sake, Nasionale Gesondheid en Bevolkings ontwikkeling: Civitas gebou. Kyk Strubenstraat |



| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 11 |
| ERFNOMMER | 847/1 – Blok 25 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Sentrum vir Suid-Afrikaanse Radio Liga |

Enkelverdieping woonhuis met sinkstaandak; gewelmuur met erkervenster na straat, met voorafvervaardigde kolomme op vierkantige basisse en leundak oor stoep. Die stoep strek vanaf die ingang die volle lengte van die huis en om die noordoostelike hoek. Die buitemure is 'n samestelling van pleisterstroke en sierstene (alles nou geverf) op 'n geverfde klipplint. Vensters met houtrame en boogsteenwerk as latei. 'n Buitegeboutjie met soldervenster en saaldak noordwes van die huis.



Laat-Victoriaans/Edwardiaanse woonhuis met talle oorspronklike detailes soos sierpuntwerk op gewel en hout-uilhortjie. Met buitegebou van belang saam met tydgenootlike woonhuise op 335 en 845/1. Dokumenteer.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 2 h/v Boom, 4, 8, 12 |
| ERFNOMMER | 3135 – Blok 26 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

Enkelverdieping woonhuise met klein tuintjies aan straatkant. Andriesstraat 2, h/v Boomstraat, 'n eenvoudige staandakhuis met voor- en agterstoep. Voorstoep met gepleisterde pilare (in swak toestand) en lae muurtjie met gekurfde randstrook, agterstoep met twee stoepkamers.



Pleistermure op klipplint, houtvensters en -vloere.

Andriesstraat 4 & 8 'n skakelhuis sinmetries om die middel, met sinketaandak, geverfde pleistermure op geverfde siersteenplint, houtvensters en persstaalplafonne. In totaal is die huis 'n T-vorm. Stoepe met voorafvervaardigde kolomme om drie kante.

Andriesstraat 12 met gewelmuur en erker langs voorstoep na straat. Saamgestelde sinkstaandak, met siersteen en geverfde pleistermure met randlyste en tandwerk, alles op geverfde klipplint. Ongeverfde houtvensters en hortjies, parketvloer. Kirkness beddingrandstroke in tuin.



Groepsbelang met naasliggende woonhuise wat uit dieselfde tydperk as nommer 12 is. Laasgenoemde die tipiese Edwardiaanse dorpshuis, hoewel met enkele uitsonderlike kenmerke. Veral die skakelhuis in goeie toestand. Dokumentering en fotografering van dié groep is noodsaaklik.







## 5.10 QUEENSTRAAT

Hierdie eenrigtingstraat verbind Vermeulenstraat met Kerk-; dit is taamlik nou en word aan die suide en noorde ingeperk, sodat die straathoeke deur meerverdieping geboue beskerm word (Debruynpark, Norwich Lewens, Santambank). Tussenin enkelverdiepings soos Grossbergs se prettige winkel en After Dark restaurant. Hoewel dit die voetganger min bewegingsruimte bied, bly die straat aangenaam vanweë die klein winkels en vermaak daarnaas. Die Moskee (binne Debruynpark) met 'n verskuilde ingang van belang.


| | |
|---|---|
| ADRES | Queenstraat 51 |
| ERFNOMMER | Deel van 2682 – Blok 1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Moskee |

Vierkantige bedesaal onder teëltentdak met sentrale uikoepel van koper; stoepe strek langs die suid- en ooskante, minarette op hoeke met hoofminaret van vier verdiepings op suidoostelike hoek, gekroon met koper uikoepel. Geartikuleerde pleistermuurvlakke met samestelling van vals voeë en voorafvervaardigde elemente soos sierkruike en ballustrade, alles op klipplint. Eenvoudige interieur met persstaalplafonne, geartikuleerde muurvlakke, mat op vloer. Houtraam swaaivensters met loodglas in goeie toeetand. Dubbelverdieping, platdak bybouings suid van hoofgebou, met wasgeriewe onder, toiletgeriewe en woonstel bo.

Dateer uit 1928 (hoeksteen) en is 'n goeie voorbeeld van die moskee binne die Transvaalse stedelike konteks. Hoewel die gebou tans versteek is en langs 'n onsimpatieke ingang bereik word, bly dit 'n argitektoniese landmerk van veral kultuurhistoriese belang en met belangrike Moslemverbintenis. Keurige, dekoratiewe detail in goeie toestand. Bron: Meiring (1980), UP Dokumentasie.

## 5.11 VAN DER WALTSTRAAT

Van der Waltstraat dra verkeer vanaf die Fonteinedal verby Bereaklub, Burgerspark en deur die sakekern waar dit Kerkstraat kruis, om te daal na die noorde waar dit in Boomstraat doodloop.



*Pretoria in 1890. Van der Waltstraat in die voorgrond met die Kerk op die plein heel links.*



Suid van Kerkstraat begrens Strijdomplein die straat. Waar Kerkstraat Van der Walt- ontmoet, beskryf die OK Basaar en Garlicksgebou (onderskeidelik agt en vier verdiepings) die “ingang” tot hierdie deel van die stad. Agter hierdie poort daal die hoogte waar twee- en drieverdieping kommersiële geboue, met die gebou op die suidoostelike hoek van Vermeulen en Van der Walt 'n goeie voorbeeld van die Pretoriase veranda-sypaadjie. Op die suidwestelike hoek staan swaar geplant twee agtverdiepings. Die sypaadjie is soos die omgewing s'n geplavei tot teen die gebou, met winkelingange en uitstalventers direk daarlangs.

Transvaal House se toringblok van drie-en-twintig vloere met die podium wat oor die voetgangersgebied kantel is noordwes van die kruising met Vermeulen. 'n Oop ruimte – teruggesit van die straat – bied toegang na besighede en die boonste vloere, met 'n abstrakte skulptuur op die grens tussen die terrein en die sypaadjie. Oorkant die straat 'n aantrede (eerder as plein) tot die hoofingang van Munitoria. 'n Gebroke gedenkboog, opgedra aan slagoffers van terrorisme, poog om die sypaadjie te verhef, met die res geplavei en begrens deur die sekuriteitsheining om



Munitoria en 'n laning Jakarandas. Enkele losstaande plantbakke skep die illusie van straatmeublement, terwyl die sypaadjie oorkant Van der Waltstraat veel slegter daaraan toe is; sementstroke dien as loopvlak met 'n groepie bome aan die noordekant.

Tussen Proes- en Strubenstraat Steyns Ford se uitstallokale – afgeskerm deur 'n enkele boom – en werkswinkels teruggesit van die sypaadjie met 'n breë plaveide strook sonder simpatie met voetgangers. So ook die werkswinkels op die hoek waar Struben kruis, wat teruggesit is van die straat sodat die ruimte uitvloei en te laat gestuit word teen die gebou; hierdie ruimte word parkering omdat dit vir geen ander doel dien nie.




Die straatruimte tussen Struben en Bloed is meer sinvol. Die plaveide sypaadjie is danksy die Steynskorgebou toeganklik en beskermend. Weerskante hiervan is klein winkels op die straathoeke. Die voetgangersgebied (waar informele handel floreer) word weerskante van die straat beskut deur 'n laning bome, wat net onderbreek word waar Brownstraat vanaf die ooste aansluit.

Die sukses waarmee bogenoemde blokke motors en mense skei is opeens verlore noord van Bloedstraat, waar oop terreine weerskante van die straat. Kleinhandelaars suid van Bloedstraat begrens die oopte. Hierdie "pleine" word geskei deur 'n laning bome, wat ook skadu verskaf aan voetgangers, huurmotors en straathandelaars. Van der Waltstraat daal om te eindig in Boomstraat; 'n filter van bome verskuil Edwardiaandse dorpshuise waar die T-aansluiting waaragter Riverdale.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 302, h/v Van der Waltstraat |
| ERFNOMMER | Deel van 3357 – Blok 3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Garlicks Kyk Kerkstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 144, h/v Vermeulen |
| ERFNOMMER | 3200 – Blok 10 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Munisipale kompleks: Munitoria |



Uitgestrekte L-vorm van tot nege verdiepings, met hoofingang vanaf plein op die suidwestelike hoek van die blok. Platdak met buitemure van poleerde granietpanele, reflekterende glas in aluminiumrame, en beton beklee met mosaïek. Binneruimtes bestaan uit projekterende betaalsale, raadsale en kantore, sodat afwerkings hoofsaaklik verskuifbare partisies is.

Hierdie landmerk is in 1969 voltooi na die ontwerp van Burg, Lodge & Doherty en is tiperend van die firma se latere werk (vergelyk die Kunsmuseum in Arcadia en die

Reserwebank). Die styl is Miesiaans-modernisties en strak, met funksies uitgedruk in vorm, ook met die kenmerkende klem op die horisontale vensterstroke. Die sekuriteitsheining veroorsaak egter dat dit afgesny is van sy omgewing en sy gebruikers. Die gebou was een van die eerste grootskaalse ingrypings in die beplanning van die "nuwe" Pretoria waardeur die kommersiële lewensare van die middestad deurgesny is. Dit is van belang vanweë die plasing en funksie. Uitbreidings oor Vermeulenstraat gaan (glo) uitreik na die burgery waarvoor die gebou beplan en gebou is. Bron: Burg, Doherty & Bryant.








## 5.12 PRINSLOOSTRAAT

Prinsloostraat strek vanaf die bymekaarkoms van Boom-, Bloed-, Du Toitstraat en Dr Savageweg as 'n eenrigting suidwaarts deur die middestad en op na die Fonteine.

Teenoor die begin van die straat is die drieverdieping Carbonatto Gebou (1938) – die enigste aanduiding van afsluiting. Van hierdie punt af word die sypaadjies teen Prinsloostraat 'n besige plek vir informele handel en huurmotorbedrywighede; baie motors gebruik die straat en baie mense die sypaadjie. Vanaf Bloed- tot Strubenstraat is weerskante van die straat lae, kommersiële geboue met klein, besige winkels, waarvan dié op die noordwestelike en suidoostelike hoeke van belang vanweë die voorkoms van tipiese verandas op voorafvervaardigde kolomme oor die sypaadjie. Op die noordwestelike hoek van die kruising 'n drieverdieping kantoor/kommersiële geboutjie wat regop en fier die hook volstaan.

Verder suid van Struben word.die informele en formele handel voortgesit; sypaadjies is besig (die oostekant beskut onder verandas) en die ruimte en funksie van straat en sypaadjie vloei ineen. Die patroon word onderbreek op die noordwestelike hoek waar Du Toit- en Proesstraat ontmoet: hier is die straatruimte ongedefinieer na en van die parkeerterrein van die Instituut van Opleiding. Hoewel ommuur en met bome op die sypaadjie, bly die gemis van 'n gebouwand om of die straat of die plein-kwaliteit van die hoek te verhef, veral met die regaf wand van 'n vierverdieping woonstelgebou op die noordoostelike hoek.

Tussen Proes- en Vermeulenstraat behou die oostekant van die straat deels die handelsfunksie, met kleiner winkels verder van mekaar. Die verste hoek word beset deur enkelverdieping winkels agter projekterende verandas, met verder suid 'n losstaande winkelgeboutjie van belang (Prinsloostraat 126). Hier oorkant Munitoria met 'n omheinde parkeerterrein waaragter kantoorvleuels strek, sodat die ruimte eers teen die oorkant van die blok gestuit word. Die sypaadjie teen die munisipale gebou is redelik versorg met selfs struike en 'n dubbele laning bome om skynbaar te kompenseer vir die boomlose sypaadjie vanaf Proesstraat tot Midtown.

Die laaste blok tussen Vermeulen- en Kerkstraat word gekenmerk deur die leweloosheid van beide straatkante. Eerstens die tydelike parkeerterrein op die toekomstige plein (met diamantdraad omhein) en 'n stowwerige sypaadjie, waaragter die Sammy Marks- en Kynochgebou ongebruik staan; daar oorkant die nuwe Reserwebank toringblok bo 'n ongebruikte randplein. Hoewel dié ruimte goed versorgd en op die oog af aangenaam daar uitsien verseker dit nie gebruik nie, wat tot gevolg het dat die blok van die bank seer uitstaan as 'n dooie punt.

Tussen die Fedlife gebou en die Staatsteater verdwyn Prinsloostraat op tussen boomlanings na die suide.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 370, h/v Prinsloo |
| ERFNOMMER | 3277 – Blok 4 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Hoofkantoor: Reserwebank<br>Kyk Kerkstraat |



| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 126 |
| ERFNOMMER | 3232, ook aangegee as deel van 3295 – Blok 11 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |

Simmetriese enkelverdieping winkelgebou met sink veranda op gietyster kolomme (een is vervang met 'n paal) oor sypaadjie. Houtraam winkelvensters en twee teruggesette winkelingange met houtdeure. Buitemure geverf en gepleister met geverfde plint, geartikuleerde borsweringmuur bo veranda. Persstaalplafon in goeie toestand en granolietvloere binne.

Kontekstuele en kultuurhistoriese van belang as tipologiese voorbeeld van die basaar-era en kommersiële geboue rondom die eeuwenteling. Toestand redelik en herstelbaar, veral omdat die geheel ongeskonde is. Bewaring en dokumentering voorgestel.




| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 112, h/v Proes, en Proesstraat 361, 359, 357 & 355 |
| ERFNOMMERS | 205/6, 206/R – Blok 11 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |

Enkelverdieping hoekgebou met vier winkels wat aan Prinsloostraat front; afgeskuinsde hoek met pediment, sinkplaat veranda oor sypaadjie op gietyster kolomme. Sinkstaan dak met borsweringmure tussen winkele. Mure gepleister en geverf, vensters van staal en aluminium en wisselende binne afwerkings.



Aangrensend is vyf enkelverdieping winkeltjies (vroeër skakelhuise) teen die straat. Klein stoepe – nou toegebou en met tralies. Sinkstaan en -leundakke met borswering brandmure wat bo uitetaan, pleister en verf op mure. By nommers 361 en 357 nog oorspronklike skuifraamvensters van hout.

Die hoekwinkel is 'n belangrike tipologiese voorbeeld van kommersiële gebou uit die eerste jare van hierdie eeu. Hoewel taamlik verander is die toestand redelik, en kan dit goed herstel word. Saam met die geboue op erwe 206 en 3232 van kontekstuele belang as die enigste oorblywende basaar-tipe winkels wat vroeër die hele omgewing beset en gekenmerk het. Die skakelhuise as sodanig van belang. Veral die voorplasing en skaal is uitsonderlik, asook die verband met die hoekgebou, wat dui op die vermenging van funksies

in hierdie deel van die stad. As 'n groep behoort dit ondereoek, gedokumenteer en bewaar te word. Die huidige funksie dui reeds op die uitvoerbaarheid hiervan.

| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 355, h/v Prinsloo |
| ERFNOMMER | 121 – Blok 18 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel, Kyk Strubenstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 1 – 13, h/v Bloed |
| ERFNOMMERS | 36/4, 36/2 – Blok 23 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Ratanama |



'n Enkelverdieping, met sinkstaandakke saamgebind deur die aaneenlopende veranda op kolomme, met 'n afgeskuinsde hoek geartikuleerd.

Dié hoekgebou is van belang as tipologiese voorbeeld van die kleiner besigheidsgebou uit die basaar-era. Kenmerke soos die bedekte stoepe en hoekingange bly met die geheel behoue , maar vensterrame, binneafwerkings en vloerbedekkings is soms verander om voorsiening te maak vir die kommersiële funksie. Voetgangerverkeer verseker die besigheidsfunksie, maar nie die voortbestaan nie. Dokumenteer en fotografeer.

## 5.13 DU TOITSTRAAT







Kerkstraat vorm 'n opvallende skeiding in die tekstuur van Du Toitstraat. Die gedeelte na die noorde word deur meerverdieping kommersiële geboue begrens, met geen bome en sypaadjies direk langs winkels. Suid van Kerkstraat begin 'n boomlaning weerskante van die straat, met minder besige sypaadjies en selfs minder verkeer.

Waar Du Toit en Kerk kruis word drie straathoeke beset deur meerverdieping geboue, Swiss Inn en Apollo Sentrum suid, die NHG-gebou en Hoofgebou van die Technikon onderskeidelik noordwes en noordoos. Die eenverdieping projeksie van die Technikon is die laagste, maar slaag daarin om die hoek so te beset dat die loodregte kruising duidelik lees as die ontmoetingspunt van twee belangrike strate. Die oostewand van die blok word gevorm deur 'n straatwand saamgestel uit beide geboukante en grensmure, wat reg op die breë, plaveide sypaadjie eindig. Teen die straatkant beskerm bome die sypaadjie en losstaande meubliment. Die westekant word naas die NHG-gebou begrens deur 'n laning bome met die grensmuur van die Nederduits Hervormde Kerk daaragter. Die kerkgebou staan los van die straat en skep die indruk dat dit op 'n plein staan, hoewel dit glad nie die geval is nie: die parkeerterrein om die gebou is onversorg. In die agtergrond is die Reserwebank sigbaar.

In die blok noord van Vermeulenstraat word die boomlanings voortgesit, met aan die westekant 'n breë goedversorgde sypaadjie, plavei tot teen die Tomkor Sentrum wat die hele blok beslaan. Die sentrum slaag daarin om die sypaadjie ruimtelik te beskryf deur die terugplasing van die sentrale gedeelte tussen amperse hoekbastionne; die sypaadjie word benut. Die oostelike grens van die straat is minder goed daaraan toe: op die hoek van Vermeulen en Du Toit is 'n motorhawe met daarnaas 'n onopvallende vyfverdieping waaragter die parkeerterrein van 'n supermark. Van hier bloei die ruimte as't ware na Proesstraat sonder om 'n plein te vorm en is dit onversorg en swak ontwikkel. Die sementstrook-sypaadjie tussen gronderige parkering is onaangenaam.

Noord van Proesstraat word die straat aan die oostekant beset deur twee-, tot drieverdieping kommersiële geboue en store, tot waar 'n woonhuis op die hoek van Du Toit en Prinsloostraat die patroon breek. Motors en afleweringsvoertuie parkeer die sypaadjie en die straat vol, sodat min oorbly vir gebruik deur voetgangers. Die westelike straatwand word verdeel deur Shepherdstraat, met die gedeelte tussen Proes en Shepherd wat enkelverdieping kommersiële funksies huisves agter 'n ongelyke plaveide strook waar meer motors as mense dit waag. Noord van Shepherdstraat kurf Du Toit wes, om 'n blok later by Boom- en Bloedstraat aan te sluit. Die dubbelverdieping Rekenorthgebou, effe terug van die sypaadjie, volg hierdie

kurwe met beplanting en gebouwand.

Vanaf die kruising van Struben en Du Toit swenk laasgenoemde skerp weg, sodat die boomryke kampus van die Tegniese Kollege 'n visuele eindpunt aan die noordekant is. Vir die laaste blok langs Du Toitstraat bly die Kollege aan die noordoostelike kant agter 'n struikheining, met ligte industriële gebruik oorkant die straat waar geen bruikbare sypaadjie nie. Die straat eindig waar Du Toit verder verbuig word in Bloedstraat waar ook Prinsloo begin.

Soos die meeste strate wat parallel aan Du Toit loop, word die instandhouding van die noordelike deel van die straat afgeskeep, hoewel hier meer straataktiwiteit is. Aan die rand van die middestad, is dit een van die min noord-suid tweerigtingstrate in Pretoria en beweging daarlangs, in enige van die twee wettige rigtings, laat mens onthou dat Pretoria se middestad in 'n vrugbare vallei tussen twee heuwelreekse aangelê is.

| | |
|---|---|
| ADRES | Du Toitstraat 175, h/v Kerk |
| ERFNOMMER | 2678 – Blok 4 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: NHG-gebou |



Vyfverdieping woonstel- en winkelgebou, platdak agter borsweringmuur, baksteenmure met balkonvlakke en projekterende balkonne gepleister, verskeie balkonne toegebou; vensters breek die hoeke en klein patryspoortvensters dien as versiering na Kerkstraat, binnemure is gepleister en vensterrame is staal Die gebou is in 'n redelike toestand.

'n Netjiese en belangrike hoekgebou in die styl huiwerend tussen Modernisme en Art Deco. Uitstaande kenmerke is die balkonne, gerond aan die een kant en reghoekig aan die ander ('n algemene benadering by Pretoriase geboue wat Art Deco najaag), die sterk afwisseling van die soliede en horisontale lyne gevorm deur die pleistervlakke en skadubande en die ryke verskeidenheid vensters wat alles tot een suksesvolle sintese gevoer is. Volgens notules van die Kerkraad is die gebou in 1937 deur Geers & Geers (Johannesburg) ontwerp – wat ook vir Sher Court verantwoordelik was. In 1944 is die boonste vloer deur Hendrik Vermooten laat aanbou; hierdie was sy eerste groot projek in Pretoria nadat hy Geers & Geers verlaat het. Bron: Nederduitsch Hervormde Kerkargief; Hendrik Vermooten Du Plooy en Oosthuizen (argitekte); J Walker, RGN.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 404, h/v Du Toit |
| ERFNOMMER | 1161 – Blok 5 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Akademiese gebou: Technikon Hoofgebou Kyk Kerkstraat |



ADRES Du Toitstraat 169
ERFNOMMER 3075 – Blok 4
HUIDIGE GEBRUIK Kerk

Losstaande kerkgebou op groot terrein, gebou van siersteen en sandsteenbande -dakrandlaag en -dekorasie. Plint van ru sandsteen en donkerblou siersteen. 'n Vierkantige toring onder 'n spits en versierde toringdak staan hoog bo die sinkplaatdak. Romaanse boogvensters in die gewelente en aanbouings skep die indruk van 'n basilika. Dit is in 'n goeie toestand, maar die kaal parkeerterrein doen afbreuk daaraan en die gebou staan los van die stad.

Die kerk is een van die geboue wat deur Kruger se Hollanders gebou is, hierdie een deur Kraan en Wijers. Dit is 'n belangrike landmerk en 'n goeie voorbeeld van die eenvoudiger en aangepaste “Vlaamsche Renaissance”-styl waarin hierdie argitekte na die Vryheidsoorlog (1904-1905) ontwerp het. Die toring toon tekens van die Victoriaanse Art Nouveau, ook waarneembaar in die opsigterwoning in Burgerspark. Dit is reeds 'n nasionale gedenkwaardigheid, word tans restoureer en inligting is beskikbaar by die Kerkargief en in 'n gedenkboek van die gemeente se 125-jarige bestaan in 1980. Bron: Kuijers (1985); Meiring(1980); RNG-leêr 3/1/3/Pre/72; Holm Jordaan Holm, argitekte.



ADRES Du Toitstraat 60, h/v Edward
ERFNOMMER 1133/3 – Blok 19
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuis

Enkelverdieping met hol-bol gewel en stoep met voorafvervaardigde kolomme onder leundak aan Du Toitstraat kant. Sink staandak met geverfde siersteen en pleistermure, houtvensters en deel parketvloer. Omhein met 'n klein tuin.



'n Tipies Edwardiaanse dorpshuis, effe verlore in die kommersiële konteks, maar groepsbelang met soortgelyke woonhuise langs die Apiesrivierkanaal (soos die op erwe 808/8 & 808/9). Hierdie band behels hoofsaaklik die skaal langs die kanaal, waar min hoë geboue voorkom. Die huis is in 'n swak toestand en benodig onderhoud en aandag.


## 5.14 DORLASSTRAAT



'n Kort eenrigtingstraatjie tussen Kerk en Vermeulen wat oor een blok strek. Strak wande van motorhandelaars strek teen die suidekant, ook waar die Technikon op die noordwestelike hoek, met die Ou Sinagoge direk oorkant. Soos Edwardstraat is Dorlas deel van die netwerk klein straatjies wat die oorgang na die Apiesrivier vorm en waar die meeste van die geboue hul rug op die straat draai, behalwe waar laaisones en afleweringstoegange. Geen voorsiening vir voetgangers nie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Dorlasstraat, h/v Vermeulen |
| ERFNOMMER | 20/7 – Blok 6 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Stoor/handel |

Reghoekige dubbelverdieping gebou met vlak projekterende en geronde hoekgedeeltes by hoofingang, plat dak agter borswerings, gepleisterde mure (binne en buite), staalraamvensters en teëlvloere.



Kultuurhistoriese belang as een van die oudste sinagoges in Pretoria. Die gebou is in 1937 opgerig nadat van die Jode van die Pretoria Hebrew Church Society, gevestig in die Paul Krugerstraat sinagoge, weggebreek het en die Adath Israel Congregation gestig het. In die begin van die jare vyftig het die twee gemeentes weer saamgesmelt, albei die ouer geboue verkoop, en die nuwe sinagoge in Pretoriusstraat gebou. Die gebou is argitektonies een van die beste voorbeelde van die Art Deco en Internasionale style in konflik en samewerking om 'n bekende Pretoriaanse styl daar te stel. Dit is ontwerp deur J Elk. Ten spyte van verwaarlosing en die onsimpatieke huidige gebruik, is die oorspronklike terug te wen, die funksie aanpasbaar en beskik die gebou, binne en buite, oor 'n ryk versameling detail wat van artikuleerde muurvlakke en pilare tot ligarmature strek. Bron: Allen (1971); Meiring (1980); Picton-Seymour (1977); Picton-Seymour (1989); Pretoria Jewish Review, Jan 1950 & Sept 1952; RNG-leêr 3/1/3/Pre/82; South-African Jewish Times, Aug 1975; J Walker, RGN; UP Dokumentasie.





## 5.15 EDWARDSTRAAT

Die mees oostelike straat van die gebied, aangrensend aan die Apieskanaal. Edwardstraat verspring oor drie blokke om verbindings tussen Kerk-, Vermeulen-, Proes- en Strubenstraat te bewerkstellig.


Die noordelike deel vurk vanaf Strubenstraat as 'n eenrigting suidwaarts. Direk oos hiervan is 'n oop erf langs die Apies, met 'n dubbelle laning groot bome teen die straat en langs die kanaal; die skaal van die boomlanings vorm opsigself 'n wand teen die straat wat meer suksesvol is as menige beboude pogings. Wes van Edwardstraat oorweldig store en werkswinkels die drie woonhuise op die blok.

Na die kruising met die besiger Proesstraat vervolg Edward om 'n draai, waar woonhuisskaal eers domineer. Verder noord is enkele twee- en drieverdieping kommersiële geboue tot teen Vermeulenstraat. Enkele groot bome veroorsaak dat die nou straatjie skaduryk is.

Na Vermeulenstraat verspring Edward na die ooste en volg 'n kort en reguit teerstrook wat eindig teen die sesverdieping Leopont gebou. Die eenrigting strek hier van suid na noord (anders as die ander twee blokke), hoewel die noudte en skaal soos voorheen is.

Die Ou Sinagoge en die saaltjie (Edwardstraat 173) is hier die enigste geboue van belang, waar die ander hoofsaaklik motorhandel en werkswinkels huisves. Die hele Edwardstraat maak geen voorsiening vir die stedeling nie; geboue vorm regaf, ontoeganklike, en meestal onversorgde mure daarlangs, sodat dit as 'n geteerde kanaal langs die Apiesrivier strek.


| | |
|---|---|
| ADRES | Edwardstraat 172 |
| ERFNOMMER | Deel van 1016 – Blok 7 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Werkswinkel |



Enkelverdieping saalgebou met vertrapte borsweringmuur teen Edwardstraat. Hierdie fasade is simmetries om 'n boogingang en het afwisselende vertikale siersteenbande – met vertrappende kroon en geronde hoeke – en geverfde pleistervlakke. Golfplaat saaldak en rooi siersteenmure met kopverband elke derde laag, deurlopende staalraam swaaivensters onder 'n geverfde latei. Binnemure gepleister en geverf met 'n persstaalplafon in goeie toestand. Vloere onafgewerkte vlaklaag.

'n Unieke voorbeeld van plaaslike Art Deco, met oorspronklike funksie waarskynlik 'n saal. Kontekstueel is dit van belang met veral die nabygeleë sinagoge, maar dit vorm ook deel van die reeks lae geboue wat die Apiesrivierkanaal begrens. Historiese belang behoort ondersoek en gebou gedokumenteer en fotografeer te word.







| | |
|---|---|
| ADRES | Edwardstraat 119 tot 137, h/v Proes en Edward en Proesstraat 427 |
| ERFNOMMERS | 13/1, 14/2, 14/R, 1173/R, 1173/2, 1173/R/1 en 8/1 – Blok 12 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Musiekskool: Technikon Pretoria |

Ses losstaande woonhuise met talle buitegeboue en motorafdakke, deur 'n betonheining tot een kompleks ingeperk (ingang vanaf Vermeulenstraat). Met die uitsondering van die dubbelverdieping op erfnommer 8/1, is die geboue een verdieping, met saal-, tent-, staan- en leundakke van gegolfde sinkplaat. Behalwe nommer 1173/2 het die huise stoepe op voorafgegote kolomme, maar geponsde lyspanele en houtkolomme by nommer 14/2. Mure gepleister en geverf, plinte nou ook geverf en nommer 1173/2 met leiklip paneel na Edwardstraat. Sommige oorspronklike houtraamvensters, verder staal. Nommer 8/1 met klipplint, besondere erker na Proesstraat en stuk persstaalplafon; aanbouing suid van dié huis met enkelkamers na oop stoep. Hout, granoliet en mat op vloere; tuin met groot bome.

Veral argitektoniese en kontekstuele belang waar die groep, met die uitsondering van nommer 1173/2, die laat Victoriaanse/Edwardiaanse dorpshuis uitbeeld. Die skaal skakel aan by dié van die geboue oos daarvan, waar enkelverdieping geboue teen die Apies lê. Kultuurhistories van waarde weens die aanbouings aan 8/1 wat 'n voorbeeld van vroeë verdigting in die middestad is. Al is die geboue effe verander om die huidige funksie te akkommodeer, is dit in redelike toestand en herstelbaar. Dokumenteer en fotografeer.

| | |
|---|---|
| ADRES | Edwardstraat 120 tot 140 |
| ERFNOMMERS | 808/10, 808/11, 808/2 – Blok 13 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel, kantore en residensieel, Kyk Vermeulenstraat |

## 5.16 RIVERDALE



Riverdale is 'n klein residensiële gebied ingeperk deur die dieretuin, Moscastraat, die ou straatmuur langs Prinshof, Lewis- en Boomstraat. Omdat dit geen deurverkeer dra nie, is mens onmiddelik in 'n ander wêreld nadat die gebied vanuit Boomstraat betree is. Dit het oorspronklik oor erf R/40 tot teen die rivier gestrek.

Dat Riverdale as onafhanklike gebied tot die stadspatroon ontwerp is, is veral in die ongerymde straatpatrone duidelik. Die veel kleiner strate van Riverdale lyn nie op met die stadstrate nie en bedien slegs die wonings.


Met enkele uitsonderings, veral langs Boomstraat, is huise oor die algemeen klein, onpretensieue en skaalsgewys eenvormig. Die belang van Riverdale lê eintlik in die kontekstuele geheel van die woongebied so naby aan die middestad. Hoewel alle huise gevolglik van belang is, is daar sommiges wat die historiese verband tussen straat en erf beter verduidelik en die argitektoniese beter in pag gehou het.

Of Riverdale sy rustigheid die een-en-twintigste eeu sal indra is onseker en twyfelagtig. Die spesifieke straatpatrone, gebouplasings, erf- en gebougroottes moet deeglik gedokumenteer word voordat enige veranderings toegelaat word.



## 5.17 DE WAALSTRAAT

De Waalstraat is 'n kort straat tussen Boomstraat en die aansluiting met die end van Moscastraat. Aan die westekant is hoë draadheinings waaragter kweektrôe en geboue van die dieretuin. Die oostewand word gevorm deur kleiner woonhuise, almal ewe ver van die straat teruggesit en daarvan geskei deur middel van heinings of mure. Huise is skynbaar tot op die boulyne gebou en laat slegs toe vir motorpaaie aan die kante daarvan om die groot agterplase te bereik. Verskeie is heelwat verander, maar hulle het meestal die skaal van die oorspronklike behou.



| | |
|---|---|
| ADRES | Oorspronklik De Waalstraat |
| ERFNOMMER | Vermoedelik 2052 – Blok 28 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore vir Dieretuin: Pierneefhuis |

Enkelverdieping woonhuis met staan- en leundakke van sink. Pilare wes waar vroeër 'n veranda, getrapte gewelmuur noord en bybouings aan westekant. Buitegeboue kom voor.

Die huis waar Jacob Hendrik Pierneef (skilder) grootgeword het met gevolglike kultuurhistoriese belang. Dit is egter heelwat verander en aangebou sonder dat die oorspronklike huis in ag geneem is. Tans deel van die Dieretuin-kompleks en sal nie beoogde uitbreidings oorleef nie. Dokumenteer en fotografeer. Bron: Meiring (1980).



| | |
|---|---|
| ADRES | De Waalstraat 34 |
| ERFNOMMER | 2025 – Blok 29 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |

Enkelverdieping woonhuis met spits kristallyne staandak van sink en 'n veranda op vierkantige houtpilare om twee kante van die andersins blokvormige struktuur. 'n Klokgewel rig na die straat. 'n Dubbel glasdeur loop op die stoep uit. Mure is gepleister en geverf bokant 'n dado van rooi siersteen wat op sy beurt op 'n plint van klip gebou is. Die huis is teruggesit van die straat waarvan dit geskei is deur middel van 'n draadheining.



| | |
|---|---|
| ADRES | De Waalstraat 36 |
| ERFNOMMER | 2021 – Blok 29 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantoor |

Een van die groter woonhuise in die gebied, is die gebou simmetries om 'n sentrale, geboogde ingang. Die veranda, wat moontlik later tot die huis gevoeg is, loop die volle straatwydte van die hoofstruktuur, hang oor 'n stoep gelig van die natuurlike helling van die grond en word ondersteun deur steengeboude pilare. Die dak is van sink, steil en spog met 'n sentrale dakventilator reg bo die voordeur. 'n Verdere spesiale kenmerk is die twee ryklik gelede erkervensters van hout weerskante van die ingang. Trappies lei vanaf die stoep na 'n kort paadjie wat die huis met die straat verbind. Die

oorspronklike straatheining is verwyder. Die huis dien tans as kantore.



| | |
|---|---|
| ADRES | De Waalstraat 40 |
| ERFNOMMER | 2013 – Blok 29 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |

Simmetriese woonhuis onder 'n sinkdak met sentrale dakventilator en nokentruiters. 'n Veranda rus op voorafvervaardigde kolomme wat op hulle beurt ondersteun word deur kort steenpilare wat deel vorm van die ballustrademuur. 'n Paadjie, tussen twee grasperke, lei direk na die straat waar die verwagte straatheining nie meer bestaan nie.

## 5.18 MOSCASTRAAT

Moscastraat vorm vandag die bak van die groot U wat die een straat, met drie name, deur Riverdale maak. Dit word onderbreek deur die latere verlenging van 'n steenmuur onder 'n geronde dekstrook van sement, waarna dit voortloop tot teen Prinshofstraat. Die dieretuin en sy heining vorm die noordgrens, suid is twee huise waarvan een heelwat verander is en die ander veel nuwer as die ander huise in die gebied.

## 5.19 MARGARETHASTRAAT



Margarethastraat is in skaal en voorkoms soortgelyk aan De Waalstraat.

ADRES Margarethastraat 2, h/v Boom
ERFNOMMER 2065 – Blok 30
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuis

Groot woonhuis met klein hoekgewel na straathoek gerig. Die dak is van sink en knak in vele fasette na die veranda wat op swaar kolomme om twee kante van die huis en ewewydig met die strate loop. Dubbel hout-en-glas swaaideure loop na die hoek en langs elke sy na die stoep. Sommige van die houtskuifvensters is vervang met staal swaairaamvensters. Hier en daar het houtswaaihortjies oorgebly. Die agterstoep is oordak en (later) toegebou. 'n Smal tuin word van die straat geskei deur 'n heining waarin 'n hekkie na Margarethastraat. Die huis verdien opknapping.



ADRES Margarethastraat 12
ERFNOMMER 2055 – Blok 30
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuis

Huis met gewel na die straat, stoepveranda om twee kante en motoringang na die agterplaas. Die dak is van sink en die veranda rus op kolome wat deur 'n ballustrademuur gedra word. Vensters het houtskuiframe.



Verskeie kleiner huise, sonder belangrike of duidelik bewaarde argitektoniese kenmerke, sit die skaal- en straatverband voort. Hier is Margarethastraat 16, 25 en 31 van belang. Ook nommer 39 en 45 is, ten spyte van vele veranderings, belangrik as tipiese woonhuise. Nommer 28 is 'n groter woonhuis met simmetriese fasade na die straat gerig en herinner aan die huis in De Waalstraat (36) wat beide skaal en voorkoms betref. Twee skakelhuisgroepe kom langs die straat voor.

ADRES Margarethastraat 27
ERFNOMMER 2034 – Blok 29
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuise



Simmetriese skakelhuis onder enkele en ononderbroke sinkdak waaronder 'n veranda op beide hoeke, direk onder die dak. Mure is gepleister en geverf. Vensters is swaairaam en van hout. Straatheining vervang deur 'n betonmuur wat te toe en hoog is om die oorspronklike konsep te behou. Kyk ook Boomstraat 294 & 296.

## 5.20 LEWISSTRAAT



Lewisstraat begin by Boomstraat en loop na die noorde om by die oostelike kant van Moscastraat dood te loop. Teen Boomstraat word die huislike konteks behou, maar vanaf die aansluiting met Riverdalestraat kom groter geboue en oop terreine langs die straat voor.

| | |
|---|---|
| ADRES | Lewisstraat 8 |
| ERFNOMMER | 3183 – Blok 31 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |

Klein woonhuis onder spits sinkdak, oordonder deur driehoekige ventilators na al die windrigtings en veranda op kolomme. Die sydelingse motortoegang lei na die agterplaas en 'n netjiese buitegebou.

Die gebou is in gees en skaal van die belangrikste huise in die gebied en moet gedokumenteer word.



| | |
|---|---|
| EFFNOMMERS | Prinshof R/11, R/109, 161, 162, R/159 – Blok 30 |

Groot oop terreine met 'n kleuterskool op erf R/159. Die res van die gebied tot teen die onkanaliseerde Apies word in beslag geneem deur die sportvelde en geboue van die Oud Studente Sportklub wat sonder seremonie of argitektoniese ambisie oor die terrein versprei is. Hoewel die geboue self veel te wense oorlaat, is die ou barrakgeboue en menasie(?) van die weermag, voordat hulle na Voortrekkerhoogte verskuif het, van belang. Hulle is funksioneel direk en eenvoudig: lang geboutjies van siersteen (sommiges is later geverf) onder sinkdakke en in een lang ry asof op parade. Saam met die groter gebou wat tans as stoor gebruik word, behoort hulle gedokumenteer te word.



Die grootste belang van die gebied is die oopheid daarvan; die rugbyvelde strek tot teen die rivier, maar is daarvan geskei deur middel van 'n hoë grondwal sodat die rivier self feitlik onbereikbaar is. Van hier is 'n pragtige uitsig op die middestad en veral die Uniegebou. Die omgewing is egter verwaarloos en word nie tot sy volle potensiaal as moontlike ontspanningsruimte gebruik nie.

| | |
|---|---|
| ERFNOMMERS | 64, 78, R/5 & 84 en R/22 & R/23 – Blok 34, 36 |




Die res van die gebied oos van Prinshofstraat word opgeneem deur die Prinshofskool vir Swaksiendes, die ongebruikte taxistasie tussen Soutpansberg- en dr Savageweg en die Tegniese Kollege. Dit is oop en boomryk met geboue tussen die bome verberg. Die westekant van Soutpansbergweg is onooglik en visueel ondeurdringbaar deur 'n voorafvervaardigde betonmuur afgesluit.

## 5.21 LYS VAN WAARDEVOLLE ELEMENTE IN DIE NOORDOOSTELIKE KWADRANT

Die lys wat hierna volg is uit die bestudeerde plekke gemaak. Volgens ons mening is hulle bestaande waardevolle elemente in die omgewing wat veral in die toekoms kan meehelp om die kwaliteit van hierdie gedeelte van die stad te help bepaal en beplanning te rig. Hierdie lys is tentatief en dien as hulpmiddel, ook vir ander navorsers en moet nie as 'n finale besluitneming oor die waarde van hierdie plekke of juis die plekke hiervan uitgesluit, gesien word nie. Verdere studie mag aanleiding gee dat meer plekke tot 'n finale lys gevoeg sal word en dat van die plekke hier genoem, daaruit gehaal sal word. Kyk figuur 6.1. Die volgende afkortings word gebruik om kriteria van toepassing aan te dui:


A: Argitektoniese belang/stylbelang
E: Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F: Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H: Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K: Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L: Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S: Argitek/skepper van belang
T: Tipologiese belang

21.1 Nedbank, Kerkstraat 252, erf 327
A/F/H/L/S/T
21.2 Librigebou (van Schaik) Kerkstraat 268, erf 2896
A/F/H/K/L/S/T
21.3 Lewis & Marksgebou, Kerkstraat 322, erf 3357
A/E/F/H/L/S/T
21.4 Kynoch-gebou, Kerkstraat 336, erf 3357
H/L
21.5 Technikon hoofgebou, Kerkstraat 404, erf 1161
A/E/F/H/K/L/S/T
21.6 Pierneefmuseum, Vermeulenstraat 220, erf 3261
A/F/H/L/T
21.7 Technikon (Akademiese gebou) Vermeulenstraat 405, erf 1161
A/E/F/S/T
21.8 Woonhuise, Vermeulenstraat 440-8, Proesstraat 431, 428, Edwardstraat 120-40, erf 808/2, /4-/6, /8-/11
F/K/T
21.9 Woonhuis, Proesstraat 228, erf 148/2
H/T
21.10 Koopkraggebou, Proesstraat 217, erf 3064
A/E/F/L/T
21.11 Instituut vir Opleiding, Proesstraat 332, erf 3060
E/F/L/S/T
21.12 Jansenhuis, Strubenstraat 214, erf 62/R
A/F/H/T
21.13 Ongebruikte gebou, Bloedstraat 225, erf 22
A/E/H/S/T?
21.14 Woonhuis, Boomstraat 229, erf 845/1
A/H/K/T
21.15 Museum, Boomstraat, erf R/17
A/F/H/L/S/T
21.16 Woonhuis, Boomstraat 278, erf 2058/1
A/F/L
21.17 Skakelhuise, Boomstraat 294-6, erf 2060/1, /2, /R
H/T
21.18 Woltemadegebou, Paul Krugerstraat 116, erf 3063/R
A/F/L/T
21.19 Duitse Klub, Paul Krugerstraat 114, erf 2760/R
A/F/H/+/S
21.20 Ou Sinagoge, Paul Krugerstraat 70, erf 103
A/E/F/H/L/S/T
21.21 Moskee, Queenstraat 51, erf 2682
A/F/H/L/S?/T
21.22 Munitoria, Van der Waltstraat 144, erf 3200
A/F/L/S/T
21.23 Winkel, Prinsloostraat 126, erf 3232 (32951)
A/R/K/L/T
21.24 Winkels, Prinsloostraat 112, erf 355, 357, 359, 361
A/H/K/L/T
21.25 Winkels, Prinsloostraat 1-13, erf 36/4 & /2
A/H/K/T
21.26 NHG-gebou, Du Toitstraat 396, erf 2678
A/F/H/K/L/S/T
21.27 NH-Kerk, Du Toitstraat 169, erf 3075
A/E/F/H/L/S/T
21.28 Sinagoge, Dorlasstraat, erf 20/7
A/F/H/L/S/T
21.29 Riverdale, huise en uitleg
H/T
21.30 Apieerivier, oop gedeeltee aangrensend en dieretuin





**FIGUUR 5.4 Arseerde dele dui waardevolle plekke in die noordoostelike kwadrant aan**


# 6. NOORDWESTELIKE KWADRANT





**FIGUUR 6.1 Bloknommers vir die noordwestelike kwadrant. Blokverwysing word na die erfnommer by elke beskrywing aangedui**




**FIGUUR 6.2 Die noordwestelike kwadrant met arseerde dele wat die plekke en geboue wat beskryf word aandui**




**FIGUUR 6.3 Die noordwestelike kwadrant van die middestad met erfnommers (Kaart: Stadsraad van Pretoria)**




**FIGUUR 6.4 Leë en onverbeterde grond in die noordwestelike kwadrant**

## 6.1 PAUL KRUGERSTRAAT

Paul Krugerstraat (tot 1938 Markstraat) kruis Kerkstraat by Kerkplein om 'n kern te gee aan die ruitpatroon wat die middestad kenmerk. Suid van Kerkplein word dit visueel deur die stasie gestuit; noord loop dit om 'n draai en verdwyn in Daspoortrant (Witwatersberge).



*Pretoria in 1886 vanaf Daspoortrant. In die voorgrond is die samevloei van die Apiesrivier en Steenovenspruit*



Vanaf Kerkplein na die noorde verbrokkel die kohesie om Paul Krugerstraat stelselmatig. Jakarandas en plaveide sypaadjiee tussen Vermeulen- en Proesstraat skei die verkeersroete en privaatruimtes. Die bome en skaal van geboue loop sigbaar aaneen met die sypaadjies om Kerkplein. Gebruikersfunksies (twee ledeklubs, verder meestal kantoorgeboue) dikteer die intensiteit van voetgangerverkeer en gevolglik kom min sosiale interaksie of informele handel langs die straat voor.

Noord van Proesstraat word gebruike nie deur duidelike grense geskei nie: jakarandas is yl verspreid en tydelike strukture van motorhandelaars doen weg met die sterk straatwand wat Paul Krugerstraat suid van die plein tipeer. Voetgangers volg die sameflansing van sementstroke en grond, maar verkies om saam te drom voor die enkele hoekwinkels met verandas. Panagosgebou – op die suidwestelike hoek van Proesstraatkruising – is 'n voorbeeld hiervan, so ook die Aspasia Gebou by Boomstraat (kyk noordoostelike kwadrant ).



Enkele bushaltes langs Paul Krugerstraat maak geen indruk op die ongedefinieerde ruimte nie. Die ou Sinagoge oos van Paul Krugerstraat is ontneem van die neweliggende stedelike vesel wat dié gebou deel van die stad moet maak; dit is begrens deur twee onbeboude terreine – een waarvan 'n tydelike parkeerplek. Straat en erf word hier een en die ruimte van die straat word onbegrens gelaat. Voetgangers verkies die westelike sypaadjie, hoewel dit minder toeganklik word waar die straat na die noorde daal.

Die Chinese skool (h/v Boomstraat) is na binne gekeer en die Victoriaanse huis bied die straat min. So word dié straathoek 'n verlenging van die dieretuin-parkeergebied net noord daarvan. Daspoortrant begin visueel hier, met 'n begroeide gebied wes van Paul Krugerstraat en die Dieretuin oos daarvan. Die aantrekkingskrag van die straat eindig kort by die plein, waarna dit slegs 'n verkeersbaan word.



Topografies volg die strate in die gebied die natuurlike helling na die noorde, waar die Apiesrivier in sy ongekanaliseerde toestand die grens van die middestad vorm. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 169, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 2894 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Masadagebou, Kyk Proesstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat, h/v Struben |
| ERFNOMMERS | 102/R & 4 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel – Panagosgebou en ander |

Twee tydgenootlike dubbelverdiepinggeboue, teen die sypaadjiegrens waar winkels onder kapverandas. Klipplinte, waarbo verf oor rustieke pleistervoeë en profileerde pleisterinsette. Verdiepingmure gepleister en geverf, met voegdetail om vensters en projekterende pleistersluitstene bo. Swaar kroonlys met sierspitse; dakbedekking en -ventilators van sink. Die oorspronklike houtraam uitstalvensters kom op die sypaadjievlak voor, behalwe waar dit teen Strubenstraat met aluminium vervang is. Vloere en plafonne is van houtplanke. 'n Loopgang op die eerste verdieping verbind die twee geboue.



Die hoekerf was eens in besit van MW Pretorius. Die geboue dateer uit die negentigerjare van die negentiende eeu en is opgerig deur 'n handelaar, Hendrik.Zagt. Dit is in 1920 aangekoop deur Christoe Panagos en is steeds in die familie se besit. Oorspronklik was die suidelike gebou net wooneenhede, waar die hoekgebou onder winkels en bo kamers had. Dit huisves tans winkels op straatvlak en kantore bo. Naas Kynochgebou (kyk noordoostelike kwadrant) die oudste gebou in die middestad, en die oudste in gebruik. Kultuurhistories en tipologies van belang as




hoekgebou (hier sonder die gebruiklike kolomveranda). Bewaring van die geboue en nasionale gedenkwaardigheidstatus word aanbeveel. Bron: Meiring (1980); UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 199, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 841/R – Blok 55 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Skool: .Pretoria Chinese School |
| | Kyk Boomstraat |

## 6.2 BOSMANSTRAAT

Oorspronklik Kockstraat, en in 1942 vernoem na dr HS Bosman – 21 jaar lank leraar van die Bosmanstraatgemeente en Superintendent van Onderwys in Transvaal van 1870 tot 1881. Tot onlangs is dit nog aangegee as ds. Bosmanstraat.



*Die noordwestelike hoek van Kerkplein voor 1897, met die latere Bosmanstraat wat agter van links na regs loop*



Vanaf die stasie heel suid in die stad, draai Bosmanstraat uit Scheidingstraat om eenrigtingverkeer noordwaarts te dra. Pendelaarsbedrywe – formeel en informeel – floreer rondom die stasie .en die bopunt van Bosmanstraat. Direk noord hiervan kwyn straataktiwiteite tot waar hoëbou (veral kantoorgebruik) rondom Kerkplein 'n klein area teen die straat beslaan. Van hier af noord verval die straatbedrywighede en -kwaliteit tot waar dit by Boomstraat aansluit om die aktiwiteit en intensiteit van die stasiegebied te herwin.

Die straat volg die natuurlike helling wat daal na die Apiesrivier aan die voet van Daspoortrant. Jakarandas weerskante oordek die straatruimte. Hierdie patroon word slegs onderbreek tussen Kerk- en Pretoriusstraat, waar regaf gebouwande die straat definieer. Van Kerkstraat tot en met Proesstraat is gebouwande teruggesit agter boomlanings om die straatruimte te perk. Die ou Sentrale



Goewermentskantore (kyk suidoostelike kwadrant), die wand van die Poskantoorplein en Staatsdrukkerskompleks vorm sterk maar ontoeganklike fasadewande. Tussen hulle word Bosmanstraat slegs 'n vervoerkanaal.

Op altwee die suidelike hoeke van die Bloedstraatkruising is die enigste formele poging om die straat met kommersiële gebruik te begrens. Ligte nywerhede, Eendracht Laerskool en motorhandelaars flans saam om die straatwand onseker te laat. Die skoolgronde is groen en versorg, en visueel aangenaam, alhoewel omhein.

Die ontmoeting met Boomstraat vorm die einde van die roete (hoewel die straat verleng is vir 'n reeks diensingange en toegang na Belle Ombrestasie). Visueel eindig dit teen Daspoortrant. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 173 |
| ERFNOMMER | 3071/3 – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Grootkerk-gebou |



'n Seweverdiepinggebou wat 'n kort, byna simmetriese fasade na Bosmanstraat rig, waar twee kante ingehou word deur 'n argitraafraamprojeksie. 'n Kantelblad oor die sypaadjie verleng om die noordoostelike hoek, waar ingange.

Rooibruin siersteen en bruin siersteen (teen Bosmanstraat) is gebruik. Die staalraamvensters loop in horisontale bande tussen geverfde, projekterende betonblaaie.


'n Ontwerp van Hendrik Vermooten in 1952 voltooi. Kenmerke van Modernisme is hier die horisontaliteit, piloti en die bladprojeksies; dekorasie en die poging tot simmetrie neig na Deco.



Deur hoogte en massa vorm dit 'n wand tussen die kerk en die res van die blok, maar rig so die kerk terselfdertyd na die meer belangrike straatkruising. Die Grootkerk-gebou vind aansluiting met die Kerkpleingroep wat van soortgelyke materiaal en hoogte is, veral die Sentrale Goewermentskantore direk oor Bosmanetraat. Bron: Hendrik Vermooten (argitek).

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 153, h\v Vermeulen |
| ERFNOMMER | 3071/R – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerk: Nederduits Gereformeerde gemeente Pretoria, Grootekerk |

'n Losstaande kerkgebou netjies omhein en prominent geplaas met vierkantige, geartikuleerde toring op die straathoek. 'n Blousiersteenband en -bere rus op die klipplint, waarbo rooi siersteen- en pleisterbande afgewissel word met sandsteeninsette. Romaanse boogvensters, wat van hout gemaak is, word afgewissel met patryspoorthortjies.




Toringspits met plaatskubbe; hoofdak later vervang met swart dakteëls. 'n Bykomende spitskroon in die suide (oor die "apse") skep die idee van 'n basilika. Gewelente na die strate is gekroon met gekerfde sandsteenwerk.

Die gebou dateer uit 1903 (hoeksteen) en is in 1905 voltooi toe dit die kerk op die plein vervang het. Die ontwerp tipeer die rasionalisasie van die "Vlaamsche Renaissance"-styl, soos ook die Du Toitstraatkerk (kyk noordoostelike kwadrant). Die Art Nouveau en Victoriaanse style kombineer in die hoogs gedekoreerde toringspitse. K van Rijsse, Kraan en Wyers word aangegee as argitekte, en Dorlas as aannemer. Die huidige geutafvoerpype ('n latere toevoeging) doen afbreuk aan die proporsionele ontwerp.

Dit is 'n landmerk wat visueel en histories verband hou met Kerkplein, en is reeds 'n nasionale gedenkwaardigheid. Bron: Meiring (1980); Picton-Seymour (1989).

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 148, h/v Vermeulen |
| ERFNOMMERS | Deel van 1/218-222 – Blok 47 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ou Staatsdrukkery |



Enkelverdiepinggeboue – teen die sypaadjie – met solders onder die staandakke van sink. Bo-op die klipplint is rooi siersteen, pleisterbande en sandsteen afwisselend aangewend, waar laasgenoemde ook sluitstene en sierpedimente vorm. Reghoekige houtvensterrame (duifgrys geverf) sit telkens terug onder 'n geartikuleerde messelboog. Reekse gewels na die straatkante bevat ingange, met boligte tot op die hoogte van die vensterboë. Hortjies vir ventilasie in die gewels en dak, gekroonde hoekpilare en profileerde sandsteenstroke op die gewelrande.

Opgerig in 1895 deur die Publieken Werken van die ZAR, onder leiding van Wierda. Dit toon kenmerke van sy werk, soos die Raadsaal op Kerkplein, maar is minder uitbundig uit die aard van die funksie. Kontekstuele verband met die stilisties ewesoortige Grootekerk, Sentrale Goewermentskantore en die Kerkpleingroep. Status as nasionale gedenkwaardigheid vir die geboue sleep al jare voort en is steeds onseker. Bron: Meiring (1980).

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 152, h/v Bosman |
| ERFNOMMER | Deel van 3264 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Hilda Mansions, Kyk Proesstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 89 |
| ERFNOMMER | 3006 – Blok 46 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Eendrachtskool |

'n Kompleks met die drieverdieping hoofgebou vertrappend langs die oos-wes rigting. Siersteenplint en gepleisterde mure onder sinkdakke. Vensterbande onder kort kantellateie

en toe loopgange, patryspoorte plek-plek.



Finansiële rekords van 1903 verwys reeds na die Eendrachtskool. Die vroegste dateerde tekeninge van VS Rees-Poole is gemerk Junie 1937, en dui aan waar die hoekstene van die ouer skool ingebou moes word. Indien uitgevoer bestaan dit nie meer nie. Veranderinge is later deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie aangebring, noemenswaardig die saal in 1943.

Die strewes van die Internasionale styl word bevestig deur verwysings na die stoomboot-argitektuur gekenmerk deur funksionalisme en horisontaliteit asook elemente soos patryspoorte, die kurwe en asimmetrie. Enkele kenmerke van Art Deco. Hierdie is almal teenwoordig in 'n sombere, maar ekspressiewe ontwerp wat ongewoon, maar gepas is as skoolargitektuur. Die skool en geboue verdien verdere ondersoek en dokumentasie. Bron: Planargief: Departement Plaaslike bestuur, Behuising & Werke; Staateargief, Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 157, h/v Bosman |
| ERFNOMMER | 2861 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Forumgebou<br>Kyk Strubenstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 11, h/v Boom |
| ERFNOMMER | 3133 – Blok 56 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Magasyn: Vervoerafdeling – Stadsraad van Pretoria |



'n Eenvoudige pakhuis (teruggesit van die straathoek) van rooi siersteen onder 'n sinkstaandak met nokventilators; gewelente wes en oos. Horisontale bande staalvensters tussen onderbroke pleisteretroke en gepleisterde lateie, laasgenoemde met die woorde “GREATREX LIMITED” gepleister aan die Bosman- en Boomstraatkante.

Die gebou is opgerig as werkswinkel of pakhuis vir Greatrex Iron & Steel Merchants, hoewel die styl en materiaal eerder herinner aan die geboue van die DOW. Die ontwerp van A Forrest van Johannesburg is voltooi in 1939. As vervoermagasyn bied dit die omgewing min, maar die potensiële waarde van die gebou is veel groter as die huidige. Toepaslike herbenutting deur die kommersiële sektor regverdig ondersoek in die lig van ekonomiese realiteite en presedente in die middestad. Die eenvoud van die argitektuur asook die grootte en stewigheid van die struktuur laat toe vir verskeie gebruike. Dit sou verseker dat die straatwinkels wat die weste van Boomstraat kenmerk, aansluiting by die sentrale middestad vind. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.



## 6.3 FEHRSLAAN

Dit is 'n kort eenrigtingstraat na die suide, tussen Struben en Bloedstraat, wat dienstoegang en parkering bied.

Fehrslaan was vroeër Curlewislaan, maar later vermoedelik vernoem na 'n Switserse konsul in die ZAR. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

## 6.4 SCHUBARTSTRAAT





Dié straat is vernoem na AF Schubart (1830-1898). eers van Potchefstroom en later kurator van die Staatsmuseum in Pretoria.

Scubartstraat is vandag uittand gelaat: die residensiële skaal van die gebied is vernietig in die laat jare sestig en vroeë jare sewentig. Groepe klein geboue het plek-plek oorgebly terwyl enkele groot ontwikkelings in isolasie plaasgevind het. Omdat die ingrypende veranderinge, wat vir dié gebied beplan is nooit deurgevoer kon word nie, bly die groepe of distrikte sonder onderlinge verband. Hierdie toestand is veral herkenbaar langs Schubartstraat, en nog meer ooglopend wes daarvan.

Schubartpark Woonstelkompleks ( tussen Vermeulen- en Proesstraat) vorm 'n eie distrik, kompleet met ontspanningsgeriewe en die nodigste winkels. Dit keer 'n regaf betonwand na die straat – wat die enigste sterk fasademuur in die direkte omgewing vorm. Rondom die kompleks is die sypaadjierand beplant en afgewerk – in kontras met die sementstroke in grond wat die voetgangersroetes hier kenmerk.

Kommersiële aktiwiteite kom in kolle langs die straat voor. Die noordwestelike hoek waar Schubart- met Kerkstraat kruis, is 'n bedrywige winkelarea; so ook by Boomstraat, waar informele handel floreer. Die mees noordelike deel van die straat is 'n besige voetgangersgebied, waar dit Bloed- en Boomstraat verbind. Enkele winkels kom verder in die straat voor, waarvan dié op hoekerf 183/R die prominentste is.

Die bekende jakarandalanings weerskante van strate, met die gevolglike insluiting van die straatruimtes, en die natuurlike val na die noorde kenmerk ook Schubartstraat. Daspoortrant en Skanskop sluit onderskeidelik die noordelike en suidelike vista. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 116 – 138, h/v Schubart |
| ERFNOMMER | 3334 – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Poynton Kyk Kerkstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 187, h/v Kerk |
| ERFNOMMER | 312/8 – Blok 38 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Corner House |

Hoekgebou met winkels op die grondvlak en twee verdiepings woonstelle daarbo. Die siersteenwande word onderbreek deur vertikale struktuurprojeksies en lyste wat deurloop bo horisontale vensterbande. Die horisontaliteit word bevestig deur 'n kantelblad veranda wat gerond is om die hoek. Die hoek word volledig in beslag geneem en as




sodanig erken. Kommersiële afwerkings op straatvlak en oop loopgange aan die westekant.

Die winkels op grondvlak is in 1948 ontwerp deur die kantoor van Hendrik Vermooten. Woonstelle is in 1957 deur Oscar Hurwitz & Murray aangebou.

Hoewel die gebou geen uitstaande kenmerke van die Moderne beweging of Art Deco toon nie, is dit in die gees van dié bewegings met die klem op funksionele realisme. Die grootste bydrae is dat dit woonplek in 'n ylbewoonde gebied verskaf. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 111 |
| ERFNOMMER | 3022 – Blok 43 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelkompleks: Schubartpark |



Vier woonstelblokke van 22 verdiepings elk, saamgevoeg op 'n podium wat bykans die hele blok tussen Schubart-, Potgieter-, Vermeulen- en Proesstraat beslaan. Dit is 'n samestelling van voorafvervaardigde- en in situ beton, met deurlopende gordynmure tussen projekterende vloerblaaie.

Die kompleks sluit parkering, winkels, 'n kleuterskool en administratiewe kantore in, gegroepeer om sentrale binnehowe waarom ook portale na die woonkomponente. Daktuine en sportgeriewe op die podiumvlak.

.Schubartpark was die loodsprojek van die Goedehoop behuisingsontwikkeling, wat deur die Departement van Gemeenskapsbou geïnisieer is. Dit het gevolg op die opruiming van die woongebied, wat in sekere kringe as 'n jammerlike deel van 'n hoofstad beskou is. Voorstudies is deur Interplan Stads- en Streeksbeplanners gedoen en die finale voorstelle het vier stadsblokke tussen Vermeulen-, Proes-, Schubartstraat en Steenovenspruit beslaan, asook Krugerplein net noord van Krugerhuis. Van dié plan om 'n hoogbou, meervoudige woonkomponent in die weste van die stad te vestig, het slegs Schubartpark gerealiseer. Krugerpark sou later nie volgens die Interplanvoorstelle ontwerp word nie.



'n Ontwerp van Joubert Owens en Van Niekerk, voltooi in 1976. In vorm en beginsel herinner dit sterk aan Le Corbusier se 1922-plan vir 'n eietydse stad vir driemiljoen inwoners. Hierdie beginsels het in onbruik verval, onder andere vanweë die tydsgees en sosio-maatskaplike oorwegings.

Dit ie eerstens as netjiese woonplek van belang, ook waar dit 'n gemeenskap huieves én so funksioneer. Tweedens beeld dit die strewes van 'n sekere tydsgees uit. Die kompleks keer na binne om onsimpatiek teenoor die straat te staan. Bron: Joubert Owens en Van Niekerk (argitekte); Interplan (argitekte).








ADRES — Proesstraat 102, h/v Schubart
ERFNOMMER — 133/R – Blok 46
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel: Mowbite

Eenvoudige winkel, teen die sypaadjie en afgeknot waar die ingang op die straathoek. Mure en plint is gepleister en geverf, met skuifraamvensters van hout en 'n geverfde sinkstaandak. Oor die ingang en om die hoek 'n dubbelgekurfde verandadakkie, ondersteun deur houtkappe: gedekoreerde fassie- en kroonlys.

'n Oorblyfsel uit die tyd toe woonhuise en fyngrein dié kwadrant gekenmerk het. Tipologies van belang as hoekwinkel. Hoewel tans afgesny van ondersteunende bure, baat die omgewing by die funksie (en visuele bydrae) van die gebou. Dit is in 'n goeie toestand, met versorgde buiteruimtes.

ADRES — Schubartstraat 31 – 54, tussen Struben en Bloed
ERFNOMMERS — 2941 en 48 – Blok 52
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel: Johnny's

'n Groep enkelverdiepinggeboue uit verskillende eras, helder beskilder met advertensies. Saam huisves hulle die funksies van die moderne supermark, elk in 'n opgeknapte gebou. Parkering word voorsien.

Die waarde van die skema is die herbenutting van bestaande stadsweefsel. Die geboue is weer opgeneem in die aktiewe ekonomie en lewer 'n bydrae tot die omgewing met die dienste wat dit huisves.

ADRES — Scubartstraat 14 – 22, tot en met h/v Bloed
ERFNOMMERS — 860/R, 860/R/2, 860/3 – Blok 56
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel

'n Groep geboue saamgebind deur hulle onderlinge verhouding tot die straat. Behalwe die skakelhuise is die geboue van min argitektoniese waarde. Die stewige wand lewer wel 'n bydrae waar die straat andersins onseker begrens word.

Twee skakelhuise (deel van erf 860/R) staan uit vanweë kulturele en tipologiese belang. Hulle is beslis ouer as vyftig jaar. Gepleisterde mure onder sinkdakke, met leunveranda's. Siersteen stoepmure ('n latere verbouing?) grens direk aan die sypaadjie. Veranderinge is aangebring, maar die geheel is ongeskonde. Behoort gedokumenteer te word.

ADRES — Boomstraat 99, h/v Schubart
ERFNOMMER — Deel van 3314 – Blok 57
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel, Kyk Boometraat




## 6.5 BOOTHSTRAAT

Voor dit ter ere van die stigter van die Heilsleër herdoop is, was dit Wesstraat. Dit loop noordwaarts tussen Kerk- en Vermeulenstraat. Geen bome of geboue verleen prominensie aan die straat nie, en dit word deur oop erwe begrens en dien bedags as parkeerplek. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

## 6.6 POTGIETERSTRAAT



Die naam roep Hendrik Potgieter (1792-1852) in herinnering. Hy trek in 1836 deur die gebied wat later Pretoria sou word en gee aan Daspoort en Wonderboom hulle name.

Potgieterstraat begin by Gevangenispoort tussen Salvokop en Magasynheuwel. Van hier dra dit verkeer noordwaarts deur die heel westelike middestad. Tussen Strubenstraat en Boomstraat, wes van Potgieterstraat, breek die straatpatroon op om kleiner blokke te vorm (voorheen residensieel). Steenovenspruit word hier, en in Marabastad, erken deur 'n verandering in skaal. Die Apieskanaal oos van die middestad breek die superblokke van die middestad op soortgelyke wyse op. Die straat deal na die noorde en sluit aan by Boomstraat, met Belle Ombrestasie net noord daarvan.

Die suidelike streek word begrens deur menghandel, hoofsaaklik grootmaat- en motorverkope. Noord van Kerkstraat diversifiseer dit om 'n woonkomponent (Schubartpark, enkele woonhuise), opvoeding (dagsorgsentrum) en kleinhandel (by Boomstraat) in te sluit. Daar is 'n direkte verband tussen die straatuitleg en argitektuur weerskante van die spruit. Enkelverdieping winkels wat die straathoeke erken en verandas oor die sypaadjie projekteer, is hier 'n aanduiding van die skaal en aktiwiteit in die nabygeleë Marabastad.



Groot stukke van die stadsweefsel is hier vernietig, sodat oop erwe en straatblokke aan Potgieterstraat grens. Hier bestaan die sypaadjie bloot as 'n plek langs die straat, sonder inperking of kwalifikasie. Die boompatroon, in die vorm van jakarandalanings beide kante van die straat , word-voortgesit tot teen Boomstraat; dit lewer die grootste bydrae tot die ruimte van die straat. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

| | |
|---|---|
| ADRES | Potgieterstraat 181, h/v Kerk |
| ERFNOMMER | 306/1 – Blok 40 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Capitol Tobacco Company |

'n Dubbelverdieping hoekgebou onder 'n oënsynlike platdak; buitemure van siersteen afgewissel met geverfde pleisterpanele. Die ingang is teruggeeit in 'n eenvoudige argitraafraam. Hierdie element word ook suksesvol gebruik om vertikale aksente tussen die horisontale vensterbande te bewerkstellig, veral waar 'n ritmiese kantoorvensterindeling teen Potgieterstraat. Ventilasieskagte en strukturele elemente word aan die suidekant blootgestel waar geronde kolomprojeksies, afgewissel met verdiepinghoë wande van glasblokke onder 'n nou vensterband

Die siersteenskag wat bo en langs die gebou uitstaan (en voor aanbouings 'n prominente deel van die




Kerkstraatfasade wes) verwys moontlik na een van die konesepte wat Frank Lloyd Wright ten opsigte van die kern (haard) van die ontwerp, veral in sy huisargitektuur gehandhaaf het. Op dié wyse word die binnekern ook buite verbeeld in 'n etewige element wat nie alleen die filosofieae nie, maar ook die funksionele of funksionaliatieas konsep uitdruk. Veral as laaagsnoemde sou dit later 'n tipiese element in kommersiële argitektuur word.

In 1951 opgerig virThe United Tobaccos Cos., na die ontwerp van Meiring & Naudé. Aanbouings (1990) van Manfred Hermer, Grosskopff & Vennote is korrek in materiaalgebruik en manniërisme, maar begin om binding van die ad hoc fasadehantering te bewerkstellig. Die gebou vorm deel van 'n groep besigheidsgeboue van soortgelyke hoogte wat in losse kontekstuele verhouding staan. Die gebou is in 'n goeie toestand. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 111 |
| ERFNOMMER | 3022 – Blok 43 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelkompleks: Schubartpark<br>Kyk Schubartstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Potgieterstraat 56 |
| ERFNOMMER | Deel van 3020 – Blok 47 |
| HUIDIGE GEBRUIK | SAVF Goedehoop Dagsorgsentrum |



'n Kompleks van drie verdiepings, gesentreer om klaskamers en speelterreine, met daktuine en balkonne. Horisontale uitdrukking van die struktuur word aangevul deur geaksentueerde oplope en trapstrukture.

Die sentrum is in opdrag van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie ontwerp deur Louis Boshoff, en sou deel uitmaak van dienste wat die Goedehoop ontwikkeling sou ondersteun. Die ontwerp sentreer om die behoeftes van kinders, wat uitdrukking vind in skaal, sirkulasiepatrone en dekorasie. Argitektoniese verwysings is na elemente wat die hele loop van Modernisme kenmerk. Dit is in 1985 voltooi en word tans begrens deur oop erwe wat oorspronklik bedoel was vir woonstelgeboue. Die bydrae wat dit as nasorgsentrum lewer word ondermyn deur die afwesigheid van ondersteunende bure. Die Goedehoop Sentrum is netjies en in 'n goeie toestand. Bron: Louis Boshoff (argitek).

# 6.7 KERKSTRAAT




Kerkstraat strek vanaf Koedoespoort in die ooste tot verby Wespark en Danville. Slegs Kerkplein onderbreek die lang, reguit straat, die enigste oos-wesstraat in die sentrale middestad wat tweerigtingverkeer dra. Vanaf die Bosmanstraatkruising is die vista na die weste oneindigend, en in die ooste sluit die Krugerstandbeeld dit af.

Vanaf Kerkplein volg Kerkstraat die natuurlike helling na die Apiesrivier (oos) en Steenovenspruit (wes); dié val is veel minder as in die noord-suid rigting.



Opvallend het geen beduidenis van die boomlaning langs die straat oorgebly nie. Beplanting kom in geïsoleerde groepe voor. Die Sentrale Goewermentskantore en die TPA-gebou (kyk suidoos kwadrant) omsluit die westelike ingang na die plein. Poyntongebou en die Nedbankgebou, oorkant mekaar tussen Bosman- en Schubartstraat, is die mees westelike hoogbou in Kerkstraat. Baie handel word hier gedryf; nader aan die plein word beide straatwande deur winkels beset. Vanaf Schubartstraat weswaarts neem die kommersiële funksie af. Die moord- en roof- en voertuigtak van die SAP, Krugerhuis, die Gereformeerde Kerk en 'n parkeerterrein onderbreek die andersins eenvormige straatgebruik. Naby die spruit, net noord van die Prinseparklaan se ingang, 'n winkelgroep van tipologiese belang (erf 3076). Verder wes verander die straatbeeld waar dit verby die begraafplaas en die munisipale vervoerdepot loop, om te styg na Proklamasieheuwel.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 116 – 138, h/v Scubart |
| ERFNOMMER | 3334 – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Poynton |



'n Kompleks saamgestel uit 'n hoofblok van 33 verdiepings, 'n wesblok van 9 verdiepings teen die Kerkstraatkruising met Schubart-, en dubbelverdieping podiums – weerskante van 'n sentrale binnehof – aan Kerkstraat, alles oor 'n parkeerkelder. Oplope en vrystaande trappe verbind die toeganklike vlakke rondom die binnehof en arkade. Afgewerk in geverfde beton, mosaïekteëls en granoliet, met streng venstermodules, elk onder 'n kantelblad.

Die hoogte van die Poyntongebou maak daarvan 'n landmerk. Saam met die Nedbankgebou suid van Kerkstraat vorm dit fasades wat die straatruimte inperk. Dit skakel ook met hoogbou wat die sogenaamde Pretoriusstraatvallei vorm.

'n Gebou van Oscar Hurwitz Murray & Pokroy, opgerig in die sestigerjare. Dit hou die tydsgees in pag en spreek van optimisme en die vernuwing van die stad, waartoe ook die deurpadskema en Goedehoopplan behoort. Slanke verhoudings en materiaalgebruik spreek van Laat



Modernisme, terwyl die teruggesetting op podiums 'n uitvloeisel was van beperkings gestel deur stadsbeplanning. Dit was die eerste hoogbou kommersiële ontwikkeling in Pretoria, met die TPA-gebou die hoogste voorloper in hierdie tydperk van stadswording. Bron: CB Swanepoel (argitek); Murray, Pokroy & Vennote (argitekte).

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 187, h/v Kerk |
| ERFNOMMER | 312/8 – Blok 38 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Corner House, Kyk Schubartstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 70 |
| ERFNOMMER | 309 – Blok 39 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Suid-Afrikaanse Polisie: Moord- en Roof- en Voertuigtak |



'n Streng simmetriese fasade onder versteekte dak rig na Kerkstraat, met sentrale dubbelverdieping en teruggesette enkelverdiepingvleuels weerskante. Eersgenoemde is ingedeel in vyf traveë, waarvan die middelste projekteer – volgens Fransen, (1981:65) die sogenaamde midderisaliet – en gepleister en geverf is. Dit word afgesluit met 'n pediment en geaksentueerde hoeke. Steenmure met getande rande onder 'n geverfde kroonlys, wat onderbreek word bo die ingang. Bo die houtvensters (met hortjies) aan die suidekant is geverfe medaljons op pleistervlakke. Twee roofvoëls kroon die hoeke van die sentrale deel. Die syvleuels het elk 'n reliëfpaneel met roofvoëls bo die houtdeure.

Die interieur is eenvoudig. maar duursaam. Dubbele glasdeure met geelkoper beslag en gedetaileerde ruitbalkies en boligte maak oop na twee sentrale binnehowe. Gekleurde kopieë van San-tekeninge op teëls by die hooftrap en die veranda noord. Die veranda (ingerig vir die oorspronklike gebruik) en buitegeboue noord steur hul nie aan simmetrie nie.




Die gebou is in 1939 opgerig vir die deetydse naturelle-kommissaris. In die volkemond is dit bekend as Inyoni (plek van die voëls) vanweë die uitbeeldings deur die Engelse kunstenaar Alfred Palmer. Die trekke van Neo-klassisisme is soortgelyk aan die van Kaapse dorpshuise rondom die laat agtiende en vroeg negentiende eeu. Die samestelling van die argitraaf en muurkolomme, timpaan met fries, medaljon en pediment oor die ingang is egter meer manniëristies ('n neiging van amptelike geboue vroeg in hierdie eeu) en herinner aan die halsgewelvorm. Dit is in 'n goeie toestand, maar sensitiewe opknapwerk kan dit verbeter. Kontekstuele band as buurgebou van die Krugerhuismuseum. Bron: Fransen (1981); Pretoria Kultuurroete (1991).

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 60 |
| ERFNOMMER | 308/1 – Blok 39 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Krugerhuismuseum |

'n Enkelverdiepinghuis en buitegeboue onder sinkdakke, vlak teen die straat. Deurlopende leundak-verandas, twee dekoreerde gewels en die oorspronklike sentrale ingang kenmerk die simetriese straatfadade. Aanbouings breek die simmetrie agter en langs die huis. Die eenvoudige, wit eksterieur is gedekoreer met profiellyste, sierkruike en gietyster dakkamme. houttraliewerk en -stoepkolomme.

Die huis dateer uit 1884 en is deur Tom Claridge ontwerp in opdrag van AH Nellmapius, wat dit aan President Kruger geskenk het. Twee marmerleeus (geskenk deur Barney Barnato) staan in die smal voortuin.



*Krugerhuis vanaf Kerkstraat. Die foto dateer uit ca 1886 – 1892 maar is eers na die president se dood gepubliseer*



Picton-Seymour (1989:163) verwys na 'n grootse presidensie ontwerp deur Klaas van Rijsse van die PWD, maar wat op die President se aandrang nooit gebou is nie. Die sierelemente en aanbouings gryp na die Victoriaanse styl, hoewel die geheel meer pragmaties en stug is (interpretasie van Kruger se eie voorkeure?) as die tydgenootlike Melrosehuis en Bartonkeep. Krugerhuis was een van die eerste huise in Pretoria om elektrisiteit en 'n telefoon te kry. Die huis is sedert 1936 'n nasionale gedenkwaardigheid en is, saam met die kerk suid van die straat, 'n landmerk in Kerkstraat-wes. Bron: Allen (1971); Meiring (1980); Picton-Seymour (1989); Pretoria Kultuurroete (1991).

| | |
|---|---|
| ADRES | Potgieterstraat 181, h/v Kerk |
| ERFNOMMER | 306/1 – Blok 40 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Capitol Tobacco Company, Kyk Potgieterstraat |



ADRES Kerkstraat 32
ERFNOMMER 304/R – Blok 40
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel: Tienie Fourie Verwe

Winkel teen Kerkstraat, met projekterende veranda op voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie. Eenvoudige trapgewel voor sinkstaandak. Persstaalplafonne in twee kamers binne, met houttussenvloer bo.

Tipologies van belang as winkel op straatvlak. Die gebou is in 'n goeie toestand en deel Kerkstraat-wee met soortgelyke winkels.

ADRES Kerkstraat 12A
ERFNOMMER 3076 – Blok 40
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel




Rywinkels teen die sypaadjie, met veranda op voorafvervaardigde- en pypkolomme, waarbo drie soortgelyke, simmetriese trapgewels met siersteenrande. Siersteen- en pleistermure (alles nou geverf). Oorspronklike winkelvensters met profiellys houtvensters nog in een winkel, diepgesette winkelingange, een nog met gedekoreerde dubbeldeur, persstaalplafonne in 'n goeie toestand in bykans alle vertrekke. Die winkelindeling is gewysig, sodat pypkolomme ook plek-plek binne gebruik is om die struktuur te ondereteun. Store en agterkamers noord van die winkels, waar 'n vierkantige lanterndak op die westelike pakkamer prominent, maar in 'n swak toestand.

Belangrik as tipologiese voorbeeld van die straatwinkel en uitsonderlik as groot winkels in 'n groep. Die westelike deel is die oudste en het reeds in 1931 beetaan, toe die middelste dele vir H Falkson as winkels en garage gebou is. Laasgenoemde is vermoedelik in 1936 verwyder, waarna die res gebou is. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

## 6.8 VERMEULENSTRAAT



Steenovenspruit is die westelike grens van die middestad. Vermeulenstraat loop dood teen die spruit waar bloekombome in 'n veld die waterkanaal begrens. Dié doodlooppunt noodsaak Vermeulenstraat om verkeer in twee rigtings te dra tot en met die Potgieterstraatkruising, waarna dit 'n eenrigtingstraat na die ooste word.

Jakarandalanings weerskante van die straat begin kort by die die spruit, en volg die straat regdeur. Geen koherente krag bind Vermeulenstraat-wes saam nie. Die grootte (en konsentrasie) van leë erwe neem toe na die weste waar nog enkele gebouegroepe bly staan, of andersins enkele grootskaalse ontwikkelings geïsoleerd voorkom.



Rondom Kerkplein neem die konsentrasie van geboue toe, waar die Poskantoor Hoofkantoor die mees prominente is. 'n Verdiepinghoë skermuur lig 'n publieke plein bo sypaadjievlak; toegang na en gebruik van dié stedelike ruimte word bemoeilik deur die skeiding van ruimtes. Die deurgang na Vermeulenstraat-oos behoort te versterk wanneer die nuwe Hooggeregshof (tans in aanbou) op die hoek met Paul Krugerstraat voltooi is. Die mees noordelike wand van die Kerkpleingroep is reeds 'n baken in die straat en 'n oriëntasiepunt tot die res van die stad.

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 186 |
| ERFNOMMER | Deel van 2999 – Blok 41 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Poskantoor: Somerset House |



'n Klein dubbelverdiepinggebou teen Vermeulenstraat. Die grondvlak as plint met kliprustifikasie, waarbo siersteen tot onder die kroonlys. Die straatfasade is eweredig ingedeel en om die middel geaksentueer. Twee balkonne – weerskante van die middelste indeling – waar dubbele glasdeure onder sandsteenboë met sluitstene. Die hoofingang is direk onder die westelike balkon, met 'n ander (latere) ingang meer oos. Fenestrasie en beslag blyk die oorspronklike te wees.

Dit is onseker wanneer die gebou opgerig is, maar dit kon net na 1927 gewees het toe Charles Maggs Investments die grond gekoop het. Dit is eers in 1951 aan die Pos- en Telegraafwese verkoop. Die ontwerp toon kenmerke van Gordon Ellis se werk (vergelyk Ons Eerste Volksbank, Kerkplein) en tydgenootlike werk van die DOW. Dit is in 'n goeie toestand en verdien bewaring, veral waar dit toekomstige gebruik sal verseker. Ooglopende skakeling en konetekstuele verband met die geboue van Kerkplein direk suid daarvan. Bron: Aktekantoor, Departement Openbare Werke en Grondsake.

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 180 |
| ERFNOMMER | Deel van 2999 – Blok 41 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Telefoonsentrale |



'n Hoë vierverdiepinggebou tot op die sypaadjie, met sandsteenplint wat oor die onderste twee verdiepings strek, en rooibruin siersteen tot bo. Vensteropeninge (verskuil agter roosters) perforeer patroonmatig daardeur, met die middelste ry vensters bo gerond. Siersteendetails vorm rame om vensters, kort korbeelstukke en oppervlakpatrone. Die noordekant is telkens verander en bygebou.

'n Gebou van die DOW wat uit 1936 dateer. Keurige materiaalgebruik en aandag aan detail lewer 'n bydrae tot 'n sombere en funksionele ontwerp. Verskeie aanbouings is uitgevoer, onder andere in 1945 deur DOW en in 1959 deur Gordon Ellis. Die gebou se grootste waarde is kontekstueel-ruimtelik, waar dit die straatruimte inperk en die ruimte volstaan. Dit onderskraag só die ordening van Kerkplein, waar die geboue van soortgelyke skaal en materiaal is. Bron: Poskantoor, Argiteksafdeling.

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 153, h\v Vermeulen |
| ERFNOMMER | 3071/R – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerk: Nederduits Gereformeerde gemeente Pretoria, Grootekerk, Kyk Bosmanstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 129 |
| ERFNOMMER | 3070 – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | NG Kerk Jeugsentrum |




'n Agtverdiepingkompleks van twee vleuels, waarvan die oostelike 'n aangepaste U-vorm wat deur die portaal en toiletblok met 'n reghoekige wesvleuel verbind is.

Die ingang word geartikuleer deur 'n konkawe trapskagmuur van siersteen waarin geraamde glasblokke en waarop letterwerk. Horisontale pleisterbande, gepons vir vensters, tussen projekterende blaaie; verder siersteen wat later geverf is. Fasade binne argitraafraam ingeperk.

Opgerig tussen 1953 en 1954 deur die NG Kerk se Armesorg-Utiliteitsmaatskappy en ontwerp deur Hendrik Vermooten. Belangrik as woonplek en latere uitvloeisel van verdigting in die middestad. Een van die geboue wat Modernisme najaag in vorm en manniërisme, maar met plaaslike verwysings ten opsigte van materiaalgebruik en funksionalisme. Bron: Hendrik Vermooten (argitek).

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 125 |
| ERFNOMMER | 267 – Blok 37 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore, kamers en woonstelle: VSA-gebou |

Agt verdiepings teen die straat, waaragter twee soortgelyke vleuels. 'n Kantelblad projekteer na die straat om die grondvlak te skei van die vlakke daarbo. Buite pleistermure, met twee terugsettings van siersteen weerskante van die



simmetrielyn. Staalraamvensters loop horisontaal in bande, geartikuleer op boonste twee vloere, waar balkonne later toegemaak is.

Die Vereniging van Staatsamptenare van die Unie van Suid-Afrika rig die gebou in 1949 op as woonplek vir die laer besoldigde amptenary. 'n Latere verskynsel as tipiese verdigting van die middestad, spesifiek om behuising te verskaf aan alleenlopendes en daarom soortgelyk aan die aangrensende jeugherberg. Enkelkamers (die woonstelle en kantore is 'n latere aanpassing), eetsale en gemeenskaplike kleedkamers herinner aan die losieshuis-tipologie. Stilisties is die gebou 'n pragmatiese uitdrukking van plaaslike modernisme, hoewel met 'n stewige Deco inslag. Die eenvoud en goeie toestand leen hom goed tot meerdoelige gebruik.



| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 106, h/v Schubart |
| ERFNOMMER | 3062 – Blok 42 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Vérgesig |

'n Agtverdieping siersteengebou met drie vleuels met hul kortkant na Schubartstraat. Oop loopgange, toegemaakte balkonne tussen geverfde struktuurrame, granoliet vloere in die gange en sentrale diensskagte.

'n Gebou wat funksionele realisme uitdruk, en van waarde is as netjiese woonplek, soortgelyk aan 'n tipiese woonstelblok in Sunnyside.

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 111 |
| ERFNOMMER | 3022 – Blok 43 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelkompleks: Schubartpark<br>Kyk Schubartstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat, h/v Vermeulen |
| ERFNOMMER | Deel van 1/218-222 – Blok 42 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Ou Staatsdrukkery, Kyk<br>Bosmanstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 33, 35, 37, 39 en 43 |
| ERFNOMMERS | 257/1, 257/2, 257/7, 257/R, 258/2 –<br>Blok 40 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |



'n Groep woonhuise om 'n cul-de-sac. 'n Skakelhuis (257/7 en 257/R) met drie gewels, die sentrale een teruggesit agter 'n verdeelde voortuin. 'n Leunveranda met voorafvervaardigde kolomme (op steenpilare by 257/7) loop om, met afgeskuinde hoeke waar die stoepdak opstaan in 'n nok. Klipplinte, met geverfde pleister- en siersteenmure.

Twee woonhuise (257/1 en 257/2) met gewels en leundakke op voorafvervaardigde kolomme, sinkstaandakke. Van die houtvensters is met staalrame vervang. 'n Erker in die gewel







(25712) gepleister teen die dakhelling onder geweloorhang.

Die huis teen Vermeulenstraat (258/2) draai 'n soortgelyke gewel na die straat. Vensters met staalrame, aanbouings met leundakke.

Die huise is as groep van belang en ook spesiaal vanweë die erfuitleg om 'n serwituut, wat dien as toegangstraat. Die blokke noord van Vermeulenstraat (tussen Strubenstraat, Steenovenspruit en Potgieterstraat) was in die oos-wes halveer vir kleiner woonerwe soos steeds langs Grand- en Sandstraat. Hierdie cul-de-sac is waarskynlik gebruik omdat die blok waarvan dit deel is, nie voorsiening gemaak het vir toeganklike, klein woonerwe nie.

Stilistiese kenmerke van Laat Victoriaanse en Edwardiaanse middelklas woonhuise. Veral die skakelhuis is hier van belang, waar dit verskil van die tipiese skakelhuis in Pretoria. Die formele simmetrie word bevestig deur die plasing aan die bokant van die ingangspad. 'n Gebrek aan onderhoud laat dit in 'n swak toestand. Verdien as groep dokumentasie; die sakelhuis regverdig verdere ondersoek. Bron: Meiring (1980).

| | |
|---|---|
| ADRES | Vermeulenstraat 30 |
| ERFNOMMER | Deel van 3018/1 – Blok 44 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Krugerpark |

'n Woonstelblok, 32-verdiepings hoog, met 12-verdieping vleuels weerskante van die hoofblok, waar 'n fasaderooster gepons vir vensters. Die laer vlakke met horisontale vensterbande en oop loopgange aan die voordeurkante. 'n Podium absorbeer die grondhelling en huisves parkering. Die gebou is onvoltooi.

n Latere uitvloeisel van die Goedehoopplan. Die straatblok is onafhanklik van die meesterplan (deur Interplan, kyk Schubartpark) ontwikkel en het dus vanuit die staanspoor ondersoeke geverg. Die ontwerp van De Beer Farham en Van Rensburg, in samewerking met Moolman Van der Walt, Vlok & Van der Westhuizen sou die hele straatblok beslaan. Drie toringblokke sou verbind word met geboue van mediumhoogte (kyk foto van model op volgende bladsy). Vanweë ekonomiese druk is die projek deur die Departement van Gemeenskapsbou gestaak na die voltooiing van die eerste blok. Onvoltooide betonwerk en kelderuitgrawings getuig steeds hiervan. Die ooste van die terrein is omhein, asof bouwerk voortgaan.

Krugerpark is ongelukkig 'n bewys dat die Goedehoopskema nie rekening gehou het met realiteite nie. Geïnisieer in 'n tydperk van optimisme en vooruitgang, was die uiteindelike skaal en koste verbonde te groot om deur die finansierders en die stad geabsorbeer te word. Meer jammerlik vir die omgewing is dat vervangingsvertraging hier vir drie dekades



voortduur. Die waarde van 'n bruikbare woonplek in die stad word deur die onderbrokenheid van die stad oorskadu. Bron: MV3 (argitekte); Van Rensburg en Bodenstein (argitekte).

# 6.9 PROESSTRAAT



Vernoem na BCE Proes (1831-1872), eerste staatsprokureur en Meester van die Hooggeregshof van die ZAR.

Noord van Kerkstraat is Proesstraat die eerste om Steenovenspruit te oorbrug. Soos Vermeulenstraat, word die westelike streek gekemerk deur onbeboude kante, veral opvallend wes van Potgieterstraat waar niks van die boomlanings behoue gebly het nie. Krugerpark, Schubartpark en die Poskantoor Hoofkantoor (alles suid van die straat) keer na binne en bied die straat hul regaf wande. Die uitbreiding van die Poskantoor, noord van Proesstraat, onderbreek die boomlaning om 'n ingang na die sypaadjie te rig.

Woonstelkomplekse kom voor, met verder kantore (meestal staatsgebruik), Eendracht Laerskool, die Staatsdrukkery en 'n onnoembaar klein kommersiële komponent.

Twee hoekgeboue uit die fyngrein-tydperk het bly staan. Beide erken die straatkruising met hoekartikulasie. Hulle is geleë op die noordoostelike hoeke van die kruisings met onderskeidelik Schubart- en Bosmanstraat en lever beskeie bydraes tot 'n andersins gesiglose omgewing. Bron: Andrews en Ploeger (1989).



| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 169, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 2894 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Masadagebou |

'n Twaalfverdiepinggebou met 'n oop binnehof waarom winkels na Paul Krugerstraat. 'n Kantoorblok op die hoek, met geribte paneelbekleding waarin vensterrame en waarvoor 'n loshangende struktuur met horisontale sonhortjies.

Die gebou dateer uit 1968 en is ontwerp deur Joubert Owens en Van Niekerk. Saam met die Forum- en Zanzagebou word dit 'n uitdrukking aan die funksionele, met verwysings na Suid-Amerikaanse Modernisme. Die gebou is in 'n goeie toestand. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.



| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 181 |
| ERFNOMMER | 185/4 – Blok 41 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore en Woonstelle: Elimgebou |

'n Reghoekige sesverdiepinggebou, met simmetriese straatfasade, gepunt na die middel. Die sentrale deel is horisontaal geaksentueer, gepons vir teruggesette balkonne en weggedruk vanaf siersteenwande. Oostekant met hoekige vensterprojeksies vir son; oop loopgange wes. Agter op piloti gelig vir parkering onder.

Ontwerp deur J Masureik in 1959. Die gebou is 'n funksionele vergestalting van Modernisme in die sestigerjare. Dit is realisties en geslaagd, en van waarde as woonplek. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 152, h/v Bosman |
| ERFNOMMER | Deel van 3264 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Hilda Mansions |



Nog 'n hoekgebou wat skuins afgesny is om die straatkruising te erken, drie verdiepings hoog met 'n kommersiële grondvlak teruggesit van die woonstelle bo. Simmetries gerig om die hoek, met projekterende massas op die verste straatkante. Horisontale insetbande is afgewerk in glasuurteëls en gepons vir vensters en balkonopeninge (nou toegebou). Hierdie bande loop regom tussen lyste. 'n Kantelblad oorspan onverwags die sypaadjie op die noordwestelike hoek. Plat sinkdak hel weg van die straatfasade.



Argitektonies van belang. Die gebou dateer uit die laat dertigerjare en streef Pretoriase Art Deco na, met enkele maniërismes van die vroeë Internasionale styl. Die Ferris-motorhawe is aanvanklik op grondvloer geakkommodeer, wat die a-tipiese terugsetting verklaar (vergelyk met die tydgenootlike Amanda Centre, (kyk suidoostelike kwadrant). A Gordon Ellis – later Cowin & Ellis – het deur die loop van jare verskeie aanbouings en wysigings aan die gebou aangebring. Gekurfde vensters agter balkonne wat intussen met glas toegemaak is. Hierdie verandering skaad die integriteit en artikulasie van die gebou. Dit is nie in 'n goeie toestand nie en verdien minstens dokumentasie en herstelwerk. Noemenswaardig as steeds gebruikte woonplek in die stad. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 113 |
| ERFNOMMER | 176 – Blok 42 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bejaardesorgsentrum: Huis Davidtsz |



Nege verdiepings hoog, met horisontale vensterbande tussen siersteen; deurlopende lateiprojeksie bo vensterrame.

Opgerig in 1968 na die ontwerp van Paul J du Plessis en Van Wyk. Dit is 'n netjiese woonplek van belang. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 116 |
| ERFNOMMER | 2871 – Blok 46 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Zanzagebou |

'n Reghoekige blok van vyftien verdiepings waar die betonstruktuur beklee is met poleerde klip en siersteen. Gordynmure strek horisontaal agter loshangende sonbeskerming; 'n “drywende” betonblad op piloti



weerskante van die diensteblok heelbo.

'n Eenvoudige vergestalting van Modernisme wat geken word aan funksionele en rasionele uitdrukking, soos ook die Forum- en Masadagebou. Die gebou vertoon goed van buite, maar is binne verwaarloos.

| | |
|---|---|
| ADRES | Proesstraat 102, h/v Schubart |
| ERFNOMMER | 133/R – Blok 46 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel: Mowbite, Kyk Schubartstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Schubartstraat 111 |
| ERFNOMMER | 3022 – Blok 43 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelkompleks: Schubartpark Kyk Schubartstraat |

## 6.10 STRUBENSTRAAT





Kaptain JHM Struben (1806-1869) was Staatssekretaris, Staatsprokureur en Volksraadslid van die ZAR. Op 'n kaart van 1889 word die straat al as Strubenstraat aangegee, die ingang vanaf Rustenburg (Andrews en Ploeger, 1989, binneblad).

Dit sluit tans in die weste aan by DF Malanrylaan. Na die daling by Steenovenkanaal begin jakarandalanings weerskante van die straat. Die straat dra eenrigtingverkeer ooswaarts tot waar Edmondstraat in die ooste aansluit.

Die vernietiging van die fyngrein stadsweefsel, wat die gebied vroëer gekenmerk het, het groot stukke van die stad leeg gelaat. Tussen Struben-, Proes-, Potgieterstraat en die spruit is 'n hele straatblok nou onbebou, en minstens vier soortgelyke erwe kom wes van Bosmanstraat voor. Groot bome wat tussen die straat en oop erwe staan, is getuienis van die vroeëre vitaliteit van die omgewing.

Diverse handelsbedrywe kom langs die straat voor, met die Eendracht Laerskool en die Forumgebou (beide suid van die kruising met Bosmanstraat) die enigste uitsonderings ten opsigte van die kommersiële straatwand.

Deurgaans is die Uniegebou prominent sigbaar in die ooste, waar dit die straatvista sluit.

| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 186 |
| ERFNOMMER | 3333 – Blok 49 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Hotel: Boulevard |



'n Lang, reghoekige gebou van vier verdiepings oor die diepte van die erf, met kort kant na Strubenstraat. Die hoofingang in 'n dubbelverdiepingvleuel oos, en drieverdiepingvleuel wes daarvan teen die straat. Op grondvlak is ontvangeruimtes en restaurante met konferensiekamers en ander diensareas; bo 'n sentrale gang met kamers en badkamers weerskante. Die kern van siersteen, andersins saamgestelde muurafwerkinge, meestal staalraamvensters of nuwer vervangings. Die interieur gaan mank oorspronklike afwerkings.

Die broers Archie en Jimmy McLachlan (boukontrakteurs) is deur die argitek Oscar Hurwitz genader om 'n privaathotel vir 'n kliënt op te rig op die erf, sedert 1935 die eiendom van die broers. Teen September 1954 is bouwerk voltooi, maar die kliënt kon nie betaling bybring nie, en mev CBE MacLachlan het noodgedwonge 'n losieshuis in die nuwe gebou begin. Op 8 November 1954 open die broers die “Happy Hotel”, wat sou uitbrei tot die huidige kompleks, vernoem na die Holfordplan vir Goewermentslaan – wat van Strubenstraat 'n grootse boulevard gerig op die Uniegebou sou maak. As hotel was die Boulevard een van die eerste

internasionale hotelle en die eerste in die land om drie-ster gradering te kry.

Argitektuur sonder pretensie, met net die latere aanbouings wat hunker na pragmatiese Modernisme. Kultuurhistories noemenswaardig en as spesiale woon- en vermaaklikheidplek belangrik vir die stad. Bron: Boulevard Hotel Rekords.



| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 157, h/v Bosmanstraat |
| ERFNOMMER | 2861 – Blok 45 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Forumgebou |

Sesverdiepinggebou op die straathoek, met grondvlak effe teruggesit. Simmetriese fasade na Strubenstraat waar sentrale deel onder 'n “drywende” kantelblad teruggesit en gelig op piloti om toegang te gee na 'n binnehof. 'n Saamgestelde gordynmuur agter aksentueerde sonbeheer met horisontale vlakindeling. Siersteenpanele met korbeelreliëf is gebruik as kant- en hoekbekleding.

Argitektonies van belang. Die invloed van Suid-Amerikaanse Modernisme is herkenbaar, maar meer pragmaties en funksioneel realisties as byvoorbeeld die Vleisraadgebou of dié van die Ontvanger van Inkomste. Die ondubbelsinnige vertikale massa met horisontale aksente, funksionele sonbeheer en strukturele ekspressie kenmerk die geboue. Die Forumgebou staan stewig op die hoek en vorm 'n sterk straatwand.



| | |
|---|---|
| ADRES | Strubenstraat 140 |
| ERFNOMMER | 2694/R – Blok 50 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantoor |

Oorspronklik 'n woonhuis, teruggesit van die straat, met 'n stoep op pilare van siersteen, siersteenplint en pleistermure, staalraamvensters en sinksaaldak. Aan die noordekant is aangebou.

Tipolgies belangrik as aanduiding van die woonhuisskaal wat die gebied vroeër gekenmerk het.

## 6.11 STANDSTRAAT



Stand- en Grandstraat vorm deel van 'n netwerk cul-de-sacs wat eertyds, maar na 1889, die blokke wes van Potgieterstraat in die oos-wesrigting verdeel het. Dit het aangesluit by die straatpatrone van Marabastad en met die skaalverandering Steenovenspruit erken. Met die hersonering van die gebied is die twee noordelike strate (Nauw- en Olive Schreinerstraat) saam met die ander kleinskaal verwyder.

Nauwstraat, tussen die huidige Vermeulen- en Proesstraat het totaal verdwyn. Olive Schreinerstraat (vroeër Spruitstraat) tussen Proes- en Strubenstraat bestaan nog as 'n verkrummelde teerstrook in 'n leë, oorgroeide straatblok. Die ingang vanaf Potgieterstraat, asook individuele motoringange oor die randsteen, is herkenbaar. Selfs enkele bome het langs die "straat" behoue gebly.

Langs Standstraat is nog vier woonhuise. Die beplante sypaadjie en klein bome is aanduidings van die eertydse residensiële karakter.



| | |
|---|---|
| ADRES | Standstraat 33, 42, 44, 49 |
| ERFNOMMERS | 2516, 2529, 2528, 2524 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

'n Verwaardeloosde groepie woonhuise, sonder noemenswaardige kenmerke.

Omring deur oop erwe en uit pas met die omgewing, is hierdie huise, saam met die nog in Bloedstraat, 'n herinnering aan die eertydse skaal en gebruik van die gebied.

# 6.12 BLOEDSTRAAT




Andrews en Ploeger (1989:14) gee 'n breedvoerige beskrywing van die straatnaam se oorsprong, wat in die politieke stryd van 1862-1863 tussen Kruger en Schoeman te vinde is.

Bloedstraat is 'n eenrigting weswaarts. Na die verlenging van die straat tot by DF Malanrylaan het dit 'n belangrike verkeersroete uit die stad geword. Die taxiterminus naby die oostelike punt van die straat, en Marabastad op die westelike punt, maak van Bloed- en Boomstraat besige verbindings op die pendelaarsroete. Die kommersiële aktiwiteite in die ooste (kyk noordoostelike kwadrant) strek deur tot by Schubartstraat, vanwaar voetgangerverkeer afneem.



Waar die jakarandalanings teen Potgieterstraat ophou, kink die verlenging (1990) oor Steenovenspruit. Die kruising van spruit en straat is hier prominent, vanweë die oopte daarom. Enkele woonhuise het tog hier bly staan – te min om die vroeëre konteks in pag te hou, maar hul vorm nogtans die grootste tipologiese versameling in die kwadrant.

| | |
|---|---|
| ADRES | Scubartstraat 14 – 22, tot en met h/v Bloed |
| ERFNOMMERS | 860/R, 860/R/2 & 860/3 – Blok 56 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel Kyk Schubartstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Bloedstraat 90, 92, 94 & 96 |
| ERFNOMMERS | 857/1, 857/R, 856/4 & 856/R – Blok 56 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |



Twee identiese groepe aangrensende skakelhuise, en net terug van die straat geplaas. 'n Borsweringmuur skei die eenhede op die noklyn van elke groep. Stoepe suid, op voorafvervaardigde kolomme en stoepmure. Siereteenplinte en siereteen tot op die dadolyste (nou geverf), houtraemvensters, sinkdakke en klein voortuine by elk.

Tipologies van belang as voorbeeld van deelhuise. Hoewel die groep weinig aansluiting by die huidige omgewing vind, is hul in skaal en vorm tipies van die vroeëre woonbuurt hier. Behoort minstens gedokumenteer te word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Bloedstraat 50, 46, 42 |
| ERFNOMMERS | 2542, 2544, 2546 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

'n Klein groepie huise uit verskillende eras, waarvan die ouer huise in 'n swak toestand.

Dit is opvallend dat hierdie huise nog staan na die Bloedstraat verlenging. Uit pas met die huidige konteks, is die groep 'n aanduiding van die geskiedenis van die



kwadrant. Kyk ook Standstraat.

## 6.13 GRANDSTRAAT



In Marabastad was die huidige Grandatraat oorspronklik Aurangazeebetraat. Grandetraat verleng oos van die Steenovenspruit om 'n kort doodloopstraat vanuit Potgieterstraat te word. Oorblyfsels uit die woonhuistydperk het vermeng met store om die huidige kommersiële gebruik te akkomodeer. Die enkele bome dien nie die straat nie, maar staan waar dit vroeër tussen klein geboue en in tuine was. Suid van Grandstraat het geen geboue oorgebly nie.

Grandstraat is tans in hoofsaak 'n voetgangersroete na en van Marabastad, waar 'n voetpad teen die einde van die straat langs die spruit afloop.

## 6.14 BOOMSTRAAT



Boomstraat is die mees noordelike straat in die middestad. Min van noord-suid strate kruis daaroor. Die noordelike wand van die straat beetaan uit 'n substasie waarom oop ruimtes, werkswinkels en parkeerareas. Tussen Boomstraat en die Apiesrivier is verskeie munisipale funksies geakkommodeer, tesame met die einddraai van die spoorlyn wat Belle Ombrestasie bedien. Dit is andersins onverbeterde grond wat beetaan uit die gebiede Vrischgewaagd, Belle Ombre en Sans Souci.

Wes van Paul Krugerstraat was Boomstraat tot onlangs (1991) 'n tweerigtingstraat. Nou is dit as eenrigtingstraat deel van die netwerk strate wat DF Malanrylaan met die stad verbind.



Informele handel uit Marabastad word ooswaarts voort gesit, tot waar die formele sektor oorneem. Straathandel en winkels op die sypaadjie tussen die sprui t en Schubartstraat. Ou en nuwe geboue staan sy teen sy om aan die straat 'n bedrywige en gesonde wand te gee. Na Schubartstraat neem die handelsbedrywighede af, waar die Stadsraad se Vervoerafdeling suid van die straat geleë is.

Twee Victoriaanse woonhuise op die suidwestelike hoek van die Paul Krugerstraatkruising skakel met die breë omgewing, waar soortgelyke voorbeelde nog voorkom (kyk noordoostelike kwadrant).

Die kemerkendste historiese elemente van Boomstraat val buite die gebied. Marabastad is net wes van Steenovenspruit geleë en die ander landmerk in die straat – die Nasionale Dieretuin – net oos van Paul Krugerstraat. Die rye jakarandabome wat Marabastad tipeer, word oos van Potgieterstraat vervang met platane wat deurloop na die ooste.

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 199, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 841/R – Blok 55 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Skool: Pretoria Chinese School |



Woonhuis terruggeplaas vanaf die straathoek en geskei van die straat deur 'n veiligheidsheining. Oos en noord 'n stoep met leundak en voorafvervaardigde kolomme op siersteenbasisse; noordoos 'n hoekerker, gekroon met plaatskubbe en 'n vale lanterndak. Saamgestelde dak van sink, met ventilasiehortjies en nokentruiters waartussen kantpatroonwerk. Gewelmuur met erker wes van ingang, met profileerde kroonlyswerk en sierspits. Buitemure saamgestel uit pleister-en-verfvlakke (met vale voeë) en siersteen (nou geverf), alles op 'n klipplint. Vensters en deure hout, asook houthangvloere en houtmuurlyste, persstaalplafonne (sommige beskadig deur verbouings), en 'n kaggel met gebosseleerde patrone.


Hierdie gebou is die mees noemenswaardige van die groep wat die Chinese Skool huisves. Sover vasgestel kan word, is dit oorspronklik voor 1910 opgerig. Die gebied was een van die eerste residensiële gebiede in Pretoria en daarom is dit moontlik selfs ouer (die skoolraad spekuleer met 1897). Die huis is in 'n redelike toestand, hoewel veranderings aangebring is om die huidige funksie te huisves. Dit is vandag die prominentste van die groepie Victoriaanse woonhuise in die Dieretuinomgewing, en nie uit konteks met van die naasliggende geboue of hul skaal nie.

Ongerigte groei het tot gevolg gehad dat die omgewing doelloos ontwikkel het. Daarom is die waarde van hierdie landmerk juis as verwysingspunt vir toekomstige uitbreiding. Bewaring word aanbeveel bloot op historiese meriete. Of hierdie sensitiewe eiendom nog geraak word deur die beplande deurpadskema is onseker. Bron: UP Dokumentasie.



| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 177 |
| ERFNOMMER | 3134 – Blok 55 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel met werkswinkel |

'n Woonhuis met 'n simmetriese fasade teruggesit van die straat. Klipplint, gepleisterde mure met siersteenbande (nou geverf) wat die buitemure eweredig indeel. Sinkdakke, voorstoep met leundak wet rus op voorafvervaardigde kolomme, houtvloere en hoë houtplafonne, houtraamskuifvensters. Leundakke aangebou in die suide, werkswinkels agter op die erf met geboogde bovensters.



Tydgenootlik en komplementeerend tot die aangrensende huis van die Chinese Skool. Dit toon ook ooreenkomste met Boomstraat 229 (kyk noordoostelike kwadrant). Die westelike erker op die stoep is vervang met 'n oproldeur om die huidige funksie te akkommodeer. Verdere veranderinge skaad die geheel nie. Die toestand is te wyte aan swak onderhoud, maar dit kan moeiteloos herstel word. Dokumentasie, bewaring en simpatieke hergebruik word op historiese meriete ten sterkste aanbeveel.

| | |
|---|---|
| ADRES | Bosmanstraat 11, h/v Boom |
| ERFNOMMER | 3133 – Blok 55 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Magasyn: Vervoerafdeling - Stadsraad van Pretoria, Kyk Bosmanstraat |

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat 111 en 125 |
| ERFNOMMERS | 831 en 832 – Blok 56 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Personeelafdeling, Stadraad van Pretoria |

'n Kompleks waarvan die gebou teen die straat die noemenswaardigste is. Boomstraat 125 is 'n eenvoudige dubbelverdiepinggebou in 'n kort U-vorm, wat teruggesit is






van die straat en simmetries is om die sentrale ingang. Aan die Boomstraatkant geboogde staalraamvensters op grondvlak en reghoekiges bo. Onder die sentrale pediment en op die verste hoeke is balkonne met ballustradekolomme van voorafvervaardigde beton. Mure van rooi siersteen, met onder die sinkdak 'n geverfde lys wat aansluit by die pediment. Agter is loopgange, nou toegemaak met glas, waar granolietvloere. Die sentrale trap met kopertrapstroke vervaardig deur Bronzalun Bowes-Scott & Western Ltd, en saamgestelde traprelings. Persstaalplafonne en oorspronklike deure plek-plek.

Wes hiervan, en verbind aan die hoofgebou deur latere aanbouings, 'n vleuel tot teen die straat (Boometraat 111), waar siersteen tot op vensterbankhoogte en gepleister – met deurlopende lyste – tot onder die borsweringrand. Oorspronklike houtvloere en persstaalplafonne kom in dele voor en dui op talle aanbouings en verbrekings.

Die hoofgebou is stilisties noemenswaardig; 'n pragmatiese en plaaslike uitdrukking van Neo-klassisistiese motiewe (vergelyk met Kerkstraat 70, erf 309). Die groep is in 'n goeie toestand, wat hul gebruik vir die afsienbare toekoms behoort te verseker.

| | |
|---|---|
| ADRES | Boomstraat, tussen Scubart en Steenovenspruit |
| ERFNOMMERS | Verskeie hierna speeifieeer – Blokke 57, 59 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |

'n Ry winkels teen die straat, sommige met verandas. Almal neem deel aan die handelstradisie van die straat en dra daartoe by deur saam 'n kontinue en eenvormige handelsplek te skep wat skakel met Marabastad wes daarvan.

Hierdie groep is saamgestel uit ou en nuwe geboue. Dit is byna seker dat die nuwer toevoegings geboue vervang het wat soortgelyk was aan die stoepwinkele hier en in Marabastad. Die oorblywende paar hou nog die argitektoniese en sosiale geskiedenis van die gebied in pag. Die suksesvolle handelsbedrywighede hier behoort as aanduiding te dien van ekonomiese waarde van bewaring en hergebruik. Verdien saam met die geboue in Marabastad ondersoek na tipologie en geskiedenis, en behoort minstens gedokumenteer, maar verkieslik bewaar te word.



Slege die geboue met uitsonderlike kontekstuele, historiese en/of tipologiese waarde word hierna genoem. Die volgende (nuwer) geboue dra net by tot die straatwand: erwe 3314, 827, 826/1 en 2803, asook 2566 en 2565.

Boomstraat 99, h/v Schubart, deel van erf 3314: 'n Winkel met ingang op die afgeskuinsde hoek. Geverfde pleisterwande en sinkstaandak, leunveranda op

voorafvervaardigde kolomme oor sypaadjie wat aan Bosmanstraat afgeskerm is as stoep. Tipologies, histories en kontekstueel van belang. Naas definisie van die straat en hoek, is dit ook deel van 'n verspreide groep hoekwinkels. Die gebou is in 'n goeie toestand, maar deeglike opknapwerk sal binnekort nodig wees.

Boomstraat 77, erf 826/R: Twee geboue – oos 'n teruggeplaasde woonhuis uit die laat Victoriaans-Edwardiaanse era. Gewel met profileerde fassies na die straat. 'n Vals fasade is hiervoor opgerig en die binnekant is aangepas. Wes 'n eenvoudige winkel met twee (verskillende) gewelente na die straat en voorafvervaardigde kolomme waarop 'n leundak oor die sypaadjie. 'n Aanduiding van die skaal en menggebruik wat die omgewing gekenmerk het.

Boomstraat 73, erf 825/R: 'n winkel soortgelyk aan die aangrensende op erf 826/R, maar met eenvoudige sinksaaldak.

Boomstraat 51 tot 55 en 57, erf 824/R: Twee winkels, aangrensend, waarvan die westelike gebou op die hoek van Potgieterstraat. Hier is die hoek afgeskuins, die veranda op pypkolomme (latere toevoeging?) en die siersteenmure nou geverf. Die geboutjie net oos daarvan is 'n verlenging van die vorige, maar met voorafvervaardigde kolomme en gewelente, waarvan die aan die westekant ook 'n brandmuur is wat die geboue skei.

Boomstraat 39, deel van erf 2773: twee aangrensende winkels, eenvoudig in vorm en met 'n aaneenlopende veranda op kolomme voor die oostelike een. Ongelukkig is die westelike gebou (Boomstraat 39) se veranda verwyder, sodat 'n hoë borsweringmuur na die straat ontbloot is. Hulle is afgeskeep, en herstelwerk is nodig.

Boomstraat 33, erf 2562: nog 'n winkel met 'n verandadak en voorafvervaardigde kolomme – hier onder 'n gerande borswering. Die kolomindeling is ongereeld, wat daarop dui dat hier vroeër meer as een winkel behuisves is. Dit is opgeknap en in 'n goeie toestand.











## 6.15 LYS VAN WAARDEVOLLE ELEMENTE IN DIE NOORDWESTELIKE KWADRANT

Kyk ook lys van die noordoostelike kwadrant. Die volgende afkortings word gebruik om kriteria van toepassing aan te dui:

A: Argitektoniese belang/stylbelang
E: Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F: Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H: Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K: Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L: Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S: Argitek/skepper van belang
T: Tipologiese belang

15.1 Panagosgebou en ander, Paul Krugerstraat 51-3, erf 102/R, 102/4
A/E/F/H/L/T

15.2 Grootkerk-gebou, Bosmanstraat 173, erf 3071/3
A/E/F/K/S

15.3 Grootekerk, Bosmanstraat 153, erf 3071/R
A/E/F/H/K/L/S/T

15.4 Ou Staatsdrukkery, Bosmanstraat 148, erf 1/218-222
A/E/F/H/K/L/S

15.5 Eendrachtskool, Bosmanstraat 89, erf 3006
A/E/F/H

15.6 Magasyn, Bosmanstraat 11, erf 3133
E/F

15.7 Corner House, Schubartstraat 187, erf 312/8
A/F/K

15.8 Scubartpark, Schubartstraat 111, erf 3022
A/E/L/T

15.9 Mowbite. Proesstraat 102, erf 133/R
E/F/H/T

15.10 Capitol Tobacco Company, Potgieterstraat 181, erf 306/1
A/E/F

15.11 Moord- en Roof- en Voertuigtak, Kerkstraat 70, erf 309
A/E/F/H

15.12 Krugerhuismuseum, Kerkstraat 60, erf 308/1
A/F/H/K/L

15.13 Tienie Fourie Verwe, Kerkstraat 32, erf 304/R
H/T

15.14 Winkels, Kerkstraat 12A, erf 3076
A/H/K/T

15.16 Somerset House, Vermeulenstraat 186, erf 2999
A/F/H/K

15.17 Telefoonsentrale, Vermeulenstraat 186, erf 2999
A/F/H

15.18 Jeugsentrum, Vermeulenstraat 129, erf 3070
A/E/F/H/K/L/S/T

15.19 VSA-gebou, Vermeulenstraat 125, erf 267
F/T

15.20 Woonhuis, Vermeulenstraat 33-47, erf 257/1, 257/2, 257/7, 257/R, 258/2
A/H/K/T

15.21 Elimgebou, Proesstraat 181, erf 185/4
A/E/F

15.22 Hilda Mansions, Proesstraat 152, erf 3264
A/H/T


15.23 Boulevard Hotel, Strubenetraat 186, erf 3333
E/F/H/L

15.24 Pretoria Chinese Skool, Boomstraat 199, erf 841/R
A/E/H/K/L/T

15.25 Woonhuis en werkswinkel, Boomstraat 177, erf 3134
A/E/H/K/L/T

15.26 Kantore, Boomstraat 111, 125, erf 831, 832
A/E/F

15.27 Winkels, Boomstraat 33, 39, 51-5, 57, 73, 77, 99, erf 2562, 2773, 824/R, 825/R, 826/R, 3314
A/E/H/K/L/T




**FIGUUR 6.5 Arseerde dele dui waardevolle plekke in die noordwestelike kwadrant aan**

# 7. VIER ESSAYS

## 7.1 PRETORIA – DIE NOORDOOSTELIKE KWADRANT GERRIT JORDAAN

Gerrit Jordaan, van die firma Holm Jordaan & Holm, verwerf die grade Bouk en B Arch aan UPE en MEP (Urban Design) aan Wits, laasgenoemde met 'n verhandeling oor plekmaking in stadsentrums.

INLEIDING

Die noordoostelike kwadrant van Pretoria-sentraal besit 'n baie diverse karakter. Die grondgebruike en aktiwiteite is divers en weens die stadige ontwikkelingsdruk kon baie van die ouer gebruike oorleef. Ten noorde en ooste van hierdie kwadrant is daar nie intens ontwikkelde areas of node wat ontwikkeling stimuleer nie. Die gevolg is dat die meeste ontwikkeling en veranderings in hierdie kwadrant, deur middel van owerheidsinmenging of markte, vir spesifieke kultuurgroepe ontstaan.

STADSKONTEKS EN HISTORIESE AGTERGROND

Die noord-oos kwadrant van Pretoria-sentraal word gekenmerk deur relatief stadige groei, met baie oop erwe en 'n groot hoeveelheid Staatsgrond. In dié deel is ook moontlik die meeste “groot planne” gemaak en weens verskeie redes nie uitgevoer nie. Die Telfortplan, Holfordplan, Deurpadskema en Verwoerdpleinontwikkeling het onder andere gepoog om grootskaalse ontwikkeling so vinnig moontlik te implimenteer om die “probleme” van die stad op te los. Daar was ook pogings om die Uniegebou op Meintjeskop meer direk met die Staatsgeboue in die middestad te skakel. Die Civitasgebou is 'n sprekende voorbeeld van hierdie pogings.

PLEKSTRUKTUUR

Die plekstruktuur word deur Paul Krugerstraat, Apiesrivier met die Magaliesberge en Kerkstraat begrens. Weens die feit dat die rivier aan die noordekant deur die Dieretuin en ander instellings vanaf die straatruit afgesny word, is die Apiesrivier as natuurlike grens nie in direkte verwantskap met die stadsorde nie.

Die domein bestaan hier ook uit 'n reghoekige straatruitpatroon wat deur die ou plaasgrense gemodifiseer is voor dit nog die natuurlike grens naamlik die Apies bereik. Die arkadesisteem het nie so diep in hierdie kwadrant gepenetreer nie weens die minder intense benutting van die kwadrant en omdat dit ook stadiger gegroei het as byvoorbeeld die suid-oos kwadrant. Die grein is redelik fyn met landmerke alhoewel daar 'n growwer grein te bespeur is waar nuwe ontwikkeling plaasvind. Weens die Boomstraatontwikkeling en die taxi parkeerplekke is hierdie domein grootliks beset deur 'n sterk Afrika-kwaliteit.

Daar is nog heelwat menggebruik in hierdie kwadrant. Industriële aktiwiteite, kleinhandel en woonkomponente sowel as opleidingsfasiliteite kom selfs direk langs mekaar voor. Die gevolg is dat hierdie kwadrant 'n baie ryker verskeidenheid behoeftes bevredig. Met die groot hoeveelheid Staatsgrond en Stadraadeiendom word die kommersiële ontwikkeling ook gestrem.

Die sentrums word direk gekoppel met die tipe van aktiwiteite wat in die kwadrant voorkom. Die

gevolg is dat daar 'n verskeidenheid sentrums is in terme van karakter en aktiwiteite soos wat die menggebruik na vore tree. Tipiese sentrums is die Pick & Pay as winkelsentrum, die Munitoria as 'n Stadsraad fasiliteit en die Boomstraat gedeeltes wat grotendeels as 'n intense Afrika gerigte wikelsentrum funksioneer. Die Dieretuin daarenteen dien as toeristesentrum en word ondersteun deur die Kultuurhistoriese Museum.

Aangesien hierdie kwadrant bestaan uit 'n fyn grein met toringblokke. Die toringblokke, veral die wat met spesifieke aktiwiteite gekoppel kan word, dien as landmerke binne 'n basis van sesverdiepinggeboue. Tipiese landmerke is Civitas, Munitoria, Reserwebank, Transvaalhuis en die Ou Mutualsentrum. Binne die straatblokkonteks is daar uit die aard van die saak kleiner landmerke wat meer plaaslik van aard is en nie noodwendig op 'n stadskaal gelees word nie.

Die skakels van die kwadrant is baie spesifiek en baie sterk weens die feit dat daar relatief min skakels na die res van Pretoria is. Paul Kruger- en Kerkstraat dien as soom-ontwikkelings vir die naasliggende kwadrante. Paul Krugerstraat daarenteen vorm 'n baie sterk visuele skakel met die Magaliesberge en die Apiesrivier. Dr Savage Rylaan skakel op 'n soortgelyke manier met Gezina en Riviera. Boomstraat op 'n gemodifiseerde ruitgrens teen die noordekant vorm ook 'n skakel na Marabastad en Belle Ombre-stasie.

STADSRUIMTES

Pleine en oop ruimtee

Die oop ruimtes in hierdie kwadrant is, behalwe vir Kerkplein, meestal op plaaslike skaal leesbaar. Die oop ruimte voor die Pick & Pay (wat eintlik as 'n parkeerveld funksioneer) vernietig die straatfront langs drie strate en plaas 'n stuk voorstedelikheid binne die stadstekstuur. Rondom die Hervormde Kerk word 'n oop ruimte geskep wat as voorgrond vir die Kerk dien, maar steeds as 'n privaatruimte beleef word. Met die Reserwebank wat direk daarlangs gebou is, is die ruimte in 'n totale ander skaal geplaas ten opsigte van die skaal van die Kerk.

Die oop ruimte rondom die nuwe Reserwebank bestaan grootendeels uit landskapering, betonterrasse met plante, beelde en fonteine. Dit is baie vol van vlakverskille en dit dien grootendeels as 'n opbou tot die podium van die toringblok. Indien die Verwoerdpleinontwikkeling voltooi is, behoort hierdie straatsnit en pleine beter na vore te tree, maar soos dit tans daar uitsien is dit mooi om na te kyk maar nie om betrokke mee te raak nie.

Strate

Weens die baie oop erwe is die straatdefinisie in groot gedeeltes baie swak. Daar is wel dele waar die straatdefinisie as positiewe kanaalruimte goed gedefinieerd is, veral in Proes en Strubenstraat. Met die groot Staatsgeboue soos byvoorbeeld Civitas is daar straatblokke wat geen direkte interfase met die straat het nie. Van die “Afrika-gerigte” kleinhandel-ontwikkelings verseker spontane straatmarkte wat die straatkwaliteit en die identiteit van die kwadrant iets besonders maak.

In Van der Waltstraat, waar 'n klein residensiële enklaaf die ontwikkeling van die tyd weerstaan het, is daar 'n baie intieme huis/straat verwantskap met kleiner erwe en intense stedelikheid.

Natuur en oop ruimtes

Alhoewel hierdie kwadrant relatief baie bome het is daar ook 'n aantal bome wat weens

“straatverbeterings” verwyder is. Die boomverwydering vind grotendeels plaas in die De Bruynpark-area en nader aan die sakekern.

Die Apiesrivier se verwantskap met die kwadrant verander van direkte grens teen die oostekant tot 'n natuurlike rivier wat omring is met landskap soos by die Dieretuin aan die noordekant. Behalwe vir die Dieretuin is die skakeling met die Apiesrivier relatief swak. Daar is wel 'n teenwoordigheid van die palmbome maar van direkte skakeling in terme van gebruiksmoontlikhede is daar min sprake.

Hierdie kwadrant besit geen midblokparke nie, maar die Dieretuin teen die noordelike grens speel 'n groot rol in die identiteit van hierdie kwadrant.

GEVOLGTREKKINGS

Behalwe vir die “groot planne” wat in die verlede 'n invloed op hierdie kwadrant gehad het sal die Deurpadskema nie net die kwadrant totaal versnipper nie, maar ook 'n ry straatblokke effektief vernietig. Die gevolg sal wees dat die karaktergewende aspekte van hierdie kwadrant soos byvoorbeeld die Dieretuin en die Kultuurhistoriese Museum van die middestad gedeelte afgesny sal wees.

Weens die feit dat hierdie kwadrant gesamentlik met die noordwes kwadrant as ingang dien vir die inkomende arbeidsmark vanaf Bophuthatswana en ander gedeeltes besit die kwadrant die potensiaal om die Afrika komponent van Pretoria effektief te akkommodeer en Pretoria as Afrika-stad te vestig. Die bestaande Afrika-komponent in hierdie kwadrant vorm deel van die identiteit en moet as sulks in enige toekomstige beplanning geakkomodeer word.

22 Junie 1990

## 7.2 PRETORIA SE EIE BRAAK
## MAURITZ NAUDÉ

Mauritz Naudé is verbonde aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Hy behaal grade in Argeologie en Kunsgeskiedenis en 'n diploma in Museumkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n meestersgraad in Argitektuur aan Wits. Hy is betrokke by navorsing, bewaring in die stadsomgewing en spesialieeer in omgewingsinvloedbestuur.

Stellenbosch se “Braak” het sedert die dorp se beginjare net so 'n belangrike rol in die gemeenskapslewe gespeel as 'n moderne winkelsentrum met sy eet, koop, rus en geselsplekke. Hier word feeste gevier, betoog, gesit, gestaan en die dorp sommer net geniet. Volgens alle definisies is die “Braak” niks anders as 'n onbeboude ruimte nie. Die onbewerk of in entrepeneursterme: onontwikkel. Waarom word dan nie iets daaraan gedoen nie. Is dit miskien die gekkigheid van politici, akademici beplanners, en ontwikkelaars. Of moet die studente hiervoor verantwoordelikheid aanvaar?

Soos gewoonlik het die Noorde ook sulke probleme. Net met beter antwoorde. In soverre as wat antwoorde oor omgewingsbeplanning en -benutting vanuit Pretoria enigsins relevant kan wees ten opsigte van die probleem. Hier kan van 'n “Braak” weinig sprake wees. Hier gebeur dinge vinniger – noem dit liewer “Brak”. Die korter, sneller en snap so maklik. Dis vir die boere, dit blaf in Afrikaans en klink aggresief genoeg om rondlopers en kinders die skrik op die lyf te jaag.

Die land se hoofstad het so 'n plek. Want wie wil nou by die Bolandse hoofstad afsteek. Geleë aan die stad se begraafplaas-sy, aan die boesem van Marabastad, Paul Kruger se linkerhand of kortweg aan die gatkant van die stad. Dis waar hy lê en wag soos iets wat nog lewe by die Dierebeskermings Vereniging.

Die noordweste is nie juis 'n kern, die periferie of 'n maklik definieerbare deel in die moederdeel van one stadjie nie.

Loop jy hier herinner dit jou aan daardie plate in die Bosveld waar rooi grond hard en droog tussen die bome uitkol. Of op plekke in die grasserige savanne waar die ylste gras groei en bykans geen bome voorkom nie. Sulke onverwagte plekke waar die son jou betrap sonder skuiling, groenigheid, water of lewe. Die natuurbewaarders verwys daarna as die “Brak”: Daar lê 'n karkas in die brak of die gras brand by die brak. Die vlakte in die bos wat elke soldaat vermy en waar buffels troptrek. Die boere verwys sommer daarna as brakgrond. Dit is geensins gebraakte grond nie.

Die gedeeelte van Pretoria stad tussen Paul Kruger, Von Wielligh, Kerk en Boomstraat herinner sterk aan wat moontlik 'n stedelike Brak genoem kan word.

'n Tipe niemandsland maar ook 'n allemansplek. Maar veral net nog 'n stuk grond. Amper soos 'n brandsiekhond: maer aan vettigheid; amper sonder vleis, bewende bene, en wat mank gaan aan energie. Word die ding aan sy lyf gelees is dit pure ongelykheid. Skeletknoppe en hare wat in verskeie rigtings neig maar manmoedig probeer om seerplekke en kaalplekke toe te groei.

Net soos brakkolle in die landskap dikwels 'n oorblyfsel van vroeëre menslike aktiwiteite is as het die deel van die stad 'n rykdom aan goorheid. Die meeste oopgrond kom hier voor. Nou die veilige hawe van vele motorvoertuie in die dag. Leeg in die nag. Aan wie die plekke behoort word verkieslik verbloem want dit sou beteken dat die sloping van die geboue wat eers hier gestaan het om die eienaars se nekke gehang kan word. Nou is dit verlate motorpakplek teen twee rand of 'n

gesteelde motor per dag. As die meeste motore vanuit die ooste die stad binne kom, is dit seker waarom al die parkeerplek in die weste van die stad lê.

Dit wil voorkom asof die deel assosieer kan word met aflaai, weggooi, stoor, begrawe en die uitskot van goedere, voertuie en mense wat nie van die kontemporêre hoë kaste afkomstig is nie, dalk nie as japies of yuppies kon kwalifiseer nie. Werk jy tog nie vir die Poskantoor nie, net oorkant die Staatsdrukkery, darem naby die Landmetergeneraal se kantore. Of soos die regsgeleerdes dit noem – die aktekantoor.

In hierdie deel van die stad word munisipale voertuie tot rus gebring, en dan wedergebore uit boute, moere en ghries. Die ongelukkiges beland in die helde akker vir meganiese monsters. Die stadsregeerders gebruik ook hierdie deel (of ie dit dalk geskuif) om hulle ou randstene, sand, klip en werkswinkels te berg. Waarom moet die dorp se rioolplaas nou juis langs die varsproduktemark en die Weermag kantore oorkant die totalisator en die afslaer geleë wees. Alles dra by tot die gees van die plek. Vir die opmerksame toeris word hierdie deel van die stad vermy – in soverre as wat die ”groot gryse” president se huis verby gery kan word. Wat is die assosiasie tussen die presidensie en oom Paul se kerk? Spontaan of gedwonge. Moet daar dalk 'n verband wees tussen die eertydse lisensie-toetsterrein en die begraafplaas langsaan? Soos Bel Hombre en Marabastad.

Opvallend is die bemoeienis met die jare her se Transvaalse President en 'n mate van kerkagtigheid. Hier is Kerkstraat, Kerkplein en oom Paul se Kerk. Hier is ook 'n Paul Krugeretraat, Krugermuseum, en 'n moderne toevoeging – Krugerpark: 'n rekenaarontwerpte toringblok vir mense. Tesame met die vier Schubartmonumente 'n poging om weer mense in die “Brak” gevestig te kry, met die argitektoniese meriete van 'n telefoonskakelbord en 'n graansilo.

Ry jy in die nag deur die gebied spreek die stilstaande motors. Geparkeer, nie rondom woonplekke nie maar vanuit die tweedehandse motorhandelaars se beglasde lokale, gestreepte seildakkies, kilometers swart skadunet of sommer in die kaaltes wat soos junior vlaktes rondom die handelaarshokkies lê. Selfs die motors het hier 'n stryd om uit die tweedehandse mark te kom. Onmoontlik sonder die fluoresent gloeiende bedrae op hul voorruite. In werkstyd is dit 'n gevriesde koeksel van ingepakte motorblokke met die alewige tweerand-per-dag borde en sinkpondokkies waaruit 'n geriffelde persoon met entoesiasme vir die volgende parkeerpleksoeker sit en loer. Net om onverwags langs die bestuurder se deur te verekyn sodra daar stilgehou word. 'n Struikrower sonder sy struik. En jou dan glimlaggend probeer oortuig dat jou bydrae tot die vul van hierdie parkeerplek 'n besliste. hoogtepunt tot hom en sy baas se poging tot werksverskaffing is.

Soos die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied die kern van die land se ekonomiese en geldstatus is, is Kerkplein die holte waarheen die mense van die brakkolle hulle rig. Dit is moontlik ook die geestelike kern van die stad. Die oudste en langslewende roos in wat eens op 'n tyd 'n tuin was. Wat deur sommige torrerige figure in beplanning en politieke geskiedenis lankal uit die stad geruk sou gewees het. Enigiets om die verbrakking wat in die westelike kwadrant plaasgevind het tot in die stadshart te laat indring. Die invloed uit die weste, want die weste is die beste. Verandering is die reël, verbetering die uitsondering. Afbreking is die konstruktiefste en motors die monumente van mag en blinkbas vooruitgang. Alles terugvindbaar in hierdie gelapte deel van Pretoria.

Hier kan jy in die nag amper ontspan. Niemand ry jou raak nie, niemand wil aan jou vat nie, niemand sal hier wil lag nie – dis selfs te erg om hier te huil. Dis ook net energie verspilling om hier troos te soek. Hier is die meeste oop ruimtes per straatblok – 'n ontwerper se ideaal. Wie wil sy ideale hier uitleef waar woonplek vervlak is tot behuising, leefplek tot 'n opelug gaskamer en 'n

mensplek tot 'n motordepot. Maar selfs die motors is verlate, neuse straatkant toe gepunt, gereed om weg te spring. Maar die bestuurders makeer. Ook die eienaars het die loop geneem en hul werkesels in die nagtombes van die middestad laat staan.

Weg van die stadkant gloei 'n nuwe gemeenskap, 'n ou plek maar met nuwe oorgawe. 'n Rou plek vir die stadsvaders. Dit is nie die loodes vir oorskietmotors en masjinerie nie, ook nie die rioolplaas, ou motortoetsterrein of die Kerkstraatbegraafplaas nie. Dis die deel van die stad wat nog dorp is, 'n ware mark waarmee die vlooimark nie kan kompeteer nie. Pretoria se distrik ses. Van besigheid en kibbel kan jy die mense niks leer nie. Die enigste plek wat homself nog 'n stad binne 'n stad kan noem.

In 1867 moes die inwoners van die Noord-Transvaalse dorpie Schoemansdal uit hul dorp padgee om hul toevlug tot 'n nedersetting suid van Pietersburg te neem. Destyds Marabastad genoem. Daarvan is nog enkele geboue te siene. Net soos Pretoria kan kompeteer met die suide het hy nou ook sy eie Marabastad soos die noorde. Maar dis nie hier waar die blankes teruggetrek het nie – hier bly hulle juis weg. Kyk daaroor, ry daar verby en weier om oor wat hulle sien bly te word. Hier is die middeetad nie besig om dood te gaan nie, dit vibreer met mense en geure. Sonder arkades van spieëls en Italiaanse teëls, sonder bioskopies en koffiekroeë, selfs die vyfster hotel ontbreek. Die robotte se ligte skaam hulle omdat hulle daar is. Hier reël elkeen self sy kom en gaan, sy inklim en uitklim, sy staan en sy draai, sy op- en aflaai. Waar is die parkades, die munisipale vervoer en dies meer? Hulle verkoop muti, bliktrommels, streepkomberse, blomme, rondlê perskes, kristalglas en enamel kastrolle sonder vooroordeel. Hier is heilige grond. 'n Nasionale Gedenkwaardigheid, is die tempel nie omsingel nie en die geboue die laaste vuil tande in 'n mond wat nie ophou lag vir die meesterbeplanners nie: “Plan man can, but no man can plan man”.

Pretoria het sy “Braak” wat vandag 'n belangrike rol kan speel in ander gemeenskappe se lewe. Net soos 'n moderne winkelsentrum met sy eet, koop, rus en geselsplekke. Hier word gesit, gestaan en die besigheid van besigheid net geniet. Volgens alle definisies is die “Braak” niks anders as 'n onbeboude ruimte nie. Die onbewerk of in entrepeneursterme: onontwikkel. Waarom word dan nie iets daaraan gedoen nie. Is dit miskien die gekkigheid van politici, akademici beplanners, en ontwikkelaars. Of moet die studente hiervoor verantwoordelikheid aanvaar?

30 Mei 1991

## 7.3 NOORDWESTELIKE KWADRANT LOUW VAN BILJON

Louw van Biljon is 'n senior lektor in die Departement Stads- en Streekbeplanning aan die Universiteit van Pretoria. Hy het die kwalifikasies B Art et Scien (Beplanning) en MEP (Urban Design) onderskeidelik aan die PU vir CHO en Wits behaal.

Die noord-westlike kwadrant (noord van Kerk- en wes van Paul Krugerstrate) van die sentrale gebied van Pretoria, kan met reg as die smeltkroes van die stad beskou word, dit was so in die vroegste tye van die stad se ontstaanegeskiedenis en het vandag nog steeds daardie gees.

Die eerste twee besighede van Pretoria – Austen's en Churchill and Evans – ie in 1857 op die noord-westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein gevestig (waar die Hoofposkantoor vandag staan). Die eerste skool is in 1860, op die terrein waar die Paleis van Justisie vandag staan, gebou. Die eerste administratiewe geboue is wes van Kerkplein en Paul Kruger se huis is in 1884, aan Kerkstraat-wes, opgerig.

Benewens bogenoemde ontwikkeling van die destydse “establishment”, het die gebied sy kosmopolitaanse karakter verkry met die stigting van skoolplaatz – die “lokasie” vir swart arbeiders – noord van Boomstraat en oos van Steenovenspruit, die opmeting van die Asiatiese Bazaar en van die “Cape Boys Location” in 1889. 'n Omgewing met 'n karakter van die diversiteit het dus ontstaan: woon- en werkplekke was gemeng en die gebied het gespog met blanke, swart, Maleier, Indiër, kleurling en Chinese inwoners. Die Chinese skool is in 1934, aan Boomstraat, gevestig. Die fisiese weefsel van die gebied het bogenoemde kompleksiteit van die sosiale weefsel weerspieël, enkel- en skakelhuise, klein winkeltjies met woonstelle bo-op, geboue na die straat gekeer en die straat as buitenshuise leefruimte, was kenmerkend. Pretoria het waarskynlik nie nog 'n buurt wat eienskappe van ware stedelikheid so weerspieël het, gehad nie.

Die gebied se verlede word egter soms ge-oorromantiseer. Reeds in 1919 is opgemerk dat (veral in Marabastad) daar algemene toestande van verval voorgekom het en dat die gebied “onhigiënies” was. Nietemin, dat dit 'n gebied met spesiale karakter was, is onbetwisbaar.

Die Aspoestertjie-beeld van die noord-westlike kwadrant het egter algaande sterker geword: Skoolplaatz is “opgeruim” en die stadsraad het in die 1940's begin met slumopruiming. Verskeie proklamasies is uitgevaardig om verdere vestiging van “anderskleuriges” te verhoed en die fisiese en sosiale weefsel is toenemend verweer deur, onder andere, die implementering van die doelwitte van die Groepsgebiedwet (1966), die deurpadvoorstelle (1967) en die verklaring van die sogenaamde “bevriesde gebied” (1969) deur die destydse Departement van Gemeenskapsbou, vir slumopruiming en herontwikkeling.

Die bevriesde gebied beslaan 24 straatblokke, waarvan 16 in die noord-westelike kwadrant geleë is. Benewens die ontwikkeling van die Schubartpark en Krugerpark woonstelkomplekse, het daar sedert 1969, feitlik geen nuwe ontwikkelings plaasgevind nie. Die skaal van bogenoemde twee komplekse is ook in direkte kontras met die skaal van eertydse stadsweefsel.

Slegs die besighede langs Boomstraat en 'n klein deel van die oorspronklike, fyn grein van Marabastad, het behoue gebly as tiperend van 'n era van stedebou in Pretoria wat die werklike essensie van stedelikheid uitbeeld.

15 Julie 1991

## 7.4 STEDELIKE HERNUWING REINIER VISSER

Reinier Visser is verbonde aan GAPS, 'n praktyk wat argitektuur, stadsontwerp en stedelike beplanning beoefen. Hy het die grade B Arch en MCPUD onderskeidelik aan UP en UCT behaal en is nou betrokke by stedelike hernuwing in Kaapstad.

### AGTERGROND

Hierdie verslag is geskryf teen die agtergrond van die sloping van groot gedeeltes van die noordwestelike kwadrant van die Pretoriase middestad en die stedelike hernuwing wat daarmee saam beplan was. Dit het alles plaasgevind teen die laat sestigerjare, en as 'n mens vandag na hierdie gebied kyk, wat prima grond is vir enige gebruik as gevolg van ligging, dan wonder 'n mens wat skeefgeloop het. Daar is geen sin daarin om nou sondebokke te probeer uitsoek nie, maar laat ons liewer probeer om iets daaruit te leer. Om hierdie rede word daar eerder abstrak na die hele probleem gekyk, met 'n paar geïmpliseerde verwysings na hierdie spesifieke gebied.

Vir die doel van hierdie skrywe word stadsbeplanning en stadsontwerp in dieselfde kategorie geplaas omdat die beginsels onder bepreking op beide dissiplines van toepassing is.

### WAT IS STEDELIKE VERNUWING

Stedelike vernuwing is 'n beginsel wat net so oud soos die stad self is. Stede is dinamiese entiteite wat van tyd tot tyd herbou word. Daar is nooit 'n “klaar” stadium in die lewe van 'n stad nie. In die verlede is stede of dele van stede vernietig deur brand (byvoorbeeld Londen in 1666), of deur oorloë, en na so 'n ramp het die inwoners van die stad die geleentheid gehad om die stad te herbou en was dit ook moontlik om verskeie sosiale- en beplanningsprobleme, wat voor die ramp reeds daar was, reg te stel. Dan was daar ook 'n derde manier hoe stedelike vernuwing sou plaasvind, naamlik deur politieke ingryping. Daar is ook menige voorbeelde hiervan, met Parys van Napoleon III seker die bekendste. Die redes vir politieke ingryping wissel van die mees diaboliese tot die filantropiese. Dit is hierdie vorm van stedelike vernuwing waarmee ons die meeste te doen kry, en waaroor hierdie skrywe handel.

Verskeie teorieë word voorgehou waarom dele van stede agteruitgaan. Dit is voldoende om te aanvaar dat daar 'n verskeidenheid van komplekse sosio-ekonomiese faktore is, onder andere werkloosheid, bevolkingsverskuiwings en veranderende mikro- en makro-ekonomiese milieus. Die kombinasie van faktore gaan egter verskillend wees vir elke geval. Dan moet ons ook aanvaar dat daar verskillende interpretasies is van wat die probleme is, en hoe dit aangepak moet word. Vir een persoon is dit 'n huis, vir 'n ander persoon is dit 'n slum, of dalk 'n skilderagtige buurt.

Dertig jaar gelede het die term stedelike vernuwing beelde van 'n utopiese toekoms opgeroep. Vyftien later het dit sinoniem geword met grou ghetto's, sosiale verval, vandalisme en geweld. Wat het verkeerd gegaan? Daar is hoofaaaklik twee interafhanklike oorsake wat aanleiding gegee het tot hierdie toestand: die beplanningsmetodiek wat gevolg is aan die een kant, en die beplanningsteorie wat dit ondersteun het aan die ander kant.

Hierdie probleme is egter nie uniek aan Suid-Afrika nie, maar was 'n internasionale tendens, en daarom behoort ook na internasionale presedente verwys te word.

## BEPLANNINGSMETODIEK

Dit is nodig om onderskeid te tref tussen beplanningsmetodiek en beplanningsteorieë. Eersgenoemde gaan oor hoe beplanners hul werk doen, terwyl laasgenoemde gaan oor substantiewe teorieë wat leiding gee in die beplanningsproses.

Gedurende die sestigerjare was Sistemiese beplanning, beter bekend as Hoofstroombeplanning, die algemene tendens. Hierdie beplanning was gebaseer op empiriese metodiek (of te wel positiwisme), wat bepaal het dat slegs kennis en inligting wat gemeet kan word geldig is. Waardes, emosies, estetika en andere was nie beskou as geldige insette nie aangseien dit nie gekwantifiseer kan word nie. Te alle tye moes wetenskaplike metodes gebruik word, selfs wat die sosiale wetenskappe betref, sodat alle oplossings op rasionele teorie gebaseer kon word. Die rekenaar het 'n groot rol gespeel met die statistieke, analise, vooruitskattings en evaluasies. Dit het beplanners in staat gestel om hulle besluite en aksies te regverdig omdat dit op “wetenskaplike” maniere bepaal was. Beplanners kon hulle dus daarop roem dat hulle a-polities en demokraties optree.

Om hierdie sisteem te kritiseer hoef 'n mens maar net na die klaaglike mislukking van dié era te gaan kyk. Elke land en stad het sulke voorbeelde met die skouspelagtigste mislukking seker Pruitt-Igoe in St. Louis, VSA. In Suid-Afrika is die bekendstes, maar nie die enigstes nie, Distrik 6 in Kaapstad, Triomf in Johannesburg (as daar ooit 'n ironiese verwysing na Verwoerdiaanse dogma was, dan lê dit opgesluit in hierdie benaming) en dan ook die noordwestelike kwadrant van Pretoria.

Die grootste kritiek teen hierdie sisteem is die gesentraliseerde besluitneming wat gesetel was in die burokrasie. Weinig of geen aandag is gegee aan die sosiale behoeftes van die gemeenskap wat betrokke was by die vernuwing nie. Gemeenskappe was ontwortel en elders gehuisves terwyl die hele gebied plat gestoot is om vir massabehuising voorsiening te maak. In die proses was die spreekwoordelike baba saam met die badwater uitgegooi. Die infrastruktuur en fyngrein stadsweefsel het in die proses verlore gegaan. Die besluitneming was dikwels ook nie so a-polities as wat voorgegee is nie. In Suid-Afrika was stedelike vernuwing menig male gebruik as 'n instrument in die hande van die politici om die laer inkomstegroepe wat naby die SBG gewoon het, maar nie tot die regte ras behoort het nie, op 'n maklike manier te verwyder deur 'n gebied tot slum te verklaar en dan plat te stoot as 'n aksie van stedelike vernuwing. Die mense wat uit die gebied verwyder is, is op die buitewyke van die stad gehuisves waar dit uit die oog was en aanvaarbaar was om in slums te bly.

'n Verdere kritiek teen Hoofstroombeplanning is die onbuigsaamheid daarvan. Dit was maklik om dit gedurende die ekonomiese opswaai van die sestiger- en sewentigerjare toe te pas, maar feitlik onmoontlik gedurende die wêreldwye resessie van die jare tagtig. Die gebrek aan openbare deelname aan besluitneming het ook gelei tot groot weerstand van die gemeenskap. Daar was verder geen aanspreeklikheid vir die beplanner nie – wat met 'n simplistiese benadering tot sosiologie en karige inligting tot sy beskikking besluite kon of moes neem waarin versteekte agendas verdoesel was deur 'n massa tegnokratiese jargon.

## BEPLANNINGSTEORIEË

Saam met Sistemiese beplanningsmetodiek was die ingenieursbenadering tot stedelike vernuwing 'n populêre teorie wat groot aanhang geniet het. Die suksesvolste toepassing hiervan vind ons in Haussmann se plan vir Parys onder Napoleon III. Paaie is as instrument tot die herstrukturering van Parys gebruik omdat dit die enigste publieke aktiwiteit was wat genoeg mag en finansiering gehad het om soveel eiendom te onteien. Behalwe die militêre redes waarom Napoleon ingegryp het in die

beplanning van die stad was daar verskeie humanitêre redes (wat op die ou end van meeste waarde was vir die stad): die beheer van siektes soos cholera deur die bou van 'n rioolstelsel; die verligting van die werkloosheidsprobleem en die gevolglike stimulasie van die ekonomie; verligting van verkeersprobleme; om uiting te gee aan Napoleon III se visie om Parys die mooiste stad ter wêreld te maak.

Haussmann het gepoog om sy plan so vinnig moontlik te implimenteer sodat dit nie skipbreuk kan lei weens verhoogde eiendomswaarde as gevolg van vorige werk wat gedoen is nie. Hy het moontlik ook besef dat hy op baie dun ys loop en wou sodoende so veel moontlik doen voordat hy teenstand begin kry – wat toe ook gebeur het. Ten spyte van die ondemokratiese wyse waarop die plan geïmplimenteer is, was dit tog met welslae omdat daar 'n suksesvolle skakeling van openbare werke met ekonomiese kragte plaasgevind het. Die veelvuldige aard van die doelstellings wat bereik wou word, het ook meegehelp. Dit was 'n drastiese ingryping omdat die aard van die probleme dit vereis het.

Hierdie benadering, met sy utopiese inslag, het groot aanhang geniet onder die puriste wat kragdadig ingegryp het in die stad om al wat sosiale euwel was te elimineer. Simplistiese benaderings is voorgehou om die komplekse probleme van die stad op te los. 'n Sprekende voorbeeld van so 'n projek wat misluk het is Lucio Costa se plan vir Brasilia, wat so eenvoudig was dat dit op die agterkant van 'n sigaretdosie geteken kon word. Die puristiese en kristalyne konsep-idee kon egter nie die kompleksiteit en dinamiek van die stad akkommodeer nie. 'n Soortgelyke voorbeeld is Le Corbusier se plan vir Chandigarh.

Een verklaring vir hierdie neiging tot simplistiese oplossings is dat dit makliker vir die beplanner (wat natuurlik nie in die gebied woon nie) is om sy plan aan die burokrate te verduidelik. 'n Instrument wat ingespan is tot die verdere vereenvoudiging van die kompleksiteit van die stad, was die soneringsplan wat grondgebruike in netjiese pakkies ingedeel het. Dit is juis hierdie idee van netheid en om alle probleme in netjiese vakkies te hê wat vir die burokrasie so aantreklik was – daar is dikwels konflik tussen die konsep van 'n “mooi en netjiese” stad, en die stad waar mense kan leef en oorleef.

Kritiek teen die ingenieursbenadering gaan oor die feit dat dit slegs deur 'n sentrale owerheid geïmplimenteer kan word; dit is ondemokraties van aard; alhoewel dit suksesvol mag wees in sommige gevalle, kan dit onvanpas wees in ander – min owerhede het dit egter besef; die sisteem is te onbuigsaam om aan te pas by veranderende probleme; dit lei tot eenvoudige en simplistiese oplossings soos byvoorbeeld die sloping van groot gedeeltes van die stad – hierdie tipe oplossing vererger gewoonlik die toestand.

Gedurende die sestigerjare was daar ook 'n beweging weg van hierdie tipe beplanning na 'n humanitêre benadering onder aanvoering van onder andere Jane Jacobs, Christopher Alexander, Kevin Lynch, Colin Rowe en Dave Crane. Dit het 'n rewolusie teen hoofstroom benaderingmetodiek asook die ingenieursbenadering tot ontwerp ontketen, en het algemeen bekend gestaan as die Vietnam van stadsbeplanning. Die beginsels wat gepropageer was, het die leemtes in die status quo aangespreek. Dit kan kortliks opgesom word as die aanmoediging van mengbruik, fyngrein ontwikkeling, vermyding van toringblokbehuising, inkrementele groei en verandering, hoë konsentrasies mense, die daarstelling van 'n hiërargiese struktuur en publieke deelname. Spesifiek wat stedelike vernuwing betref, word 'n meer geïntegreerde benadering gevolg waar aandag gegee word, nie net aan behuising nie, maar ook die verskaffing van werksgeleenthede, publieke vervoer, opvoeding, ensovoorts. Hierdie beginsels is gebaseer op historiese presedent van die “natuurlike” proses van hoe dorpe en stede groei en ontwikkel het, en die spesifieke kwaliteit van hierdie plekke.

Uit hierdie presedente het Crane sy teorie van die stad van 'n duisend ontwerpers geformuleer.

'N TOEKOMSVISIE

Hierdie was 'n baie oorsigtelike opsomming van die twee probleemareas en hoe dit internasionaal aangespreek word, maar nieteenstaande dit alles, is die stad so 'n komplekse entiteit, dat die diedissiplines van stadsontwerp en stadbeplanning se belangrikste bydrae moontlik slegs die voorkoming van reuse flaters kan wees. Dit klink miskien baie pessimisties, of soos 'n ontduiking van pligte, maar as ons die geskiedenis van stadsbeplanning in oënskou neem, dan is dit dalk die beste (hoewel nie die maklikste nie) bydrae wat hierdie professies kan maak tot die gemeenskap. Ongeag van hoe goed die beplanning is, of hoeveel navorsing gedoen is of hoe akkuraat die vooruitskattings is, is dit onmoontlik om al die kragte wat inwerk op die stad te repliseer of te beheer. Dit is dan juis inkrementele groei, eerder as die "groot meesterplan" wat die beste teenvoeter hiervoor is. Indien 'n verkeerde rigting ingeslaan was, kan dit maklik reggestel word en is die skade, indien enige, nie so groot nie. Stedelike vernuwing is as't ware 'n daad van geloof waar die verbeelding van mense aangegryp moet word, inter alia die inwoners, besigheidslui, finansierders, ontwikkelaars en alle ander belangegroepe. Dit is juis om hierdie rede dat die projek 'n menslike tema moet hê waar menslikheid in sy breedste betekenis gesien moet word. Met so 'n visie, en met die energie van die 'duisend ontwerpers', kan die gefragmenteerde publieke ruimte herstel word in 'n beboude vorm wat 'n bydrae lewer tot die beeld van die hele stad, en om dit 'n plek van bevryding te maak eerder as een van onderdrukking.

1 Augustus 1991

# 8. BIBLIOGRAFIE EN ANDER BRONNE


- ALLEN, V. 1971. Kruger's Pretoria. Cape Town: Balkema.
- ANDREWS, T. & Ploeger, J. 1989. Straat- en plekname van ou-Pretoria. Pretoria: Van Schaik.
- BASSET, B. 1982. Cataloguing and conservation in Pietermaritzburg. Cape Town: NMC.
- BASSET, B. 1985. Conservation and development in Pietermaritzburg. Pietermaritzburg: NMC.
- BAILEY, A. 1989. Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika 1899-1919: sosiale bymekaarkomplek in Pretoria. Museum Memo. vol 15 no 4. November:15-7.
- CAPE Provincial Institute of Architecture. 1978. The buildings of Central Cape Town. 2vols. Cape Town.
- CITY of Melbourne. 1985. Urban conservation in the City of Melbourne. Melbourne.
- CRANE, D A. 1960. The dynamic city. Architectural Design, April 1960: 158-162.
- CRANE, D A. 1960. The city symbolic. Journal of the American Institute of Planners, November 1960: 280-292.
- DUNSTON, L. 1975. Young Pretoria 1889-1913. Pretoria.
- FRANSEN, H. 1981. Drie eeue kuns in Suid-Afrika. Pietermaritzburg: Anreith.
- GREIG, D. 1971, A guide to architecture in South Africa. Cape Town: Howard Timmens.
- HARROP-ALLIN, C. 1975. Norman Eaton architect. Cape Town: Struik.
- HUGO, T. 1987. Die museum in 1906. Museum Memo, vol 13 no 3. Augustus:l4-6.
- KEARNEY, B. 1984. A revised listing of the important places and buildings in Durban. Durban: City Council.
- KUIJERS, A. & Smit, D.M. 1985. Pretoria 'n oorsiglys van geboue in die binnestad en ander kontrolelyste. Potchefstroom: Departement Kunsgeskiedenis PU vir CHO.
- LE ROUX, S W. 1990. Plekke en geboue van Pretoria, Vol 1. Pretoria: PAV.
- MEIRING, H. 1980. Pretoria 125. Kaapstad: Human & Roesseau.
- NATIONAL Trust for historic preservation. 1976. A guide to delineating edges of historic districts. Washington: Preservation Press.
- OSTROWSKI, W. s.a. Historic areas in city planning present trends. Paris: Centre de Recherche d'urbanisme.
- PICTON-SEYMOUR, D. 1977. Victorian buildings in South Africa. Cape Town: Balkema.
- PICTON-SEYMOUR, D. 1989. Historical buildings in South Africa. Cape Town: Struikhof.
- PIETERMARITZBURG City Council. 1986. The buildings of Pietermaritzburg. Pietermaritzburg.
- STADSRAAD van Pretoria. 1952. Eeufees-album Pretoria se eerste eeu in beeld. Pretoria: Van Schaik.
- STADSRAAD van Pretoria. 1991. Pretoria Kultuurroete: stadskernroete. Brosjure.
- VAN DER WAAL, G-M. 1981. Enkele riglynvoorstelle vir die identifisering en lysting van betekenisvolle elemente in die mensgemaakte omgewing. Restorica, no 10: 33-40.

ARGITEKFIRMAS

- Louis Boshoff
- Burg Doherty Bryant & Vennote
- Daneel Smit & Vennote
- Johan de Ridder
- Gallagher Aspoas Poplak Senior
- Holm Jordaan Holm
- Interplan
- Joubert Owens en Van Niekerk
- Daan Kesting & Vennote
- Murray, Pokroy & Vennote
- MV3
- Brian Sandrock
- C B Swanepoel
- Tectura Argitekte
- Van Rensburg en Bodenstein
- Hendrik Vermooten
- Hendrik Vermooten Du Plooy & Oosthuizen
- Stauch Vorster

NAVORSERS

- M Naudé, Nasionale en Kultuurhistoriese Museum
- J Walker, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- T van der Merwe, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
- R van Rensburg, NHK-argief

STADSRAAD VAN PRETORIA

- Planafdeling
- Fototeek

ANDER

- Boulevard Hotel
- Aktekantoor, Departement Openbare Werke en Grondsake
- Departement Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Volksraad
- Poskantoor, Argiteksafdeling
- Staatsargief, Pretoria
- Anton Swanevelder, Stadsraad van Paarl

BYLAE 1: Aanstellingsbrief van die Stadsraad van Pretoria

**Stadsraad van Pretoria**

AFDELING
STADSBEPLANNING EN ARGITEKTUUR
MUNITORIA
VAN DER WALT-STRAAT
POSBUS 3242
TELEFOON 313-7911
TELEKS: PRETORIA STADSKLERK,
MUNITORIA 321955 SA

**RIG ASSEBLIEF BRIEWE AAN DIREKTEUR**

**City Council of Pretoria**

DEPARTMENT OF
TOWN PLANNING AND ARCHITECTURE
MUNITORIA
VAN DER WALT STREET
PO BOX 3242
TELEPHONE 313-7911
TELEX: PRETORIA TOWN CLERK,
MUNITORIA 321955 SA

**PLEASE ADDRESS LETTERS TO DIRECTOR**

Ons verw No / Our Ref No: TPA 53/0/7

Navrae aan / Enquiries to: H.F. DE WET

4480T

22 September 1989

Die firma Schalk le Roux, Uys,
Kruger Argitekte BK
Posbus 35853
0102 MENLO PARK

Menere

AANSTELLING AS KONSULTANT VIR DIE OPSTEL VAN 'N INVENTARIS VAN GEBOUE EN PLEKKE VAN HISTORIESE EN ARGITEKTONIESE WAARDE

Die Bestuurskomitee het die aanstelling van u firma as konsultant om 'n inventaris van geboue en plekke van historiese en argitektoniese waarde in Pretoria op te stel, goedgekeur.

Agtergrond

Die aanstelling spruit voort uit die lystingsaksie wat die Pretoria Argitektuurvereniging oor die afgelope 3 jaar geloods het en die hersiening van die Pretoria Struktuurplan. Laasgenoemde word deur 'n konsortium stadsbeplanningskonsultante onderneem en daar word spesifieke aandag geskenk aan die stadsbeeld van Pretoria. Bewaringselemente is noodwendig van groot betekenis vir die karakter en beeld van die stad.

Ten einde sodanige elemente te identifiseer, word kundiges se insette deur middel van uitkennings-, navorsings- en lystingsaksies benodig. Dié lysting van bewaringswaardige elemente wat deur u onderneem sal word, moet as die voortsetting van die lystingsaksie waarmee die Pretoria Argitektuurvereniging reeds besig is, beskou word.

Die lys sal as hulpmiddel dien vir die bepaling van 'n beleid rakende bewaring in die stadsomgewing, wat onder andere in die Struktuurplan onder die "Stadsbeeld"-gedeelte opgeneem sal word.

/...

Die lystingsaksie

Die volgende kriteria sal, waar van toepassing, in die lystingsaksie= gebruik word:

1. ARGITEKTONIES/TEGNIES

Inherente ontwerpgehalte.

Belangrike voorbeeld van geboutipe.

Belangrike voorbeeld van styl/periode.

Belangrike voorbeeld van boutegnieke/ontwikkeling.

Keurige detail/vakmanskap.

Ouderdom.

Pionier- of meesterargitek of -bouer.

2. FISIES/EKONOMIES

Integriteit van die geheel.

Integriteit en ongeskondenheid van detail.

Strukturele toestand.

Toepaslikheid van huidige gebruik.

Funksionele en ekonomiese herbruikbaarheid.

3. KONTEKSTUEEL

Landmerk.

Gebouegroep/tuin/mure/heinings op terrein.

Bydrae tot buurtkarakter.

Bydrae tot karakter van straat/oop plek.

Deel van belangrike groep geboue.

/...

4. HISTORIES/KULTUREEL/MAATSKAPLIK

Assosiasie met persone/groepe/gebeure/bewegings.
Assosiasie met godsdienstige/sosiale/ekonomiese/politieke bedrywighede.
Assosiasie met gemeenskapsentiment.
Van nasionale of plaaslike betekenis/enigheid.
Illustreer historiese periode.

Die voltooiing van die detail lystingsaksie in die middestad, (Sel 24) 'n gedeelte waarvan, soos reeds gemeld, deur die Pretoria Argitektuurvereniging gedoen word, sal voorkeur moet geniet. Ander gebiede sal daarna op 'n ad hoc grondslag na gelang van behoefte byvoorbeeld as gevolg van uitermate druk van ontwikkeling of bedreiging as gevolg van hersoneringsaansoeke, behandel moet word. Weens die beperkte fondse tot ons beskikking sal hierdie gebiede nie in dieselfde mate van detail as die middestad behandel kan word nie. Die klem van dié ad hoc ondersoeke sal wees op die identifisering van beide besondere omgewings en individuele geboue wat bewaar behoort te word.

Gebiede wat op hierdie grondslag aandag kan verg is byvoorbeeld die volgende:

Arcadia/Sunnyside
Riverdale
Stasie omgewing
Goede Hoop-omgewing
Stadsmeer-omgewing

Beheer oor uitvoering van die opdrag.

My Afdeling sal die nodige beheer oor die projek uitoefen deur onder andere die bepaling van prioriteite ten opsigte van die voormelde ad hoc ondersoeke, die beheer oor uitgawes vir professionele gelde en koste in verband met die opdrag, asook verslagdoening aan die Raad oor vordering.

Werkprogram en koste:

Die uitvoering van die opdrag sal na verwagting oor die finansiële jaar strek wat op 30 Junie 1990 ten einde loop. Die omvang van dit wat uitgevoer kan word is natuurlik afhanklik van die fondse wat vir die taak begroot is. 'n Bedrag van R25 000 is vir hierdie doel op die 1989/90-begroting voorsien.

Die uwe

n DIREKTEUR VAN STADSBEPLANNING EN ARGITEKTUUR
/pfg



ISBN 0 620 16179 5